

DIE METING VAN DIE EKONOMIESE ONTWIKKELINGSPEIL

deur

STEFANUS JACOBUS VAN DER MERWE

*verhandeling ingedien vir die gedeeltelike
nakoming van die vereistes vir die graad*

MAGISTER COMMERCII
(EKONOMIE)

in die

FAKULTEIT EKONOMIESE WETENSAPPE

aan die

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT
vir
CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS

Leier : Dr. L. A. VAN WYK

POTCHEFSTROOM
Januarie 1978

DANKBETUIGING

Met die voltooiing van hierdie studie is dit my voorreg om dank aan almal te betuig wat my behulpsaam was.

Aan my leier, Dr. L.A. van Wyk my opregte dank vir sy leiding.

Mev. A. Kay vir die tikwerk en Mnr. C. Müller vir die druk- en bindwerk van die verhandeling.

Aan ons ouers vir die aanmoediging en ondersteuning deur die jare. Besondere dank en waardering aan my vrou vir haar opoffering en onderskraging.

AAN HOM ALLEEN DIE EER.

Die Skrywer

Potchefstroom

Januarie 1978

INHOUDSOPGAWE

1.	Inleiding	1
1.1	Probleemstelling	1
1.2	Ekonomiese ontwikkeling en groei	3
1.3	Ontwikkelde en minder-ontwikkelde lande	6
1.3.1	Omskrywing en begripsbepaling	6
1.3.2	Onderskeidende eienskappe	7
1.3.2.1	Landbouproduksie	7
1.3.2.2	Ontoereikendheid van die ekonomiese X struktuur en die tekort van essen= siële produksiefaktore	10
1.3.2.3	Owerheidsadministrasie en -beleid	10
1.3.2.4	Demografiese en sosiale probleme	10
1.3.2.5	Lae produktiwiteitspeil	13
1.3.2.6	'n Hoë en stygende werkloosheidsvlak X	14
1.3.2.7	'n Lae lewenstandaard en afhanklikheid in internasionale verhoudings	14
1.3.2.8	Produksietoestande X	16
1.3.3	Gevolgtrekking	16
1.4	Die meting van ekonomiese ontwikkeling	17
1.5	Doel en metode	18
2	Bruto nasionale produk per capita as maatstaf van die ekonomiese ontwikke= lingspeil	20
2.1	Inleiding	20
2.1.1	Omskrywing van bruto nasionale pro= duk per capita as maatstaf	20
2.1.2	Doel en metode	23
2.2	Nasionale produksie	24
2.2.1	Bruto nasionale produk	25
2.2.1.1	Waarde-eenhede	26
2.2.1.2	Kwaliteit	29
2.2.1.3	Doel	29
2.2.1.4	Ekologie	29
2.2.1.5	Nie-verhandelde produkte	30
2.2.1.6	Vrye tyd	31
2.2.1.7	Berekeningsmetodes	32
2.2.1.8	Prysbepling	32
2.2.1.9	Distribusie	32

2.2.2	Aspekte van welvaart	33
2.2.2.1	Arbeidsverskille X	33
2.2.2.2	Omgewingsfaktore	34
2.2.2.3	Aanwending	34
2.2.2.4	Behoeftes	35
2.2.2.5	Tegnologie	36
2.2.3	Die oorskatting van reële inkomste	36
2.2.3.1	Interne en eksterne verdediging	36
2.2.3.2.	Reiskoste	37
2.2.3.3	Onderwys X	37
2.2.3.4	Nuusmedia	38
2.2.3.5	Medisyne	38
2.2.3.6	Vakansies	39
2.2.3.7	Ekologie	39
2.2.3.8	Innovasies	39
2.3	Bevolking	41
2.3.1	Omvang	41
2.3.2	Enkele probleme van die bevolking veral ten opsigte van minder-ontwikkelde lande	44
2.3.2.1	Afhanklikheidslas	44
2.3.2.2	Arbeidsmag X	45
2.3.2.3	Digtheid	45
2.3.3	Nie-monetêre aanwysers	46
2.3.4	Gevolgtrekking	47
2.4	Wisselkoerse	47
2.4.1	Soorte	48
2.4.1.1	Relatiewiteit	48
2.4.1.2	Algemene geldeenheid	48
2.4.2	Probleme	48
2.4.2.1	Ewewigskoers	49
2.4.2.2.	Tariewe en vervoerkoste	49
2.4.2.3	Pryverskille	50
2.4.2.4	Nie-verhandelde produkte	50
2.5	Die tekortkominge van per capita produk as maatstaf	51
2.5.1	Inspanning en natuurlike bronne X	51
2.5.2	Verbruik per capita	52
2.5.3	Distribusie van inkomste X	53
2.6	Samevatting	53

3	Die distribusie van inkomste	55
3.1	Inleiding	55
3.2	Armoede *	57
3.3	Begripsprobleme X:	58
3.3.1	Behoeftes	59
3.3.2	Die bepaling van inkomste	59
3.3.3	Tydsperiode	60
3.3.4	Inkomste-ontvangers	60
3.3.5	Akkuraatheid	60
3.3.6	Vergelykings	61
3.4	Die distribusie van nasionale inkomste	61
3.4.1	Omskrywing	61
3.4.2	Die belangrikheid van ongelyke inkomstedistribusie	64
3.4.3	Gevolgtrekking	68
3.5	Die meting van inkomstedistribusie	68
3.5.1	Persoonlike-of die grootte van die inkomstedistribusie	68
3.5.1.1	Lorenz-kromme	70
3.5.1.2	Die Gini-koëffisiënt en totale meting van ongelykheid	72
3.5.2	Funksionele distribusie	72
3.5.3	Ander metodes	73
3.6	Ekonomiese groei en inkomstedistribusie	73
3.7	Wêrelddistribusie van inkomste	76
3.7.1	Internasionale vergelykings	76
3.7.2	Internasionale verskille in inkomstepeile	78
3.8	Die verandering van inkomstedistribusie	80
3.9	Samevatting	82
4	Sosiale aanwysers	84
4.1	Inleiding	84
4.2	Probleme van sosiale aanwysers	86
4.2.1	Verwantskap	86
4.2.2	Opsigtelike gebreke	86
4.2.3	Keuse	87
4.2.4	Verandering	89
4.2.5	Meetbaarheid	89
4.3	Welvaartsaanwysers	91

4.3.1	Inleiding	91
4.3.2	Die omvang van welvaartsaanwysers	92
4.3.3	Kenmerke wat vir welvaartsaanwysers vereis word	94
4.3.3.1	Eienskappe	94
4.3.3.2	Numeriese waardes	95
4.3.3.3.	Ongelykheid	95
4.3.4	Waardebeoordeling	96
4.4	Enkele empiriese studies	100
4.4.1	Beckerman en Bacon	101
4.4.2	UNRISD	102
4.4.3	Adelman en Morris	103
4.4.3.1	Sosiaal-kulturele aanwysers	104
4.4.3.2	Politieke-aanwysers	105
4.4.3.3	Ekonomiese-aanwysers	106
4.5	Politieke ontwikkeling	107
4.6	Samevatting	109
5	Die rol van ontwikkelingsbeplanning X	110
5.1	Inleiding	110
5.1.1	Omskrywing van beplanning	111
5.2	Die noodsaaklikheid van beplanning	112
5.3	Die metode van beplanning	114
5.4	Die doel van beplanning	116
5.4.1	Ekonomiese doelstellings	119
5.4.2	Sosiale doelstellings	120
5.4.3	Tydsgebonde doelstellings	122
5.5	Instrumente van beplanning	123
5.6	Implimentering en organisasie	124
5.6.1	Organisasie	124
5.6.2	Implimentering	126
5.7	Gevolgtrekking	127
6	Slot	129

LYS VAN TABELLE

1.1	Bevolking, arbeidsmag en produksie in ontwikkelde en minder-onwikkelde lande in 1970	8
1.2	Samestelling van wêrelduitvoer (1971); (Per-sentasie van vervaardigde en primêre produkte)	9
1.3	Benaderde jaarlikse geboortekoerse per duisend inwoners	11
2.1	Bevolking (1968), BNP per capita (1968) en die gemiddelde jaarlikse groeikoers (1961 - 68) van enkele lande	22
2.2	Bruto nasionale produk teen markpryse en teen konstante prys in R-miljoen	27
2.3	Geboorte- en sterftekoerse van 'n aantal lande (1967 - 1968)	42
2.4	Die lewensverwagting en persone per dokter in 'n aantal lande	46
3.1	Die gedeelte van geldinkomste van familie-eenhede van die V.S.A.	56
3.2	Klassifikasie van enkele lande volgens per capita inkomste en ongelykheid	63
3.3	Uitgawe- en produksiepatrone van 'n hipotetiese ekonomie	65
3.4	Uitgawe- en produksiepatrone van 'n vyf-persone en twee-produkte ekonomie	66
3.5	Die effek van 'n toenemende bruto nasionale produk en hoër per capita inkomstes op vraag en produksie	67
3.6	Die grootte van inkomstedistribusie	69
3.7	Opleiding en gemiddelde verdienste van 'n leeftyd in die V.S.A.	80
4.1	Die kies van 'n gesondheidsaanwyser	88
4.2	Die koste van produkte (1936) wat vir minimum behoeftes nodig is	98
4.3	Verbruik per capita in enkele lande	102

GRAFIEKE

2.1	Bruto nasionale produk teen markprys en teen konstante pryse	28
3.1	Produksiemoontlikheidskromme tussen twee groepe produkte	64
3.2	Die Lorenz-kromme	71
3.3	Die graad van ongelykheid volgens die Lorenz-kromme	72
3.4	Die skatting van die Gini-koëffisiënt	72
3.5	Minimum of 'n vakunie loonvloer	81

HOOFSTUK 1

INLEIDING

1.1 PROBLEEMSTELLING

Om die rykdom van 'n land te bepaal, kan die waarde van die geboue, toerusting en grond van die huishouding, ondernemings en owerheid plus die monetêre goud en buitelandse valuta en netto buitelandse bates bymekaar getel word. Persoonlike rykdom sal daarteenoor ook alle eise insluit, soos byvoorbeeld aandele, bankrekenings, ensovoorts. Nasionale rykdom is meer 'n reële rykdom en persoonlike rykdom meer 'n finansiële rykdom. Die vraag is nou egter wat die verband tussen die rykdom van 'n volk en die welvaart van sy inwoners is.

Die aanwending van 'n land se rykdom bring 'n vloei van produksie na vore. Aangesien dit moeilik is om die gemiddelde finansiële rykdom van die inwoners van 'n land te bepaal, word die per capita inkomste gebruik. Dit wil sê, die nasionale inkomste gedeel deur die bevolking. Ekonomiese vooruitgang dra positief tot produksie by, en so tot per capita inkomste en uiteindelik tot die sosiale welvaart en 'n verhoging van die lewenstandaard. 'n Groot fisiese rykdom waarborg nie altyd 'n hoë lewenstandaard nie, byvoorbeeld Indië het die meeste lewende hawe, maar die bydrae daarvan ten opsigte van hulle lewenstandaard (dit bevredig nie al hulle behoeftes nie) is baie kleiner as dié van die V.S.A. (Heilbroner en Thurow, 1975, p. 282).

Ekonomiese ontwikkeling vorm deel van die makro-ekonomie aangesien dit feitlik alle fasette van die ekonomie raak. Dit hou verband met toenemende produktiwiteit en kan aan die toename van produksie gemeet word. Die vraag ontstaan egter of daar op 'n bepaalde tydstip presies gesê kan word wat die peil van ekonomiese ontwikkeling is. Dit is tog belangrik om te kan vasstel of 'n land ekonomies vooruitgaan want dit kan tot 'n verhoging in die lewenstandaard lei. Die mees algemene maatstaf wat gebruik word, is per capita inkomste. Maar dit kan betwyfel word of met behulp hiervan presies gesê kan word of 'n land ontwikkel of minder-ontwikkeld is. Een van die

grootste probleme lê by die ongelyke inkomsteverdeling, omdat as 'n klein gedeelte van die bevolking 'n groot deel van die totale inkomste ontvang, kan die algemene welvaart baie benadeel word.

Wanneer per capita inkomste as maatstaf vir ekonomiese ontwikkeling gebruik word om verskillende lande te vergelyk, moet daar ook van wisselkoerse gebruik gemaak word. Hierdie wisselkoers sal dikwels nie die werklike koopkrag van 'n land weerspieël nie, aangesien invoerbepelkings, subsidies en ander maatreëls veroorsaak dat die wisselkoers van die ewewigskoers afwyk. 'n Verdere probleem ontstaan uit die vraag of mens uit hierdie vergelykende gegewens werklik kan aflei dat een land tot 70 keer meer as 'n ander een ontwikkel is (vergelyk hoofstuk 2, tabel 2.1, p. 22).

Dit blyk dus dat nasionale inkomste data met groot omsigtigheid gebruik behoort te word. Dit is meestal slegs van waarde om neigings aan te toon, maar dit wil nie sê dat dit van geen betekenis is nie.

Ekonomiese ontwikkelingsaanwysers moet dus ontwikkel word om sekere neigings te beskryf; om 'n spesifieke ekonomiese ontwikkelingsituasie te diagnoseer en hierdie neiging en situasie te vergelyk. Dit kan nuttig vir voorspellings en vir beplanning gebruik word, waar sekere doelwitte gestel en gemeet kan word deur die vooruitgang te evalueer. Hierdie aanwysers sal dus verskillende aspekte van ekonomiese ontwikkeling verteenwoordig soos industrialisasie, gesondheid, inkomste-ongelykheid, ensovoorts. Dit kan 'n direkte aanwyser wees soos wat bruto nasionale produk die produksie van produkte en dienste meet. Maar meer dikwels is dit 'n indirekte maatstaf van die meting van enkele nie-meetbare verskynsels, soos die aanwysers van lewenstandaard wat 'n indirekte maatstaf van verskillende aspekte van welvaart aandui.

Voordat die aanwysers van welvaart bepaal kan word, moet daar duidelik verstaan word wat ekonomiese ontwikkeling beteken. Daarom word dit vooraf volledig omskryf. Om die verskil in die ekonomiese ontwikkeling van lande te bepaal, sal die eienskappe van ontwikkelde teenoor minder-ontwikkelde lande

aangedui word. Die meting van die ekonomiese ontwikkelingspeil word kortliks beskryf en laastens word die doel en metode van hierdie studie aangetoon.

1.2 EKONOMIESE ONTWIKKELING EN GROEI

Dit kan gestel word dat in dele van die wêreld soos Asië, Afrika en Suid-Amerika die gemiddelde ekonomiese bestaan materieël nie vir die inwoners vanaf die twaalfde (in sommige gevalle vanaf die tweede) tot die twintigste eeu verbeter het nie. Baie van hulle het inderdaad nog versleg. 'n Voorstelling van die Derde Wêreld se materiële welvaart sal buitengewone stygings en dalings beskryf, maar 'n byna totale afwesigheid van 'n kumulatiewe verbetering (Heilbroner en Thurow, 1975, p. 617).

Materiële welvaart hang saam met produksie en 'n toename in fisiese produksie word ekonomiese groei genoem. Todaro (1977, p. 416) omskryf ekonomiese groei as 'n gelykmatige proses waar die produksiekapasiteit van die ekonomie oor 'n tydperk toeneem om 'n stygende peil van nasionale inkomste teweeg te bring. Vinnige ekonomiese groei was 'n belangrike probleem vir ekonome, beplanners en politici in veral minder-ontwikkelde lande, in die afgelope twee tot drie dekades, omdat dit beskou was as 'n belangrike voorvereiste om die lewenstandaard van die mense te verhoog. Die klem het egter intussen verskuif na probleme van inkomste-ongelykheid, armoede en werkloosheid.

By die begrip ekonomiese ontwikkeling word 'ontwikkeling' met 'n langtermyn proses van volgehoue verbetering of vooruitgang vereenselwig, terwyl die ekonomiese na die materiële dinge verwys. Okun en Richardson (1961, p. 230) definieer ekonomiese ontwikkeling as 'n volgehoue, sekulêre verbetering in materiële welvaart, wat in die toenemende vloeï van produkte en dienste weerspieël word. Ekonomiese ontwikkeling is dus 'n groeiproses van die ekonomiese stelsel waar sodanige strukturele en funksionele veranderinge voorkom dat dit die algemene produktiwiteit, sowel as die lewenstandaard verhoog. Hoewel hierdie definisie in materiële vorm is, het die studie van ekonomiese ontwikkeling ook te doen met sosiale, kultu=

rele en politieke veranderinge wat tot die materiële vooruitgang kan bydra.

Seers het ekonomiese ontwikkeling weer soos volg omskryf (Baster, 1972, p. 22 - 25). Sy vertrekpunt verwys na 'n 'value judgment' aangesien ekonomiese ontwikkeling sinoniem met verbetering is, en hierdie verbetering gemeet moet word. Die vraag is hoe hierdie waardebeoordeling kan plaasvind. Die owerheid kan natuurlike waarde aan ekonomiese ontwikkeling heg. 'n Ander metode is om die ekonomiese ontwikkelingsgang van ander lande te gebruik. Die laaste metode word veral deur modelopstellers gebruik wat veral veranderinge van die funksies van nywerheidslande neem. Seers stel egter dat ... "yet few if any of the rich countries now appear to the outside world as really desirable models". Die gee van waardes is ook vir die individu moontlik indien hy weet wat die nodige voorwaardes vir 'n algemene aanvaarde doel soos die realisering van die potensiaal van die menslike persoonlikheid is. Die eerste absolute noodsaaklikheid hiervoor is genoeg voedsel, daarna volg ook ander basiese benodigdhede soos klere en 'n beskutting. Omdat hierdie produkte pryse het, kan die inkomstepeil as 'n kriterium dien om minimum behoeftes te bepaal.

Dit bring mens by die begrip armoede. 'n Relatiewe begrip van armoede beskryf diegene in 'n gemeenskap as arm indien hulle nie kan deelneem in die aktiwiteite en die lewensomstandighede en geriewe wat in daardie gemeenskap gebruiklik is nie. Hierdie aktiwiteite en gewoontes moet empiries beskryf word en verskil daarom van gemeenskap tot gemeenskap en van tyd tot tyd. Armoede kan dus verminder as die lewensomstandighede verbeter, maar dit sal nie heeltemal verdwyn nie, mits inkomstes meer gelyk gemaak kan word. 'n Tweede basiese noodsaaklikheid waarsonder die persoonlikheid (karakter) van die mens nie kan ontwikkel nie, is 'n betrekking. Dit hoef nie noodwendig 'n besoldigde betrekking te wees nie, maar solank iets gedoen word soos om 'n student te wees, huis te hou, ensvoorts. Om geen rol of werk te vervul nie, beteken die aanhoudende afhanklikheid van ander persone se produksiekapasiteit. Hoewel armoede en werkloosheid aan inkomste gekoppel kan word, is 'n vinnige styging in per-capita inkomste nie genoeg om armoede en werkloosheid te verminder nie. Daar is selfs sekere prosesse van groei wat werkloosheid kan veroor=

saak.

Die direkte skakel tussen per capita inkomste en die aantal persone wat in armoede lewe is die inkomstedistribusie. Dis ongetwyfeld dat armoede vinniger uitgeskakel sal word as die ekonomiese groeikoers deur 'n afname in die konsentrasie van inkomste (dit is waar byvoorbeeld 20 persent van die bevolking die grootste persentasie inkomste ontvang) vergesel word (Baster, 1972, p. 23). Ekonomiese ontwikkeling hou dus verband met armoede, werkloosheid en ongelykheid. Indien aldrie verminder, vorm dit ekonomiese ontwikkeling. Indien aldrie versleg, sal dit vreemd wees as daar van ekonomiese ontwikkeling gepraat word, selfs al het die per capita inkomste gestyg. Dit geld ook ten opsigte van die toekoms. 'n Plan wat geen doelwit vir die vermindering van armoede, werkloosheid en ongelykheid gee nie, kan tog nie as 'n ekonomiese ontwikkelingsplan beskou word nie.

Nasionale inkomste is volgens Seers (Baster, 1972, p. 24) nie totaal betekenisloos nie, maar het veral waarde as maatstaf van die ekonomiese ontwikkelingspotensiaal. Veronderstel twee lande het dieselfde per capita inkomste, maar die een groei vinniger oor 10 jaar. Hier kan die toename in inkomste na die rykes gaan, en kan groei as gevolg van kapitaalintensiewe nywerhede plaasvind sodat die werkloosheidskoers onveranderd bly. In die ander is die groei stadiger, maar werkloosheid verminder en die voordeel vir die lae inkomstegroepe is groter. Volgens die kriterium van Seers vir ontwikkeling het die eersgenoemde minder ontwikkel, maar het wel 'n groter potensiaal, want 'n vinnig groeiende land kan 'n hoër peil van investering handhaaf.

Todaro (1977, p. 97) beskryf ekonomiese ontwikkeling as die proses van verbetering van die kwaliteit van alle mense se lewens. Hy onderskei drie belangrike aspekte van ekonomiese ontwikkeling wat by die genoemde bespreking van ekonomiese ontwikkeling aansluit:

- (i) Die verhoging van mense se lewenstandaard. Dit beteken dat inkomstes en dus die verbruikspeil van voedsel, mediese dienste, onderwys, ensovoorts, deur 'n toepaslike ekonomiese groeiproses verkry moet word;
- (ii) die skepping van gunstige omstandighede vir die verbetering van die inwoners se selfrespek deur die totstandkoming van sosiale, politieke en ekonomiese stelsels en instellings wat die menslike waardigheid en respek bevorder; en
- (iii) die toename van die inwoners se vryheid om te kies deur die vergroting van die reeks keuseveranderlikes, byvoorbeeld 'n toenemende verskeidenheid van verbruiksprodukte en dienste.

'n Mens moet dus presies weet wat ekonomiese ontwikkeling beteken voordat enige betekenisvolle doeleindes daarvoor gestel kan word. Dan eers kan sekere aanwysers gebruik word om hierdie ekonomiese ontwikkeling te meet, want dit het nie net 'n ekonomiese dimensie nie, maar ook 'n politieke en 'n sosiale een. Omdat ekonomiese ontwikkeling so 'n multi-dimensionele karakter besit, moet soveel as moontlik veranderlikes by die meting van die ekonomiese ontwikkelingspeil in aanmerking geneem word. Die veranderlikes word veral duidelik as die kenmerke van ontwikkelde en minder-ontwikkelde lande bekend is.

1.3 ONTWIKKELDE EN MINDER-ONTWIKKELDE LANDE

1.3.1 OMSKRYWING EN BEGRIPSBEPALING

Dit is moeilik om minder-ontwikkelde lande in presiese terme te definieer want alle lande is nog in een of ander stadium van ekonomiese ontwikkeling. Daar is nog geen land wat sodanige stadium bereik het waar geen verdere betekenisvolle verandering aangebring kan word nie. Met ander woorde: ekonomiese ontwikkeling is nie die substitusie van die nuwe vir die oue nie, en dan is die verandering afgehandel nie, maar dit is 'n aanhoudende proses. Daar is geen klaar ontwikkelde land nie, want daar is geen finale geïdentifiseerde eindpunt nie.

Sommige lande is egter ekonomies meer ontwikkel as ander. Die mees algemene onderskeid lê in die verskille van die nasionale inkomste wat deur die per capita inkomste van 'n land weerspieël word. Ontwikkelde lande het 'n hoër per capita inkomste en gevolglik 'n hoër peil van voorspoed en lewenstandaard teenoor die minder-ontwikkelde lande. Vir die doeleindes van hierdie studie sal ontwikkelde lande daardie lande wat 'n hoër peil van voorspoed en lewenstandaard het, insluit, teenoor die minder-ontwikkelde lande wat 'n heelwat laer peil van lewenstandaard handhaaf (dit hou in dat eersgenoemde relatief meer luukse as noodsaaklike produkte verbruik, teenoor laasgenoemde wat meer noodsaaklike as luukse produkte verbruik).

'n Ontleding van die eienskappe van ontwikkelde teenoor minder-ontwikkelde lande sal aantoon dat elke land 'n eie stand van ekonomiese ontwikkeling het. Dit gee ook nog 'n breër perspektief van die begrip ekonomiese ontwikkeling en beklemtoon die feit dat een land meer as 'n ander vooruitgegaan het.

1.3.2 ONDERSKEIDENDE EIENSKAPPE

Die volgende faktore toon duidelik aan dat daar 'n verskil tussen ontwikkelde en minder-ontwikkelde lande bestaan, dit wil sê dat sommige lande 'n hoër peil van ekonomiese ontwikkeling bereik het.

1.3.2.1 LANDBOUPRODUKSIE

Om te bestaan, moet daar in die primêre behoeftes voorsien word. Landbou is nog altyd 'n belangrike bron vir die produksie van voedsel. Hoewel die grootste meerderheid inwoners in minder-ontwikkelde lande in plattelandse gebiede lewe of werk, vergelyk hul landbouproduksie swak met die van ontwikkelde lande. Die redes hiervoor word hoofsaaklik veroorsaak deur onder andere die klein onproduktiewe landbou-eenhede (die vader verdeel sy grond tussen sy seuns en almal is maar landbouers op dieselfde grond); (Hilbroner en Thurow, 1975, p. 619). Dit is ook moeilik om voldoende kapitaal en tegnologie soos trekkers, kunsmis, ensovoorts, te verkry.

Geen betekenisvolle ekonomiese ontwikkeling kan in minder-ontwikkelde lande plaasvind alvorens die metodes en produksie van die landbou 'n verbetering ondergaan nie. Die weerstand teen nuwe metodes in die landbou is sterk as gevolg van konserwatiewe en tradisionele gewoontes. Die landbouers aanvaar gevolglik elke nuwe verandering teësinnig. As gevolg van die ongeletterdheid van die boere is die instruksies van boeke en inligtingsbrosjures dikwels buite hulle begrip. Hulpe het dus geen kennis van die vooruitgang wat op ander plekke gemaak word nie (United Nations, p. 16). Dat dit 'n beperking vir ekonomiese ontwikkeling vorm, volg daaruit dat die meeste inwoners landbougeoriënteerd is. Tabel 1.1 toon hierdie verskynsel aan sowel as dat meer inwoners op die platteland bly.

TABEL 1.1. BEVOLKING, ARBEIDSMAG EN PRODUKSIE IN ONTWIKKELDE EN MINDER-ONTWIKKELDE LANDE IN 1970

Gebied	Bevolking (Miljoene)	Stedelike persentasie	Plattelandse persentasie	Persentasie arbeidsmag in landbou	Persentasie landbou in bruto nasionale produk
Wêreld	3632	37	63	51	12
Minder-ontwikkelde lande	2542	20	80	66	31
Meer-ontwikkelde lande	1090	65	35	21	8

Bron: Todaro, 1977, p. 75.

Die meeste minder-ontwikkelde lande is op die produksie van primêre produkte vergeleke met sekondêre (vervaardigde produkte) en tersiêre (dienste) aktiwiteite ingestel. Dit vorm ook hul belangrikste uitvoer na ander lande. Dit wil sê basiese voedsel en grondstowwe vorm die belangrikste deel van uitvoer, behalwe die lande wat oor 'n oorvloed olie of minerale bronne

beskik. Die struktuur van uitvoer word in tabel 1.2 uiteengesit.

TABEL 1.2: SAMESTELLING VAN WÊRELDUITVOER (1971)
(PERSENTASIE VAN VERVAARDIGDE EN PRIMÊRE PRODUKTE)

Produk	Ontwikkelde land	Minder-ontwikkelde land
<u>Primêre produkte:</u>		
Voedsel en grondstowwe	18	39
Olie	4	39
<u>Vervaardigde produkte:</u>		
Chemikalieë	9	2
Ingenieursprodukte	36	2
Ander	31	17
<u>Ongespesifiseerd</u>	2	1
Totaal	100	100

Bron: Todaro, 1977, p. 77.

Minder-ontwikkelde lande is in 'n swak ekonomiese posisie vergeleke met die lande wat 'n hoë peil van industrialisasie bereik het. Die stabiliteit van minder-ontwikkelde lande se begrotings en van hul betalingsbalanse hang meestal van die uitvoer van een of enkele produkte af. 'n Daling in die prys van sulke produkte veroorsaak groot tekorte in die betalingsbalans van so 'n land. Om sake te vererger is daar 'n lae opbrengs van voedsel in minder-ontwikkelde lande vanweë 'n lae kapitaal/arbeidsverhouding, primitiewe en ondoeltreffende tegnologie, afwesigheid van spesialisasie en min ondernemingsgees.

1.3.2.2. ONTOEREIKENDHEID VAN DIE EKONOMIESE STRUKTUUR EN DIE TEKORT AAN ESSENSIËLE PRODUKSIEFAKTORE (United Nations, p. 17 - 21)

In minder-ontwikkelde lande is daar waarskynlik min inligting oor die land se potensiële bronne. Daar is ook 'n skaarsheid aan kapitaal en tegniese kennis. Die nodige pad- en spoornetwerk is nog nie opgerig nie. Die meeste huishoudings lewe as 'n selfvoorsienende gemeenskap. Daar is dus weinig surplus wat vir die ontwikkeling van 'n potensiële mark aangewend kan word. Daar is ook 'n tekort aan opgeleide personeel as gevolg van swak opleidingsgeriewe en ondoeltreffende onderwys. Ekonomiese ontwikkeling vereis verder 'n nuwe stelsel van krediet, banke en versekeringsfasiliteite. Onvoldoende markte maak dit ook moeilik om binnelandse kapitaal vir ontwikkelingsbehoefte te trek.

1.3.2.3. OWERHEIDSADMINISTRASIE EN -BELEID

Die owerheid speel 'n belangrike rol om ontwikkeling in alle sektore aan te moedig. Die handhawing van binnelandse orde en 'n hoë standaard van geregtigheid is belangrik vir ordelike en stabiele ontwikkeling. Baie van die minder-ontwikkelde lande het nie altyd gevoegde persone in sleutelposte nie. Daar is ook nie altyd betroubare statistiek nie. Indien statistiek wel beskikbaar is, is daar so 'n lang vertraging tussen die samestelling en publikasie, dat die waarde daarvan heelwat verminder omdat die gegewens dan verouderd is.


'n Stabiele owerheid is van groot belang omdat potensiële beleggers die owerheid moet vertrou, want die grootste vrees van investeerders is dat 'n owerheid ondernemings kan oteien deur nasionalisering.

1.3.2.4. DEMOGRAFIESE EN SOSIALE PROBLEME

Van die wêreld se totale bevolking van ongeveer 4 biljoen

teen die middel van die sewentigerjare, woon meer as 2/3 van hierdie mense in minder-ontwikkelde lande. (Todaro, 1977, p. 72). Die geboortekoerse in minder-ontwikkelde lande is ook gewoonlik baie hoog, in die omgewing van 40 per duisend of selfs hoër terwyl dieselfde getalle in ontwikkelde lande minder as die helfte daarvan is. In tabel 1.3 word die benaderde geboortekoerse aangetoon. Dit kan selfs as 'n effektiewe metode beskou word om tussen ontwikkelde en minder-ontwikkelde lande te onderskei, omdat geboortekoerse in minder-ontwikkelde lande baie hoër as in ontwikkelde lande is.

TABEL 1.3 : BENADERDE JAARLIKSE GEBOORTEKOERSE PER DUISEND INWONERS



Bron: Todaro, 1977, p. 73.

Hoewel die sterftekoers in minder-ontwikkelde lande hoër as in ontwikkelde lande is, is die verskil in die sterftekoers as gevolg van verbeterde gesondheidstoestande en die kontrole van aansteklike siektes, aansienlik laer as die verskil in geboortekoerse. Gevolglik is die gemiddelde bevolkingstoename ongeveer 2,5 persent per jaar, in minder-ontwikkelde lande vergeleke met 1 persent in ontwikkelde lande (Todaro, 1977, p. 73).

'n Belangrike implikasie van 'n hoë geboortekoers beteken dat 'n relatief klein gedeelte van die bevolking in die ekonomiese produktiewe ouderdomsgroep val. Hulle moet dus vir 'n abnormale groot aantal onproduktiewe mense produksie voorsien. In minder-ontwikkelde lande vorm die kinders onder 15 jaar omtrent die helfte van die totale bevolking, terwyl die verhouding ongeveer 1/4 van die bevolking in ontwikkelde lande is (Todaro, 1977, p. 74). Die totale afhanklikheidslas van die ekonomies aktiewe bevolking is ongeveer 1/3 in ontwikkelde lande vergeleke met meer as die helfte in minder-ontwikkelde lande. Gevolglik konsentreer minder-ontwikkelde lande meer op die lae produktiewe voedselproduksie en is daar min aansporing vir industrialisasie. In minder-ontwikkelde lande lei dit verder tot onder- en wanvoeding. Die groot bevolking maak dit ook onmoontlik om behoorlike behuising, mediese en gesondheidsdienste vir almal te voorsien.

In minder-ontwikkelde lande is daar ook geen geleentheid vir 'n geleidelike proses van sosiale verandering nie soos wat in Europa die geval was waar sosiale verandering saam met ekonomiese ontwikkeling plaasgevind het. Inwoners van minder-ontwikkelde lande staan onverskillig teenoor nuwe vorme van nywerheidsproduksie en onbekende leefwyses. In plaas van tegnologies-bewuste boere bly hulle eerder tradisioneel gebonde werkers. Potensiële leiers vir die industriële beweging is moeilik om te kry en selfs dan is hul onderwys en smaak nie noodwendig op die nuwe omwenteling gerig nie. Die meeste minder-ontwikkelde lande het ook 'n hoë koers van arbeidsomset, wat beteken dat opgeleide werkers met onopgeleides vervang moet word. Dit vereis aanhoudende opleiding van nuwe werkers wat doeltreffendheid verswak en verminder die produktiwiteit van die nywerheid. Hierdie produktiwiteitspeil word

in die volgende paragraaf volledig bespreek.

1.3.2.5 LAE PRODUKTIWITEITSPEIL

Die produksiefunksie (dit stel die verband tussen produksie en verskillende kombinasies van faktorinsette) as 'n tegnies ekonomiese begrip word deur 'n breër vertolking van insette aangevul soos bestuursmededinging, werkersmotivering en institusionele buigbaarheid. Weens die afwesigheid van hierdie faktore word minder-ontwikkelde lande deur 'n relatiewe laer peil van arbeidsproduktiwiteit gekenmerk.

Todaro (1977, p. 72) verduidelik die lae arbeidsproduktiwiteit van minder-ontwikkelde lande vergeleke met meer-ontwikkelde lande soos volg: Volgens die beginsel van afnemende meer-opbrengs word toenemende hoeveelhede van een produksiefaktor, sê arbeid, by vaste hoeveelhede van ander produksiefaktore (kapitaal, grond) gevoeg. Ofskoon daar eers toenemende grensproduktiwiteit is, sal dit weldra begin afneem. As gevolg van die toename in die bevolking in minder-ontwikkelde lande en die tekort van aanvullende faktorinsette soos fisiese kapitaal en/of ervare bestuur, sal die grensproduktiwiteit van arbeid dus afneem en tot in lae arbeidsproduktiwiteit lei. Om die produktiwiteit volgens hierdie argument te verhoog, moet binnelandse spare en buitelandse finansiering gebruik word om investering in nuwe fisiese kapitale produkte, byvoorbeeld geboue en toerusting, te doen. Dit geld ook die voorraad 'menslike kapitaal' deur die investering in onderwys en opleiding. Institusionele verandering is noodsaaklik om die potensiaal van hierdie nuwe investering in fisiese en menslike kapitaal te maksimeer. Sulke verandering mag die volgende insluit: die hervorming van grondbesit; die hervorming van maatskappye; die hervorming van die belastingstelsel; die hervorming van krediet en bankstrukture; die skepping van 'n eerlike en doeltreffende administratiewe diens; en die herstrukturering van onderwys- en opleidingsprogramme wat meer vir die behoeftes van die betrokke gemeenskap geskik is. Hierdie en ander nie-ekonomiese insette moet in die sosiale produksiefunksie in berekening gebring word, as die strategie om produktiwiteit te verhoog, wil slaag.

Die fisiese en verstandelike vermoë om 'n werk bevredigend te doen, moet ook in aanmerking geneem word. Dit is byvoorbeeld bekend dat ondervoeding in die kinderjare die verstandelike sowel as die fisiese groei van individue beperk. (Todaro, 1977, p. 72). Swak eetgewoontes, onvoldoende kos en 'n lae standaard van persoonlike higiëne in die latere jare kan verdere agteruitgang in 'n werker se gesondheid teweegbring wat sy houding ten opsigte van sy werk negatief beïnvloed.

1.3.2.6 HOË EN STYGENDE WERKLOOSHEIDSVLAK

'n Belangrike faktor wat tot die lae lewenstandaard in minder ontwikkelde lande bydra, is die relatiewe onvoldoende of ondoeltreffende benutting van arbeid vergeleke met ontwikkelde lande (vergelyk § 1.3.2.5). Hierdie lae arbeidsproduktiwiteit kom in twee vorms na vore:

- (i) Onderbenutting van arbeid. Dit kom voor waar mense minder werk as wat hulle wil of kan doen. Dit sluit ook diegene in wat voltydse werk, maar waarvan die produktiwiteit so laag is, dat 'n vermindering in werksure 'n onbeduidende invloed op die produksie sal hê.
- (ii) Werkloosheid. Dit kom voor waar arbeiders kan en geregtig is om te werk, maar vir wie geen gepaste werk beskikbaar is nie. Hierdie werkloosheid kan siklies of struktureel wees.

Weens die vinnig groeiende bevolking sal die arbeidsmag ook vinnig toeneem. Dit beteken dat werk teen 'n ekwivalente koers geskep moet word om net met die groei van die arbeidsaanbod tred te hou. Indien daar reeds werkloosheid is, sal die tempo nog groter moet wees. Dit sal moeilik vir minder ontwikkelde lande bereikbaar wees.

1.3.2.7 'N LAE LEWENSTANDAARD EN AFHANKLIKHEID IN INTERNASIONALE VERHOUDINGS

Die mate waarin 'n persoon, 'n huishouding of 'n groep persone

hulle materiële, sosiale en geestelike behoeftes kan bevredig, word hul lewenstandaard genoem (Todaro, 1977, p. 424). As hulle slegs 'n minimum hoeveelheid voedsel, behuising en klere kan bekostig, is hulle lewenstandaard laag. Aan die anderkant as hulle 'n groter verskeidenheid van voedsel, behuising, klere en ander dinge soos gesondheid, onderwys en vrye tyd, kan geniet, het hulle 'n hoër lewenstandaard. Die grootste meerderheid van die bevolking in minder-ontwikkelde lande het 'n lae lewenstandaard. Dit geld nie alleen in verhouding met ryk lande nie, maar dikwels in verhouding met klein 'elite' groepe binne die arm lande se eie gemeenskap.

Vir die meeste minder-ontwikkelde lande is 'n betekenisvolle faktor wat tot die bestaan van 'n lae lewenstandaard, stygende werkloosheid en groeiende inkomste-ongelykheid bydra, die hoogs ongelyke verdeling van ekonomiese en politieke mag van ryk teenoor arm lande. Hoewel uitvoer vir minder-ontwikkelde lande belangrik is, het dit die afgelope 20 jaar nie met dié van die ontwikkelde lande tred gehou nie (uitgesonderd olie-uitvoer). In byvoorbeeld 1950 was die aandeel van minder-ontwikkelde lande aan totale wêreldhandel 33 persent, wat tot 16 persent in 1973 afgeneem het. Met ander woorde minder-ontwikkelde lande het vir hul uitvoer meer van ryk lande afhanklik geword, terwyl hul aandeel aan wêreldhandel ook afgeneem het (Todaro, 1977, p. 77, 78).

Die dominante mag van die ryk lande kontroleer nie alleen die patroon van internasionale handel nie, maar dikteer die terme waarin tegnologie, buitelandse hulp en private kapitaal na minder-ontwikkelde lande oorgedra word. Gevolglik word sekere aspekte dikwels aan minder-ontwikkelde lande oorgedra wat nie by hulle behoeftes en beskikbare mannekrag pas nie.

'n Meer betekenisvolle aspek is die invloed van ryk lande se sosiale en ekonomiese standarde op minder-ontwikkelde lande se salarisskale, elite lewensgewoontes en die algemene houding teenoor die private verkryging van rykdom. Sulke standarde kan tot korrupsie en ekonomiese uitbuiting deur die bevoorregte minderheid, aanleiding gee. Hierdie verskynsel het reeds in minder-ontwikkelde lande tot die probleem van die "international brain drain" aanleiding gegee, dit wil sê die verlies

deur emigrasie van hoogs opgeleide en bedrewe persone (Todaro, 1977, p. 78).

1.3.2.8 PRODUKSIE-TOESTANDE

Minder-ontwikkelde lande het merendeels 'n tradisionele ekonomie. Dit wil sê produksie vind plaas soos wat dit in die verlede plaasgevind het. Dit is dus 'n statiese ekonomie waar die seun gewoonlik ook tradisioneel 'n landbouer soos sy vader is. Die nywerheidssektor is nog baie klein met 'n primitiewe en ondoeltreffende tegnologie. Verder word ook geen of min spesialisasie, 'n lae kapitaal/arbeidverhouding, gebrek aan kapitaalintensiewe produkte, lae spaargeneigdheid, min ondernemingsgees, onvoldoende fisiese en sosiale infrastruktuur, ensovoorts, aangetref.

1.3.3 GEVOLGTREKING

Dit is baie duidelik dat indien verskillende lande ontleed sou word, daar 'n duidelike verskil tussen vooruitgang en geen vooruitgang gemaak kan word. Vroeër is algemeen aanvaar dat sekere lande minder-ontwikkel is omdat hulle geografiese ligging en klimaat daartoe aanleiding gegee het (Heilbroner en Thurow, 1975, p. 618). Dit wil sê omdat hulle geen hulpbronne het nie of omdat dit te warm is (in die omgewing van die ewenaar). In die latere jare is hierdie redes onvoldoende omdat sekere lande met min hulpbronne sowel as slegte klimaatsomstandighede wel vooruitgegaan het. Die rede vir minder-ontwikkelde lande kan eerder uit die feit dat hierdie lande tradisionele ekonomieë het, spruit.

Die algemene metode om tussen ontwikkelde en minder-ontwikkelde lande te onderskei, is deur die inkomste per capita te vergelyk. In 'n minder-ontwikkelde land word normaalweg 'n lae inkomste per capita en dus 'n lae lewenstandaard aangetref. Daar is natuurlik enkele uitsonderings, soos byvoorbeeld Koeweit wat as gevolg van sy olieproduksie en klein bevolking een van die wêreld se hoogste inkomstes per capita het, alhoewel die land nie hoogs ontwikkel is nie (Hagen, 1968, p. 6). Die vraag ont-

staan dus of hierdie maatstaf van per capita inkomste 'n getroue beeld van die werklikheid kan gee.

1.4 DIE-METING VAN EKONOMIESE ONTWIKKELING

Daar is geen algemeen aanvaarde model van ekonomiese ontwikkeling nie. Ekonomie het natuurlik 'n aantal modelle van ekonomiese ontwikkeling gespesifiseer. Dit sluit veranderlikes in soos inkomste en uitgawes, verbruik en spare, investering en produksie, en buitelandse handel. Baster (1972, p. 6 - 10) beskryf enkele van hierdie modelle. Alle moontlike ekonomiese veranderlikes moet ondersoek word om dit in 'n breë teoretiese model te integreer. Dit is duidelik dat sulke modelle met baie meer faktore rekening sal moet hou, as wat met die algemene gebruik van nasionale rekeninge die geval is. Met hierdie veranderlikes kan dan gepoog word om aanwysers van ekonomiese ontwikkeling op te stel, want dit sal die spesifikasie van aanwysers vergemaklik.

Daar is aansienlike ooreenstemming oor die sentrale kern van aanwysers van ekonomiese ontwikkeling. Dit word byvoorbeeld weerspieël in doelwitte van ekonomiese groei wat die jaarlikse groeikoers van die nasionale produk, bruto en per capita, en verwante doelwitte van die uitbreiding in die landbou en industriële sektore, en die toename in in- en uitvoere insluit. Hieruit word die konvensionele ekonomiese ontwikkelingsaanwysers verkry - afgelei van die ekonomiese teorie en geïntegreer in die stelsel van nasionale rekeninge. Daar kan ook ander veranderlikes van die nasionale rekeninge bygevoeg word, so dat dit die strukturele veranderinge wat met modernisering en diversifikasie van die ekonomie, soos die struktuur van nywerheidsproduksie of die struktuur van uitvoer geassosieer word, weerspieël. Daarom word heelwat gedoen om nasionale inkomstegegewens as aanwysers van ekonomiese welvaart te verbeter, asook om die vergelykbaarheid met verloop van tyd en tussen lande te verbeter. Die doel is om sulke aanwysers te verkry dat dit moontlik is om veranderinge deur 'n verbetering van die kwaliteit van 'n produk, toenemende vrye tyd, nie-bemerkbare produkte, koste van toenemende verstedeliking ensovoorts, in berekening te bring.

Om bogenoemde te doen moet die grense van die ekonomiese ontleding verbreed word, sodat die komponente van die lewenstandaard soos onderwys, gesondheid, behuising, ensovoorts, ingesluit word. Dit sluit dus institusionele en nie-ekonomiese faktore buite die tradisionele opset van ekonomiese veranderlikes in.

Lewenstandaard en sosiale aanwysers bly steeds belangrik vir ekonomiese ontwikkeling. 'n Verbetering van die lewenstandaard impliseer ekonomiese ontwikkeling. Daarom meen sommige dat ekonomiese ontwikkeling in terme van 'n verbetering van die lewenstandaard of welvaart gemeet moet word: "In the International Development strategy the improvement in levels of living is seen as both determining factors and end results in development." (Baster, 1972, p.8.) Omdat aanwysers van lewenstandaard ook dimensies van welvaart verteenwoordig, word dit met sosiale aanwysers vervang. Dit sluit dan alle aspekte van die lewenstandaard in.

1.5 DOEL EN METODE

Ekonomiese ontwikkeling is 'n doelstelling van die meeste lande. Hierdie ontwikkeling kan enersyds as 'n historiese proses gesien word of aan die ander kant as 'n beplande beweging na sekere bepaalde doelstellings. Afgesien van watter benadering beskou word, is dit noodsaaklik om die vooruitgang te probeer meet of te kwantifiseer. Hierdie ontleding is nodig om te bepaal of daar 'n verbetering plaasvind of nie, of om data te voorsien wat vir beleids- en beplanningsbesluite nodig is. Daarom is sekere aanwysers absoluut noodsaaklik. Die doel van hierdie studie is om die maatstawwe wat bestaan om ekonomiese ontwikkeling te meet, te ontleed, en om ook te bepaal of daar 'n behoefte vir so 'n maatstaf is.

Die maatstaf wat algemeen bekend is, is die per capita inkomste. In hoofstuk 2 word hierdie maatstaf behandel en die klem val veral op die tekortkominge daarvan.

Soos hierbo gestel is ekonomiese ontwikkeling nie net 'n ekonomiese proses nie. Daarom is aanwysers nodig wat 'n breër terrein verteenwoordig. Dit geld in alle gevalle, want selfs

al was dit net 'n ekonomiese proses, is daar nog baie veranderlikes om mee rekening te hou, wat talle probleme meebring. So kan die bruto nasionale produk wel toeneem terwyl die rykdom in 'n paar hande gekonsentreer is. Die massa bevolking kan dan armer wees en gevolglik is daar eintlik nie sprake van ekonomiese ontwikkeling nie. In hoofstuk 3 word die belangrikheid van hierdie ongelyke inkomste-distribusie met behulp van voorbeelde aangetoon.

Weens die multi-dimensionele karakter van ekonomiese ontwikkeling (vergelyk § 1.2, p. 4) word hoofstuk 4 aan sosiale aanwysers gewy. Hierdie aanwysers dek 'n breër terrein van die ekonomie, maar weens sekere subjektiewe faktore bestaan geen perfekte model nie, sodat dit nie 'n algemene maatstaf vir die meting van ekonomiese ontwikkeling gee nie.

Hoofstuk 5 beskryf die rol van beplanning (veral in minder-ontwikkelde lande) vir ekonomiese ontwikkeling en dui dus die behoefte vir die meting van ekonomiese ontwikkeling aan, omdat evaluering 'n deel van beplanning vorm.

Ten slotte sal enkele gevolgtrekkings en aanbevelings in hoofstuk 6 gedoen word.

HOOFSTUK 2

BRUTO NASIONALE PRODUK PER CAPITA AS MAATSTAF VAN DIE EKONOMIESE ONTWIKKELINGSPEIL

2.1 INLEIDING

Aan die beginnvan hierdie eeu was die handhawing van prysstabiliteit as die belangrikste doelwit beskou (Terreblanche, 1973, p. 17). Die groot werkloosheid tydens die depressie het egter meegebring dat volle indiensneming in die dertigerjare die belangrikste beleidsdoelwit geword het. Die gebrek aan wisselkoersstabiliteit in die tussenoorlogse tydperk en die lastige betalingsbalansprobleme wat sommige Wes-Europese lande na die Tweede Wêreldoorlog ondervind het, het tot gevolg gehad dat daar nou ook op betalingsbalansewig en/of wisselkoersstabiliteit gelet word. In die vyftigerjare is die groei-doelwit in die vorm van "steady growth", "reasonable growth" of "adequate economic growth" as een van die makro-ekonomiese beleidsdoelstellings in die meeste Westerse lande aanvaar (Terreblanche, 1973, p. 17).

Dit is noodsaaklik om hierdie ekonomiese groei en gevolglik die vooruitgang van 'n land te probeer meet of te kwantifiseer. Die doel van hierdie meting is nie alleen om 'n vergelyking tussen verskillende lande te maak nie, maar dit voorsien veral data wat vir beleids- en beplanningsbesluite nodig is. Ekonomiese groei en ontwikkeling kan gemeet word in terme van die toename in die reële opbrengs per capita, of in terme van die toename in bruto nasionale produk per capita (vir 'n omskrywing van bruto nasionale produk kyk § 2.2.1). In sommige gevalle word bruto nasionale produk per man-uur gebruik om sodoende die groei van arbeidsproduktiwiteit van die ekonomies aktiewe deel van die bevolking te meet, terwyl in ander gevalle die groei van verbruik per capita as maatstaf gebruik word.

2.1.1 OMSKRYWING VAN BRUTO NASIONALE PRODUK PER CAPITA AS MAATSTAF

Ekonomiese ontwikkeling word met materiële welvaart verbind,

met ander woorde 'n maatstaf ten opsigte van die vloei van produkte en dienste. Die indeks wat algemeen as maatstaf van die geldwaarde van produkte en dienste gebruik word, is die bruto nasionale produk. Wanneer hierdie bruto nasionale produk as verhouding tot die bevolking uitgedruk word, weerspieël dit die gemiddelde hoeveelheid produkte en dienste wat elke inwoner oor 'n tydperk ontvang, en word dit kortweg die per capita produk genoem. Bruto nasionale produk as maatstaf van ekonomiese vooruitgang, het die probleem dat een van sy komponente, naamlik investering, in bruto terme geneem word. Dit sluit dus die waarde van alle masjinerie, toerusting en ander investeringsprodukte in die gegewe jaar in. Blote vervanging van uitgediende investeringsprodukte lei nie tot 'n netto toename in ekonomiese kapasiteit nie. Daar is dus 'n grondige rede om deprestatie uit die indeks te laat. Dit gee dan die netto nasionale produk. Sommige ekonome gebruik ook die netto nasionale produk in die plek van die nasionale inkomste en omgekeerd (Okun en Richardson, 1961, p. 231). (Nasionale inkomste word eintlik verkry deur netto nasionale produk minus indirekte belastinge.) Die reële nasionale inkomste word gedefinieer as nasionale inkomste teen konstante pryse, sodat 'n verandering in die pryspeil nie die indeks beïnvloed nie. Die reële nasionale inkomste is 'n maatstaf van totale ekonomiese produksie. Om hierdie maatstaf met individuele ekonomiese welvaart te verbind, moet die gemiddelde van elke beskikbare persoon naastenby gevind word. Daarom is dit noodsaaklik om te onderskei tussen die reële nasionale inkomste en die reële per capita inkomste. Laasgenoemde is die reële nasionale inkomste gedeel deur die totale bevolking. Hierdie twee indekse kan in teenoorgestelde rigtings beweeg, byvoorbeeld 'n groei van bevolking, sodat die reële per capita inkomste afneem. Die teenoorgestelde vind plaas as die bevolking skerp afneem as gevolg van sterftes of emigrasie, sodat 'n daling in die reële nasionale inkomste saamgaan met 'n styging in die per capita inkomste. Watter indeks om te gebruik, dit wil sê die reële nasionale inkomste of die per capita inkomste, is van die totale of individuele inkomste afhanklik. Vir 'n aanduiding van individuele ekonomiese welvaart word die reële per capita inkomste gebruik.

Die term minder-ontwikkelde lande verwys gewoonlik na lande of streke met 'n lae peil van reële inkomste en kapitaal per kop van die bevolking in vergelyking met Noord-Amerika en Wes-Europa. Die skeidingslyn tussen minder-ontwikkelde lande en

ontwikkelde lande is arbitrêr, want dit is moeilik om lande in kategorieë te plaas alvorens alle ekonomiese, politieke en sosiale faktore, nie in aanmerking geneem is nie. Die meeste skrywers gebruik per capita inkomste as kriterium om tussen ontwikkelde lande en minder-ontwikkelde lande te onderskei (Heilbroner, Todaro, Hagen). In tabel 2.1 waar per capita inkomste van verskillende lande in rand aangedui word, kan die onderskeid duidelik gesien word.

TABEL 2.1 : BEVOLKING (1968), BNP¹⁾ PER CAPITA (1968) EN DIE GEMIDDELDE JAARLIKSE GROEIKOERS (1961 - 68) VAN ENKELE LANDE

	Bevolking (Duisende)	BNP per capita in rand ²⁾	Groeikoers in BNP per capita
<u>Afrika</u>			
Nigerië	62 650	61	-0,3
Ethiopië	24 212	61	2,6
Suid-Afrika	19 781	566	3,7
Tanzanië	12 508	70	1,2
Kenia	10 209	113	1,4
Malawi	4 270	44	2,2
Zambië	4 065	191	3,6
Ivoorkus	4 100	226	4,8
Senekal	3 685	148	-1,4
Libië	1 803	887	19,4
Botswana	611	87	0,8
<u>Asië</u>			
Indië	523 893	87	1,0
Japan	101 090	1 035	9,9
Iran	27 150	270	5,0
Hongkong	3 927	618	8,1
Israel	2 745	1 183	4,7
Koeweit	540	3 080	-3,3

1) BNP = Bruto Nasionale produk

2) Vir die omskakeling van dollars in Rand is die wisselkoers R0,87 = \$1 gebruik, soos gegee in "To the Point", vol. 6, nr. 42 van 21 Oktober 1977.

Europa

Verenigde Konink

kryk	55 283	1 557	2,0
Frankryk	49 920	1 853	3,7
Nederland	12 725	1 409	3,0
Swede	7 918	2 279	3,2
Luxemburg	336	1 887	3,0

Noord- en Suid-Amerika

V.S.A.	201 152	3 463	3,4
Kanada	20 772	-2 140	2,8
Mexiko	47 627	461	3,4
Argentinië	23 617	713	1,0
Uruguay	2 818	452	-1,4
Paraguay	2 231	200	1,3

Bron: World Bank, 1970.

By so 'n internasionale vergelyking volg dit baie duidelik dat sekere lande as "ryk" lande en ander as "arm" lande geklassifiseer kan word. Sommige lande kan dus 'n hoër lewenstandaard as andere handhaaf. Absolute vergelykings is egter in baie gevalle misleidend, want 'n vergelyking tussen Ethiopië se R61 teenoor die V.S.A. se R3 463 laat 'n mens wonder of die Amerikaners se welvaart 57 keer groter is as dié van Ethiopië. Die gegewens kan egter nuttig vir beleid en beplanningsdoelendes gebruik word, want dit toon of 'n land gunstig of ongunstig met ander lande vergelyk en by die vergelyking van agtereenvolgende jare of die land ekonomiese groei getoon het.

2.1.2 DOEL EN METODE

Die doel van hierdie hoostuk is om die bruto nasionale produk

per capita as maatstaf te ontleed sodat die betroubaarheid vir internasionale en nasionale vergelykings en vir beleids- en beplanningsdoelwitte vasgestel kan word. Die per capita produk as maatstaf bestaan uit twee komponente, naamlik die bruto nasionale produk in die teller en die bevolking van 'n land in die noemer. Die bruto nasionale produk word eerstens ontleed en daarna word enkele demografiese probleme toegelig. Enkele probleme van wisselkoerse, wat vir internasionale vergelykings gebruik moet word, word bespreek. Ten slotte volg daar die tekortkominge van die per capita produk as maatstaf.

2.2 NATIONALE PRODUKSIE

Adam Smith het in 1776 in sy boek "Wealth of Nations" probeer om 'n teoretiese verklaring van die funksionering van die ekonomiese stelsel te gee. Die 'onsigbare hand' van die prysme-ganisme sou volgens hom die vloei van produkte en dienste in die ekonomiese stelsel tot almal se voordeel reguleer (Stadler, 1973, p. 1). Later het hierdie kwalitatiewe teoretiese ontleding ~~ple~~ die kwantitatiewe ontleding plek gemaak. Laasgenoemde kom neer op die sistematiese versameling en verwerking van feite in verband met die ekonomiese stelsel.

Dit vorm ook die onderwerp van die ekonomiese beskrywing wat as die identifikasie, klassifikasie en meting van die ekonomiese subjekte, objekte en hul funksies in die ekonomiese stelsel gedefinieer kan word (Stadler, 1973, p. 3). Dit is met hierdie beskrywingstaak dat 'n groot aantal ekonome in elke land hulle vandag besig hou. Massas gegewens word jaarliks met die oog op die neem van ekonomiese besluite ingesamel en verwerk. 'n Belangrike onderdeel van hierdie beskrywingstaak is die opstel van die nasionale rekeninge van 'n land wat 'n noodsaaklike hulpmiddel vir besluite soos die graad van owerheidsinmenging, beheer en beplanning op die ekonomiese gebied, ensovoorts is. Hierdie nasionale rekeninge weerspieël die waarde van die produksie wat in 'n land gelewer word, dit wil sê die nasionale produksie.

Een van die bekendste begrippe van die nasionale rekeninge is

die bruto nasionale produk en word as 'n gekonsolideerde produksierekening van die volkshuishouding as geheel beskou. Hieruit kan nou afgelei word dat die bruto nasionale produk per capita sal aantoon watter deel van die nasionale produksie aan elke individu beskikbaar is. Vervolgens word die bruto nasionale produk ontleed en veral na sy swakhede gekyk, wat grotendeels ontstaan omdat die bruto nasionale produk meer die kwantitatiewe aspekte as die kwalitatiewe aspekte van produksie weerspieël. Daarna word aangetoon dat die bruto nasionale produk sekere aspekte van welvaart nie in internasionale vergelykings weerspieël nie. Laastens word met behulp van voorbeelde aangetoon dat die bruto nasionale produk veral in ontwikkelde lande oorskat word.

1)

2.2.1. BRUTO NASIONALE PRODUK

Bowers en Baird (1971, p. 5) definieer die bruto nasionale produk as die geldwaarde van alle finale produkte en dienste in 'n land wat gedurende 'n gegewe tydperiode geproduseer is. Die bruto nasionale produk meet die waarde van die uiteindelijke produksie van die ekonomiese stelsel, daarom word slegs finale produkte en nie intermediêre produkte bygereken nie. Die finale produk kan beskou word as daardie aankope wat nie vir verdere verwerking verkoop kan word nie, terwyl intermediêre produkte halfverwerkte artikels is, wat nog in een of ander stadium van verwerking verkeer. (Sodoende word dubbeltelling uitgeskakel, dit wil sê die herhaalde bytelling van die waarde van intermediêre produkte.)

Die bruto nasionale produk het heelwat voordele as 'n kwantitatiewe maatstaf, byvoorbeeld dit kan maklik bereken word, dit kan baie akkuraat wees, dit kan 'n goeie idee van die ekonomiese aktiwiteit van 'n land gee, dit kan logies en sinvol internasionaal vergelyk word, dit is 'n objektiewe maatstaf wat nuttig vir beleids- en beplanningsdoeleindes aangewend kan word, ensovoorts. Hoewel die bruto nasionale produk 'n onmis-

- 1) Omdat bruto nasionale produk algemeen bekend is word dit merendeels in hierdie hoofstuk gebruik. Netto nasionale produk of nasionale inkomste kan egter ook gebruik word.

bare begrip by die ontleding van die produktiwiteit van die ekonomie is, is dit goed om ook met sy swakhede (Heilbroner en Thurow, 1975, p. 288 - 293) wat meer kwalitatief van aard is, rekening te hou.

2.2.1.1 WAARDE-EENHEDE

Die bruto nasionale produk word uitgedruk in geldwaarde en nie in fisiese eenhede nie, sodat dit nie toon hoeveel produkte en dienste geproduseer is nie, maar slegs wat hulle verkoopswaarde was. Benewens die probleem van internasionale vergelyking, lê nog 'n probleem daarin om die bruto nasionale produk van een jaar met dié van 'n ander te vergelyk. Stygende pryse veroorsaak dat die bruto nasionale produk groter word hoewel die werklike volume van produksie dieselfde of selfs laer kan wees.

Indien die pryse van jaar tot jaar in dieselfde verhouding sou styg, is dit maklik om hierdie prysverandering in aanmerking te neem deur bloot die reële bruto nasionale produk te neem. Dit beteken die huidige geldwaarde word met die prysverandering aangepas. Die prys varieer egter in verskillende verhoudings en in verskillende rigtings sodat die vergelyking van die reële bruto nasionale produk van een jaar na 'n volgende, en veral oor 'n lang periode, in 'n mate arbitrêr is.

Tabel 2.2 toon die bruto nasionale produk teen markprys in Suid-Afrika teenoor die bruto nasionale produk in konstante pryse oor die afgelope jare.


TABEL 2.2 BRUTO NASIONALE PRODUK TEEN MARKPRYS EN TEEN KON=
STANTE PRYSE IN R-MILJOEN

Jaar	Bruto nasionale produk teen mark= prys	Bruto nasionale produk teen 1970 pryse
1969	11 568	12 030
1970	12 618	12 618
1971	13 992	13 147
1972	15 657	13 576
1973	19 074	14 057
1974	22 795	15 050
1975	25 924	15 368
1976	29 121	15 566

Bron: Suid-Afrikaanse Reserwebank, September 1977, p. 68.

Uit tabel 2.2 en die voorstelling daarvan in grafiek 2.1 is dit baie duidelik dat stygende pryse 'n groot effek op die bruto nasionale produk het. Die reële bruto nasionale produk is hiervolgens 'n baie meer getroue weergawe van die werklike groei van produksie. Selfs indien die waarde van vroeër jare se produksie ook na latere jare se pryse aangepas word (byvoorbeeld die bruto nasionale produk van 1969 word aangepas met 1970 se pryse), word 'n beter beeld van die werklike groei van produksie verkry.

GRAFIEK 2.1 BRUTO NASIONALE PRODUK TEEN MARKPRYS EN TEEN KONSTANTE PRYSE



1) BNP = Bruto nasionale produk

2.2.1.2 KWALITEIT

Die bruto nasionale produk weerspieël nie veranderinge in die kwaliteit van produksie nie. In 'n tegnologies gevorderde gemeenskap verbeter produkte gewoonlik oor die jare en nuwe produkte kom op die mark. 'n Vliegtuigrit is byvoorbeeld vandag verkiesliker as een van 20 of 30 jaar gelede. Dit is dus moeilik om te beoordeel of veranderinge in die bruto nasionale produk aan groter produksie of beter kwaliteit toe te skryf is. Die bruto nasionale produk weerspieël dus nie die nut van produkte en dienste nie.

2.2.1.3 DOEL

Die bruto nasionale produk weerspieël nie die doel van produksie nie, met ander woorde die uiteindelijke gebruik van produksie. Een jaar kan die bruto nasionale produk styg as gevolg van 'n toename in besteding op onderwys en in 'n ander jaar kan dit styg as gevolg van 'n toename in sigaretproduksie. In albei jare kry ons 'n "groei" in die bruto nasionale produk, maar onderwys is verkiesliker, want dit gee aanleiding tot meer bekwaamheid en uiteindelik 'n toename in produksie en 'n verhoging van die lewenstandaard en is dus 'n positiewe bydrae tot die bruto nasionale produk. Daarenteen kan 'n toename in sigaretverbruik (of drankverbruik) aanleiding gee tot 'n vermindering in die produktiwiteit of 'n groter brandgevaar en gevolglik is laasgenoemde 'n negatiewe bydrae tot die bruto nasionale produk. Selfs produksie wat 'n totale vermorsing is omdat dit nie deur die mark geabsorbeer word nie, soos byvoorbeeld militêre wapens wat verouderd is sodra dit verskyn, en tog deel van die bruto nasionale produk vorm, behoort as 'n negatiewe bydrae van die bruto nasionale produk beskou te word.

2.2.1.4 EKOLOGIE

Omgewingsagteruitgang as gevolg van ekonomiese groei, voeg 'n verdere probleem by wat 'n ongunstige invloed op die kwaliteit

van die mens se lewensomstandighede het. Sommige elemente van die groei van die bruto nasionale produk dra direk tot besoedeling by, byvoorbeeld motor-, papier- of staalfabrieke. Ander elemente van die bruto nasionale produk is nodig om besoedeling te verminder, terwyl sommige min of geen invloed op die omgewing het.

Die probleem gaan dus daaroor om die elemente vir ekonomiese groei wat met die ekologie verenigbaar is, te selekteer. Die absolute maatstaf in die vorm van die bruto nasionale produk, toon niks ten opsigte van sulke doeleindes nie. Alle vorme van besoedeling en eintlik negatiewe produkte wat individuele plesier of nut laat afneem, moet dus eintlik van die bruto nasionale produk afgetrek word. Dit word egter bygetel in die nasionale inkomste-rekeninge. Die koste om die skadelike effekte van ekonomiese groei op te klaar, is een van die groot aantal van defensiewe uitgawes in die bruto nasionale produk. Defensiewe uitgawes is ontwerp om die invloed van ongunstige omstandighede teen te werk eerder as om 'n direkte produktiewe produk of diens te lewer. (In § 2.2.3.7 word aangetoon dat hierdie faktor tot 'n oorskakting van reële inkomste lei.)

2.2.1.5 NIE-VERHANDELDE PRODUKTE

Die bruto nasionale produk sluit die meeste produkte en dienste wat nie vir verkoop aangebied word nie, uit. Die algemene voorbeeld hier is die arbeid van huisvrouens. Indien vir die arbeid betaal sou word, soos vir bediendes, word dit wel in die bruto nasionale produk ingesluit. 'n Verwante probleem lê daarin dat byvoorbeeld huur, wat 'n maatstaf vir dienste van grondeienaars aan huurders is, by die bruto nasionale produk ingesluit word, maar 'n persoon wat op sy eie grond bly, betaal nie huur nie. Dit vorm dus ook nie deel van die bruto nasionale produk nie. Dieselfde voorbeeld word verkry waar 'n persoon sy eie groente kweek.

Hierdie probleem van die afbakening van die omvang van aktiwiteite sluit die onderskeid tussen ekonomiese aktiwiteite en sosiale lewe in. Simon Kuznets (Okun en Richardson, 1961, p.

237 - 238) stel dat slegs aktiwiteite waarvan die resultate deur die mark of deur een of ander instelling behalwe die familie (byvoorbeeld die owerheid) gekonahiseer word, maklik as ekonomiese merke word en ten volle in meting weerspieël kan word. Ekonomiese aktiwiteite binne die huishouding word met ander faktore gemeng en daar kan nie sonder meer gesê word of huisvrouens se werk werklik 'n ekonomiese aktiwiteit of maar net 'n deel van die lewe in die algemeen is nie. Selfs as sulke aktiwiteite as ekonomiese beskou en in terme van persone betrokke, ure bestee of produkte gelewer, gemeet kan word, is werklike evaluering baie moeilik. Ekonomiese groei gaan dikwels met 'n verskuiwing in ekonomiese aktiwiteit van die huishouding na die markstelsel, of 'n vinnige styging in markaktiwiteite gepaard. Dit volg dat langtermynproduksieskattings 'n opwaartse neiging toon (met ander woorde die groeikoers vergroot). Die weglating van aktiwiteite wat produkte vir interne verbruik produseer, is dus relatief meer belangrik in die vroeër fase van 'n periode van ontwikkeling as in die latere fase. By veral minder-ontwikkelde lande word hierdie aktiwiteite onderskat omdat die markstelsel onderontwikkel is en verskyn nie in die bruto nasionale produk nie.

2.2.1.6 VRYE TYD

Die bruto nasionale produk neem nie die waarde van vrye tyd in aanmerking nie. Vrye tyd is nodig om materiële produkte te verbruik. 'n Boot sonder tyd om dit te gebruik, het geen verbruikswaarde nie. Oor die jare het individuele plesier en nasionale welvaart toegeneem omdat elke individu meer vrye tyd het om te bestee soos hy wil.

Vrye tyd word nie in die bruto nasionale produk ingesluit nie, omdat daar nie 'n goeie maatstaf is om 'n waarde daarvoor te bepaal nie, want wat moet van die 24 uur van 'n dag afgetrek word om vrye tyd aan te dui. Vermoedelik is vrye tyd al daardie ure wat plesier of nut verskaf. Alle ure wat inspanning of "disutility" gee moet dus afgetrek word.

In die ekonomiese teorie is werk 'n inspanning en moet dus afgetrek word, maar daar is tog baie mense wat hulle werk geniet

of ten minste dele van hulle werk geniet. Die vraag ontstaan of daardie gedeelte as vrye tyd of as werk (inspanning) beskou moet word. Verder kom aktiwiteite soos eet, slaap, was, ensovoorts, wat vir die mens nodig is by. Is dit 'n plesier of 'n inspanning? Dit is vir beide vrye tyd en werk nodig, gevolglik nie net plesier of net inspanning nie. Om sekere aktiwiteite in kategorieë te plaas en sodoende 'n waarde aan vrye tyd te heg, is dus baie moeilik.

2.2.1.7 BEREKENINGSMETODES

Foutiewe berekeningsmetodes kan gebruik word, want statistiese verwerking is nie volmaak nie. Hierdie probleem kan met die verloop van tyd uit die weg geruim word, en is dus nie van fundamentele belang nie (Terreblanche, 1973, p. 21).

2.2.1.8 PRYSBEPALING

Die pryse van produkte wat in die mark tot stand kom of van owerheidsweë vasgestel word en in die nasionale rekeninge opgeneem word, gee nie altyd 'n korrekte weergawe van die relatiewe skaarsheid van die betrokke produk nie. Dit weerspieël ook nie die nut van die produkte vir die gemeenskap nie. Ekonomie wat hulle op die makro-ekonomiese vlak besig hou, bekommer hulle nie oor die mikro-ekonomiese probleme wat daar aan prys- en loonvorming en aan die toedeling van die produksiefaktore is nie (Terreblanche, 1973, p. 21). Dit is belangrik om daarmee rekening te hou dat weens die onvolmaakthede in die mark, die ongelyke inkomste-verdeling, die foutiewe administratiewe pryse, ensovoorts, daar nie 'n betroubare korrelasie tussen prys en behoeftebevrediging bestaan nie. Daar is dus nie 'n korrelasie tussen die bruto nasionale produk en materiële of sosiale welvaart nie (Terreblanche, 1973, p. 21).

2.2.1.9 DISTRIBUSIE

Die bruto nasionale produk toon nie die distribusie van produkte en dienste tussen die bevolking aan nie. Al is die per capi-

ta produk bekend, is dit nog nie 'n maatstaf vir 'n verdeling van produkte nie. In die volgende hoofstuk sal hierdie probleem verder ontleed word.

2.2.2 ASPEKTE VAN WELVAART

Die lewenstandaard verwys na die bevrediging van behoeftes in die totale lewensituasie. Die internasionale aanbevole komponente (Baster, 1972, p. 7) sluit in gesondheid, voeding, onderwys, indiensname en voorwaardes van werk, behuising, sosiale versekering, kiere, ontspanning, vryheid, demografiese, spore, vervoer en kommunikasie. In die praktyk is daar groot verwarring oor die plek van lewenstandaardaanwysers binne 'n ekonomiese ontwikkelingsmodel (Baster, 1972, p. 8). In die breedste interpretasie kan verbetering in die lewenstandaard sinoniem wees met ekonomiese ontwikkeling - 'n uitdaging vir die bruto nasionale produk as 'n aanwyser vir welvaart. (Hoofstuk 4 beskryf meer van hierdie welvaartsaanwysers.) Sommige meen dat die ekonomiese ontwikkeling gemeet moet word aan 'n verbetering van die lewenstandaard of welvaart (Baster, 1972, p. 8).

Sekere aspekte van welvaart word nie in die reële bruto nasionale produk weerspieël nie (Gilbert en Kravis, p. 72 - 77). Kwantitatiewe vergelykings van die reële inkomste berus op die relatiewe hoeveelhede van produkte en dienste en omvat dikwels nie die kwalitatiewe aspekte van lewensomstandighede wat met welvaart geassosieer word nie. Die volgende is enkele bydraes ten opsigte van welvaart wat nie in vergelykings van die reële bruto nasionale produk weerspieël word nie.

2.2.2.1 ARBEIDSVERSKILLE

Die reële bruto nasionale produk bevat nie 'n vergoeding vir verskille in die moeite of arbeid vereis om dit te produseer nie. Daar is byvoorbeeld verskille in die ure gewerk tussen lande, in die lengte van betaalde vakansies, in die aangename of onaangename van die werksituasie, of selfs werksvoorwaardes wat die werkgewers voorsien. Dit is alles belangrike fak-

tore in die evaluasie van relatiewe welvaart. Sommige van hierdie faktore kan wel kwantitatief uitgedruk word, byvoorbeeld ure gewerk, of lengte van vakansies. Maar dit kan nie met die kwantitatiewe maatstaf van die relatiewe bruto nasionale produk gekombineer word nie (dit is moeilik om 'n waarde daaraan te heg), om sodoende 'n meer omvattende maatstaf vir ekonomiese welvaart te gee.

2.2.2.2 OMGEWINGSFAKTORE

Die verskil tussen die fisiese eienskappe van twee lande, insluitend die geleentheid wat beskikbaar is om 'n gegewe hoeveelheid van inkomste te geniet en die beskikbaarheid van vry produkte, soos natuurskoon, word nie deur die bruto nasionale produk weerspieël nie. In 'n breë welvaartsin is dit beter om in 'n land met skilderagtige skoonheid te woon, waar daar geleentheid vir aangename uitstappies na die berge of strand is, as om te woon in 'n land met 'n minder aantreklike natuurskoon. Hierdie faktore kan nie in die bruto nasionale produk-syfers weerspieël word nie.

Klimaatstoestande kan ook 'n rol in lande speel en veroorsaak verskillende patrone van uitgawes in verskillende gebiede. 'n Sonnige land sal byvoorbeeld minder brandstof gebruik vir verhitting as 'n koue nat land.

Die probleem om hierdie faktore in kwantitatiewe vorm in die bruto nasionale produk te weerspieël, is dat daar altyd relatiewe voor- en nadele ten opsigte van klimaatstoestande en ander eienskappe van 'n land is. Dit maak dit onmoontlik om die een faktor teen die ander af te weeg.

2.2.2.3 AANWENDING

Die reële bruto nasionale produk weerspieël nie verskille in die wyse waarmee verskillende lande die opbrengs van die produksieproses gebruik nie. Die rede hiervoor is dat die waarde van produkte in die bruto nasionale produk eers gemeet word waar dit in die hande van die finale koper gaan. Daarby kan

verbruikers in een land hulle inkomste meer oordeelkundig en effektief as in 'n ander land bestee. Selfs nadat die produkte ontvang is, kan dit met minder vermorsing gebruik word so dat 'n hoër peil van lewenstandaard gehandhaaf word. Hierdie aspekte is egter weereens nie kwantitatief meetbaar nie en kan nie in die bruto nasionale produksyfers weerspieël word nie.

By kapitaalvorming kan dieselfde nywerheidstoerusting wat in 'n sekere jaar geïnstalleer is, identies in die kwantitatiewe vergelyking van 2 lande wees, hoewel die opbrengs in beide heelwat verskil. Dieselfde geld by die produkte en dienste. Hoewel die bruto nasionale produk ook die hoeveelheid produkte en dienste deur die owerheid gebruik, weerspieël, geld dit nie vir enige verskille in die doeltreffendheid waarmee produkte en dienste gebruik word nie. As 'n owerheid in een land meer werknemers in vergelyking met ander lande het, sal dit in die bruto nasionale produk weerspieël word. Maar dit toon nie aan of hierdie groter getal werknemers meer dienste aan die bevolking lewer en of dit 'n vermorsing van mannekrag is nie. Weereens sal kwantitatiewe meting moeilik gedoen kan word.

2.2.2.4 BEHOEFTES

Die reële bruto nasionale produk weerspieël nie die moontlike invloede van verskille in smaak of behoeftes van die inwoners van twee lande nie. Die bruto nasionale produk het slegs met die relatiewe waarde van produkte en dienste wat die bevolking van elke land produseer, te doen. As die inwoners van een land nie 'n sekere produk gebruik nie, omdat hulle nie daarvan hou nie, sal hulle relatiewe per capita produk laer wees as 'n land waar hierdie produk wel verbruik word. Dit kom dus daarop neer dat betekenisvolle vergelykings van die reële bruto nasionale produk slegs gemaak kan word as die behoeftes identies is, maar daar is so baie faktore buite die reële bruto nasionale produk wat welvaart beïnvloed, dat vergelykings nie so betekenisvol is nie.

2.2.2.5. TEGNOLOGIE

Die vergelyking van die reële bruto nasionale produk tussen lande weerspieël nie die voordeel wat uit meer gevorderde tegnologiese ontwikkeling voortspruit nie, in soverre dit lei tot groter behoeftebevrediging as gevolg van die produksie van meer bruikbare produkte en dienste. Olie-lande het wel die grondstof, maar nie altyd die tegnologiese kennis om produkte en dienste te produseer wat tot groter behoeftebevrediging van die inwoners kan lei nie.

2.2.3 DIE OORSKATTING VAN REËLE INKOMSTE

'n Groot deel van die produkte wat by die bepaling van nasionale inkomste of per capita inkomste gebruik word, is nie, soos dit hoort, finale produkte nie, maar is meestal intermediêre produkte wat gebruik word om finale produkte te produseer. Mishan (1977, p. 56 - 59) bespreek enkele van die alledaagse faktore en toon dat reële inkomste oorskatt word omdat hierdie faktore foutiewelik as finale produkte bygetel word.

2.2.3.1 INTERNE EN EKSTERNE VERDEDIGING

Dit word algemeen aanvaar dat 'n toename in verdedigingsuitgawe nie 'n teken van groter sosiale welvaart is nie. Daar word byvoorbeeld R20 miljoen meer aan polisie bestee as gevolg van 'n toename in misdaad. Hierdie R20 miljoen verhoog nie noodwendig sosiale welvaart nie. (Hoewel dit verhoed dat nasionale welvaart nie verder daal nie.) In hierdie omstandighede kan dit beskou word as 'n toename in die koste van 'n finale produk naamlik veiligheid of sekuriteit.

Hiertit kan afgelei word dat indien die inwoners vandag met 'n toename van R100 miljoen nie veiliger voel as 50 jaar gelede nie, moet daar vir die huidige jaar R100 miljoen van die nasionale inkomste afgetrek word wanneer dit met nasionale inkomste van 50 jaar gelede vergelyk word. Verdedigingsuitgawes kan dus maklik veroorsaak dat die bruto nasionale produk gro-

ter voorkom as wat die welvaart eintlik is.

2.2.3.2 REISKOSTE

Reiskoste moet slegs as deel van die finale produk gereken word; as al die tyd wat aan die reis bestee word, gedoen word vir die genot en plesier wat daaruit geput word. Die tyd wat aan 'n reis bestee word om 'n bestemming te bereik, moet as 'n intermediêre produk beskou word. Laasgenoemde reiskoste is dus na regte nie 'n deel van netto inkomste nie en moet van nasionale inkomste afgetrek word, in plaas van, soos huidig die geval is, bygereken word.

Voor die industriële revolusie in die ekonomie het almal naby hulle werk gewoon en die reistyd (loopafstand) was dus minimaal. Met die koms van die motor het dorpe en stede sodanig uitgebrei dat dit bykans onmoontlik is om jou werk te bereik sonder die gebruik van 'n voertuig. Die waarde van hierdie intermediêre produk sowel as die werklike ongerief deur reise veroorsaak, moet by die bepaling van nasionale inkomste in berekening gebring word. Dit behoort afgetrek te word want dit is 'n intermediêre produk.

2.2.3.3 ONDERWYS

Dit is reeds gebruik dat 'n groot deel van jaarlikse investering in masjinerie by die nasionale inkomste buite rekening gelaat word omdat dit as vervangingskapitaal beskou word. Dit vorm 'n deel van die koste van die handhawing van huidige produksie (alhoewel nuwe masjinerie in kwaliteit en doeltreffendheid verbeter).

Netso word die nywerheid ook deur besteding aan onderwys in stand gehou. Indien alle onderwysuitgawes vir die opleiding van kinders en grootmense aangegaan word om hulle plek in die onderneming vol te staan, kan hierdie uitgawe as instandhoudingskoste beskou word. Die aanname dat alle onderwysuitgawes aan bostaande voldoen, is foutief, want soms word onderwys ontvang wat nie in 'n bepaalde onderneming gebruik kan

word nie en dan vorm dit nie instandhoudingskoste nie. Dit is dus nie geregverdig om totale onderwysuitgawes van nasionale inkomste af te trek nie, maar slegs die deel wat as instandhoudingskoste beskou kan word. In 'n groeiende ekonomie sal die voorraad menslike kapitaal net soos fisiese kapitaal toeneem en hierdie toename sal wel 'n deel van die bruto nasionale produk vorm.

2.2.3.4 NUUSMEDIA

Inligting oor gebeure binne- en buitelandse vorm deel van die intermediêre produkte. Sodanige inligting word beskou as sosiaal nodig, dit wil sê om elkeen op hoogte te hou van wat gebeur, om nie 'uit' te voel nie. Daar is dus 'n toename in inligting sonder enige positiewe uitwerking tesame met 'n toename in tyd, moeite en onkoste om toenemende inligting te bekom en vry te stel. 'n Groot deel van die onkoste in verband met koerante, boeke en nuusmedia wat nou as deel van die nasionale inkomste bereken word, kan dus afgetrek word. Nog 'n groter deel in die vorm van die 'keeping-up'-proses soos tyd, moeite, ensovoorts, moet afgetrek word.

2.2.3.5 MEDISYNE

Mediese uitgawes kan in totaal as intermediêre produkte beskou word, en van die bruto nasionale produk afgetrek word as aanneem word dat mediese uitgawes vir 'n konstante gesondheidsvlak aangegaan word. Mediese uitgawes kan afgetrek word behalwe in soverre as wat dit 'n verbetering in gesondheid verteenwoordig. Indien mediese uitgawes vir 'n gesondheidsverbetering aangegaan word, word dit dus as 'n finale produk beskou. Sodanige verbetering moet nie net in terme van 'n langer lewe bepaal word nie, maar moet die gesondheidstoestand in aanmerking neem (byvoorbeeld sekere siektes kan vandag met behulp van moderne medisyne weer gesond gemaak word). Ekonomiese vooruitgang bring faktore mee wat beide voordelig en nadelig op die gesondheid inwerk, byvoorbeeld industrialisasie, besoedeling, geraas, spanning en gejaagdheid, het alles 'n invloed op gesondheid en

word as oorsaak van die meeste hartkwale, maagsere en senuwee= siektes beskou. Om met vooruitgang tred te hou, word ook in 'n groot mate van alkohol, verdowingsmiddels, ensovoorts, ge= bruik gemaak.

2.2.3.6 VAKANSIES

Dit kan beskou word as genotvol of as 'n mediese uitgawe waar vakansie gebruik word om gesondheid te herstel. Sonder 'n va= kansie kan mens nie behoorlik produktief wees nie en sal die produktiwiteit versleg. So gesien, vorm dit dus 'n deel van 'n intermediêre produk. 'n Toename in uitgawes verteenwoor= dig egter nie noodwendig 'n toename in genot van vakansie nie, maar kan aan hoër koste en meer vakansies per jaar toegeskryf word.

2.2.3.7 EKOLOGIE

'n Deel van beide openbare en private uitgawes word vandag ge= bruik om sekere negatiewe faktore wat in die proses van ekono= miese groei ontstaan, uit te skakel. Dit sluit byvoorbeeld die volgende in; lugbesoedeling, geraas, brandgevaar, motor= ongelukke, metaalafval en besoedeling van mere, riviere en strande. Dit moet verminder word sodat die natuurlike bates kan herstel. Van een jaar na 'n volgende is so 'n verbetering van die omgewing goed, maar in vergelyking met vroeër jare, toe die omgewing nie beskadig was nie, moet sulke uitgawes be= skou word as intermediêre produkte. Dit is dus deel van die koste van produksie. (In § 2.2.1.4 is hierdie faktor ook be= spreek.)

2.2.3.8 INNOVASIE

Soos wat die ekonomie meer ingewikkeld word, kom nuwe instel= lings en dienste wat in 'n eenvoudige ekonomie onnodig is, na vore. Die waarde van hierdie dienste verskyn as finale pro=

dukte in die nasionale rekeninge en word by die netto produk bygetel. Tog word dit nie gebruik vir die direkte genot wat dit aan gebruikers bied nie, maar eenvoudig omdat (in die ingewikkelde gemeenskap geassosieer met 'n hoë lewenstandaard) dit die lewe vergemaklik en die bron van wrywing en frustrasie verminder. Baie dienste soos deur banke, vakunies, in-diensnemingsagente, reisagente, ensovoorts, voorsien, word nie in 'n tradisionele gemeenskap benodig nie. Die dienste ontstaan hoofsaaklik as gevolg van die grootte, ingewikkeldheid en kommunikasiestelsel van 'n moderne ekonomie.

Boonop kry mens 'n aantal dienste, wat tot nou toe nie 'n prys gehad het nie, en toenemend in die bruto nasionale produk verskyn. Dit sluit byvoorbeeld die dienste van huisvrouens in. Die meeste van hierdie pryslose, tradisionele huiswerk word nou verdeel in nuwe dienstenywerhede soos droogskoonmakers, wasserye, gekookte etes, ens. Verder het die huisvrou vandag moderne geriewe soos skottelgoedwassers, poleerders, elektriese klitser, ensovoorts. Met ander woorde 'n aansienlike deel van die dienste wat sy gebruik, word nou voorsien deur gespesialiseerde kapitaal en arbeid. Hoewel die diens van die huisvrou nie 'n prys het nie en nie in die bruto nasionale produk verskyn nie, word 'n groot deel van hul diens in inkomste ontvang via die moderne geriewe wat 'n deel is van die waarde van die bruto nasionale produk. In hierdie mate sal historiese vergelykings hierdie verbetering oorskat.

Ander voorbeelde verwys na die verwydering van afval en riool-vullis wat essensieel vir openbare gesondheid in digbewoonde gebiede is, terwyl sulke uitgawes in klein landelike gemeenskappe nie nodig is nie. Die vinnige groei van bevolking en digbewoonde gebiede lei tot die onvermydelike ineenstorting van die sosiale lewe van 'n klein dorpie. Daar volg nou 'n soeke na nuwe vorme van troos en ontspanning soos musiekuitvoerings, karnavalle, bioskope, ensovoorts.

Hoewel dit dus met die eerste oogopslag lyk na 'n bydrae tot 'n hoër lewenstandaard, lewer dit eerder 'n bydrae tot hoër lewenskoste. Soveel van 'n volk se inspanning en vernuf word vandag op gesofistikeerde produkte en dienste in die voorsiening van basiese biologiese en fisiese behoeftes bestee, wat

ontstaan omdat industrialisasie en modernisering in 'n land plaasgevind het. Hierdie behoeftes word baie maklik in die voor-industrialisasie tydperk (minder-ontwikkelde lande) bevredig.

2.3 BEVOLKING

Die aantal inwoners van 'n land verskyn in die noemer van die verhouding wat per capita produk bepaal. Dit is dus nodig om hierdie begrip te ontleed om te kyk of dit 'n belangrike invloed op die grootte van per capita produk kan hê. Elke jaar word tussen 75 en 80 miljoen mense by die wêreldbevolking gevoeg (Todaro, 1977, p. 667). Hierdie toename veroorsaak nie net 'n getalle-probleem nie, maar is ook vir die welvaart van die mense in die wêreld 'n probleem. Dit is dus nodig om die omvang en kenmerke van die bevolkingsgroei te ontleed en daarna enkele probleme wat hieruit ontstaan kortliks te bespreek. Die lewensverwagting van die bevolking word soms gebruik om tussen ontwikkelde en minder-ontwikkelde lande te onderskei, en daarom word hierdie nie-monetêre aanwyser met behulp van 'n voorbeeld verduidelik.

2.3.1 OMVANG

Die lewensduur van mense het die afgelope tyd grootliks toegeneem as gevolg van die vooruitgang van die mediese beroep en hoër lewenstandaarde. Dit is teweeggebring deur veral die volgende faktore:

- (i) Die ontwikkeling van antibiotika en insektegif;
- (ii) die evolusie van effektiewe openbare gesondheidsorganisasies in veral lae inkomste lande; en
- (iii) verbeterde sanitasie.

Tweehonderd jaar gelede was die lewensduur 30 of 35 jaar, selfs in lande met gunstige gesondheidsomstandighede (Okun en Richardson, 1961, p. 247). In die meeste lande het die lewensverwagting verdubbel en hoewel sterftes in gebiede met 'n lae lewenspeil en min mediese en swak sanitêre fasiliteite nog hoog is, is aansienlike vooruitgang ten opsigte van die bestryding van siektes en dus sterftes gemaak. (In §

2.3.3 word lewensverwagting as 'n nie-monetêre aanwyser beskou.

Die bevolkingsgroei vandag is dus die gevolg van die vinnige oorgang van 'n lang historiese tydperk van 'n hoë geboorte- en 'n hoë sterftekoers, na 'n tydperk waar die sterftekoers skerp afgeneem het, terwyl die geboorte-koers, veral in minder-ontwikkelde lande dieselfde gebly het. In 1750 was die bevolking van die wêreld 700miljoen, in 1850 was die 1:200miljoen en ongeveer 2 500miljoen in 1950. Die toename in bevolking sedert 1850 is reeds baie groter as die toename vanaf menslike bestaan tot 1850 (Okun en Richardson, 1961, p. 248).

In tabel 2.3 word die geboorte- en sterftekoers van 'n aantal lande aangetoon. Hieruit blyk dat daar 'n gemiddelde koers van toename is, wat heelwat groter by minder-ontwikkelde lande as by ontwikkelde lande is.

TABEL 2.3 GEBOORTE- EN STERFTEKOERSE VAN 'N AANTAL LANDE (1967 - 1968)

Land	Benaderde Geboorte-koers (Per 1000)	Benaderde sterfte-koers (Per 1000)
<u>Noord-Amerika</u>		
Kanada	17,7	7,7
Mexiko	43,5	9,6
V.S.A.	17,4	9,6
<u>Suid-Amerika</u>		
Argentinië	22,3	8,7
Brasilië	41-43	10-12
Chili	30,9	9,5
Peru	44-45	12-14
<u>Europa</u>		
Frankryk	16,8	11
Italië	17,6	10,1

Afrika

Ghana	47-52	24
Marokko	46,1	18,7
Rhodesië	48,1	14

Bron: Baldwin, 1972, p. 10.

Diegene wat vir die toekoms beplan, moet dus die groei in die bevolking in aanmerking neem om realistiese doeleindes vir indiensname, produksie, onderwys en ander behoeftes wat mag kom, te stel. Hulle moet bowenal die effek van die produktiwiteit en lewenstandaard in aanmerking neem. 'n Toename in bevolking hou dus in dat daar nou meer persone is wat in die produksie van die land moet deel.

Malthus se bevolkingsteorie, naamlik dat produksie met 'n .. rekenkundige verhouding toeneem teenoor bevolking wat teen 'n geometriese progressie toeneem, is 'n oorvereenvoudiging van die wette van bevolking en ekonomiese groei. Lande soos die V.S.A. het aangetoon dat toenemende produksie 'n vinnig toenemende bevolking kan oortref, selfs vir lang periodes (Okun en Richardson, 1961, p. 249).

Hedendaagse skrywers stem in die algemeen ooreen dat bevolkingstoename in sommige gevalle ekonomiese en sosiale vooruitgang kan strem (Okun en Richardson, 1961, p. 250). Hulle beklemtoon ook (meer as die sosialiste) die struikelblokke om produksie te verhoog, soos 'n tekort aan grond en ander produksiefaktore. Die vraag hoe bevolkingsgroei materiële welvaart van mense beïnvloed, verleen nie 'n algemene antwoord wat altyd geldig is nie. Sekere omstandighede is verskillend in verskillende dele van die wêreld. Lande in byvoorbeeld Asië, het 'n baie groot bevolking in verhouding met hul grondgebied. Ander lande soos An Afrika, het weer buitengewone natuurlike hulpbronne, maar te min kapitaal en tegniese opgeleide mannekrag om die hulpbronne te ontwikkel.

Om saam te vat kan die demografiese eienskappe van lae inkomste lande, soos deur Coale (Spiegelglas en Welsh, 1970, p. 153 - 154) gestel, beskou word;

- (i) Hoë geboortekoerse;
- (ii) 'n Lae of 'n vinnig afnemende sterftekoers as gevolg van die uitvinding en toepassing van lae koste tegnieke van openbare gesondheid;
- (iii) versnellende bevolkingsgroei as gevolg van bogenoemde faktore;
- (iv) 'n baie jong ouderdomsverdeling as gevolg van die hoë geboortekoerse; en
- (v) die variëring van bevolkingsdigtheid byvoorbeeld ongeveer 5 persone per vierkante kilometer in Bolivia en ongeveer 300 persone per vierkante kilometer in Korea.

2.3.2 ENKELE PROBLEME VAN DIE BEVOLKING VERAL TEN OPSIGTE VAN MINDER-ONTWIKKELDE LANDE

Bevolking beïnvloed die probleem van die verkryging/handhawing van 'n bevredigende lewenstandaard op drie maniere:

2.3.2.1 AFHANKLIKHEIDSLAS

'n Hoë geboortekoers gee 'n swaar afhanklikheidslas. Enige land moet in menslike kapitaal, sowel as fisiese toerusting investeer, met ander woorde in opleiding en onderwys vir die volgende geslag. Die verantwoordelikheid van hierdie soort investering word deur die ouer geslag gedra. Hierdie las op die volwasse werker, hang gedeeltelik van die relatiewe aantal kinders en volwassenes in die bevolking af. Hoe meer kinders in 'n familie, hoe moeiliker is dit om te spaar en sodoende word investering ook bemoeilik.

Die ouderdomsgroep tussen 15 - 64 jaar is naastenby die ekonomies aktiewe bevolking en verantwoordelik vir die onderhoud van die land se mense. Die kinders onder die ouderdom van 15 jaar is net minder as die helfte van die totale bevolking van die Derde Wêreld[†], teenoor ongeveer een kwart van die bevol-

† Die Derde Wêreld is die huidige ongeveer 118 minder-ontwikkelde lande van Asië, Afrika, die Midde-Ooste en Latyns-Amerika wat gekenmerk word deur 'n lae lewenstandaard, hoë bevolkingsgroei, lae per capita inkomste en wat algemeen ekonomies en tegnologies van die ontwikkelde lande afhanklik is (Todaro, 1977, p. 434).

king van die ontwikkelde lande. In Nigerië en Kenia, byvoorbeeld, was 45 en 48 persent van die bevolking respektiewelik onder die ouderdom van 15 jaar, teenoor 21 persent in Swede (Todaro, 1977, p. 172). Die jeug se afhanklikheidsverhouding - dit is die verhouding van die jeug onder vyftien jaar ten opsigte van die ekonomiese aktiewe grootmense (15 - 64 jaar) - is dus baie hoog in die Derde Wêreld as gevolg van hul ouderdomsstruktuur. Die arbeidsmag in veral minder-ontwikkelde lande moet ongeveer twee maal meer kinders versorg as in die ryker lande. In die algemeen geld dus dat met 'n hoër bevolkingsgroei die verhouding van afhanklike kinders van die bevolking groter sal word. Dit word dan moeiliker om hulle te versorg.

In minder-ontwikkelde lande word hierdie las van kinders verlig deur hulle op 'n jong ouderdom te laat werk. Maar omdat hulle nie 'n bevredigende opleiding en onderwys gehad het nie, kan dit nie as 'n volkome oplossing van die ekonomiese probleem gesien word nie.

2.3.2.2 ARBEIDSMAG

'n Dalende sterftekoers met 'n hoë geboortekoers bring 'n toename in bevolking en dus 'n toename in arbeidsmag mee. Groot investeringe moet gemaak word om die mens van werk te voorsien, sodat toenemende bevolkingsgroei die kapitaaltekort vergroot. 'n Groter voorraad van produksiefasiliteite word vereis om dieselfde produktiwiteit per kop te handhaaf. Hierdie investering is nie altyd moontlik nie en die inkomste per kop kan selfs verlaag.

2.3.2.3 DIGTHEID

Die grondliggende gedagte hier is dat as daar te veel werkers relatief met betrekking tot die beskikbare bronne is, is die per capita produk kleiner as wat dit met 'n kleiner aantal werkers sou gewees het. 'n Bevolkingstoename kan hierdie digtheidsprobleem verder laat verhoog. In veral minder-ontwikkelde lande kry mens 'n uitermate hoë digtheid van die landboubevolking in verhouding met bewerkbare grond. Dit veroorsaak dat vooruitgang en dus 'n verbetering van die lewenstan-

daard nie plaasvind nie, omdat 'n klein grondgebied byvoorbeeld; die effektiewe toepassing van verbeterde tegnieke en toerusting belemmer.

2.3.3 NIE-MONETÊRE AANWYSERS

Die wye gaping tussen die lewenstandaard in ontwikkelde teenoor minder-ontwikkelde lande word ook soms deur nie-monetêre aanwysers aangetoon. Dit word gedemonstreer deur die gemiddelde lewensverwagting van 'n persoon in 'n ontwikkelde land met een in 'n minder-ontwikkelde land te vergelyk. Die gemiddelde lewensverwagting van 'n persoon in 'n ontwikkelde land is byvoorbeeld 70 jaar teenoor 50 jaar in 'n minder-ontwikkelde land (Baldwin, 1972, p. 6); (vergelyk 2.3.1 p. 41).

As mens die verskille in voeding of die aantal mense per dokter in berekening bring, is die feit dat sulke verskille in gemiddelde lewensduur bestaan, nie verrassend nie. Tabel 2.4 gee nie-monetêre aanwysers van lewenstandaard in ontwikkelde en minder-ontwikkelde lande. Dit toon duidelik dat die lewensverwagting van persone in ontwikkelde lande baie hoër is as in minder-ontwikkelde lande.

TABEL 2.4 DIE LEWENSVERWAGTING EN PERSONE PER DOKTER IN 'N AANTAL LANDE

	Lewensverwagting (jare)	Persone per dokter
Ontwikkelde lande	70	750
V.S.A.	70	670
Minder-ontwikkelde lande	51	3 800
Afrika	40	17 600
Oos-Asië	49	4 500
Latyns-Amerika	59	1 700

Bron: Baldwin, 1972, p. 7.

Uit die aantal persone per dokter kan 'n mens verder aflei dat

in minder-ontwikkelde lande (byvoorbeeld Afrika) daar soveel persone per dokter is, dat dit beteken dat daar min mediese dienste beskikbaar is en heelwat persone sonder mediese dienste moet klaarkom. Gevolglik is die sterftekoers daar hoër en die gemiddelde lewensverwagting korter as in ontwikkelde lande.

2.3.4 GEVOLGTREKKING

Hoe groter die aantal mense in 'n land hoe groter moet die nasionale produksie wees om elke individu daarin te laat deel. 'n Bevolkingstoename kan die groei van die per capita produk beïnvloed. Indien die teller (dit is die bruto nasionale produk) konstant bly, sal die toename in die bevolking lei tot 'n daling in die per capita produk. Vir 'n toename in die per capita produk sal die teller (bruto nasionale produk) relatief meer moet toeneem as die noemer (bevolking). Die ouderdomsverdeling van die bevolking bring egter mee dat daar 'n groot afhanklikheidslas kan wees wat veroorsaak dat aktiewe arbeiders meer inkomste op verbruik bestee en minder op spare. Dit beïnvloed investering en gevolglik neem die bruto nasionale produk nie genoeg toe nie. Aan die ander kant kan die teller baie vinniger as die noemer (bevolking) toeneem as gevolg van ryk hulpbronne soos olie, en kan die per capita produk wel hoog wees. Dit mag wel moontlik wees dat 'n hoë per capita produk in hierdie geval nie altyd beteken dat alle inwoners daar in deel nie, maar slegs die eienaars van die ryk hulpbronne. Hierdie aspek van ongelyke inkomsteverdeling sal in § 3.4 p. 61 behandel word.

2.4 WISSELKOERSE

Indien 'n land die per capita produk vir binnelandse beleids- of beplanningsdoeleindes gebruik, is daar nie 'n probleem nie, want dan word produksie in terme van die eie geldeenheid uitgedruk. Die probleem lê gewoonlik daarin om die per capita pro-

duk internasionaal tussen lande te vergelyk.

2.4.1 SOORTE

Daar is hoofsaaklik twee maniere van internasionale vergelykings:

2.4.1.1 RELATIWITEIT

Komponente van die bruto-nasionale produk word as 'n persenta= sie van die totaal uitgedruk. Die probleem lê hierin die ver= gelykbaarheid van begrippe in die bruto nasionale produk en die verdeling in verskillende komponente, byvoorbeeld verbruik, investering en owerheidsuitgawes. In hierdie geval word nie van wisselkoerse gebruik gemaak nie.

2.4.1.2 ALGEMENE GELDEENHEID

Vir die omskakeling van die bruto nasionale produk in 'n alge= mene geldeenheid, byvoorbeeld die dollar, word 'n wisselkoers gebruik. 'n Wisselkoers word as 'n binnelandse prys van 'n buitelandse geldeenheid gedefinieer. Daar is hoofsaaklik twee soorte wisselkoerse, naamlik vaste of stabiele wissel= koerse en vry fluktuerende of swewende wisselkoerse. Onder die goudstandaard of vaste wisselkoers word 'n vaste basis waarvolgens 'n land se geldeenheid in dollars omgesit kan word verkry (hoewel dit nie noodwendig 'n ewewigskoers voorstel nie). Swewende wisselkoers varieer van dag tot dag en dit is moeilik om 'n stabiele ewewigskoers te bepaal. Afgesien van watter soort wisselkoers gebruik word, bestaan die volgende probleme nog:

2.4.2 PROBLEME

2.4.2.1 EWEWIGSKOERS

Die wisselkoers moet daardie koers wees wat werklike handel aandui, dit wil sê 'n vrye-markewewigskoers wat die ewewig tussen vraag en aanbod aandui. Valutakontrole en kwantitatiewe beperkings op handel veroorsaak dat die koers nie die regte ewewigsverhouding aandui nie. Om gelykheid te verkry, selfs vir produkte en dienste wat internasionaal verhandel word, is dit nodig dat daar 'n langtermynewewig in wisselkoers moet bestaan (Gilbert en Kravis, p. 5). Om hierdie probleem te oorkom word 'n wisselkoers geneem wat in 'n periode baie naby aan vrye-markewewig was, en daarvolgens word die koopkragpariteit bereken. Die koopkragpariteitteorie stel dat die wisselkoers tussen twee lande in dieselfde verhouding as die pryspeil van daardie lande sal wees. (Haines, 1966, p. 735). As die produkte byvoorbeeld in land A goedkoper is as in land B, dan sal die vraag na land A se geldeenheid verhoog en die wisselkoers sal verander totdat die relatiewe pryse, volgens wisselkoers, in albei lande dieselfde sal wees. As alle produkte en dienste internasionaal beweeg, kan die koopkragpariteit baie betroubaar wees, maar sekere produkte wat nie internasionaal beweeg nie, byvoorbeeld woonhuise, beïnvloed nie die wisselkoers nie. (Vergelyk § 2.4.2.4) Terselfdertyd word die wisselkoers deur 'n aantal transaksies beïnvloed wat nie in die prysindeks ingesluit is nie, byvoorbeeld eensydige oordragte soos geskenke (Haines, 1966, p. 735).

2.4.2.2 TARIEWE EN VERVOERKOSTE

'n Tweede verwante probleem is tariewe en vervoerkoste wat weer 'n vrye ewewig in wisselkoerse verhoed. Indien 'n land meer invoer as uitvoer sal die vraag na buitelandse geld verhoog. Die owerheid kan nou die invoer demp deur die heffing van tariewe op invoerprodukte, dit wil sê 'n verhoging van invoerpryse en gevolglik 'n daling in die vraag na buitelandse geld. Die ewewig van invoer en uitvoer word kunsmatig geskep. 'n Swewende wisselkoers sou die wisselkoers outomaties so aan-gepas het dat invoer duurder en uitvoer goedkoper sou wees. Dieselfde geld by uitvoersubsidies wat die owerheid betaal om die uitvoer te stimuleer.

Vervoerkoste veroorsaak dat produkte goedkoper in die uitvoer-land as in die invoerland is. Dit veroorsaak dat die gemiddelde pryspeil in die twee lande verskil en die invoerland kan moontlik minder invoer as gevolg van hoër pryse weens die vervoerkoste.

2.4.2.3 PRYSVERSKILLE

Selfs as die verhouding van pryse van internasionaal verhandelbare produkte ongeveer dieselfde as die wisselkoers is, sal die finale pryse aan binnelandse kopers heelwat kan verskil as gevolg van verskille in indirekte belastings, binnelandse produksieprosesse, interne vervoer en verspreidingskoste en verskille in behoeftes. As die wisselkoers byvoorbeeld die regte verhouding van die prys van koring of meel tussen twee lande gee, is dit onwaarskynlik dat die wisselkoers die regte verhouding vir die prys van brood, wat die verbruiker koop, weerspieël. Dit is slegs hierdie finale produk wat gebruik word om 'n land se produksie na 'n buitelandse geldeenheid om te skakel. (Gilbert en Kravis, p. 15).

2.4.2.4 NIE-VERHANDELDE PRODUKTE

Sekere finale produkte beweeg nie internasionaal nie. Gevolglik is dit moeilik om 'n internasionale prys daaraan te koppel. Ryk lande is ryk omdat hulle meer produkte soos motors, radio's, klere, voedsel, ensovoorts besit en dit gee 'n hoër lewenstandaard. Volgens koopkragpariteit sal die prys van sulke produkte oral dieselfde wees, maar dienste is relatief goedkoop in arm lande waar dit volop is en duur in ryk lande waar dit skaars is. Gevolglik is die nasionale inkomste van ryk lande groot omdat hulle nie alleen meer produkte gebruik nie, maar omdat die pryse van hulle dienste hoër is.

2.5 DIE TEKORTKOMINGE VAN DIE PER CAPITA PRODUK AS MAATSTAF

2.5.1. INSPANNING EN NATUURLIKE BRONNE

Koste en opoffering in terme van menslike inspanning en natuurlike bronne word nie in aanmerking geneem nie. Per capita inkomste, as maatstaf van ekonomiese welvaart, kan misleidend wees, want dit fokus op die opbrengs van ekonomiese aktiwiteit, terwyl die opoffering geassosieer met die aktiwiteit self, buite rekening gelaat word. (Vergelyk § 2.2.) Dit word algemeen aanvaar dat werk en inspanning behoeftebevrediging verminder. Indien 'n groter produksie verkry word as gevolg van 'n groter inspanning van die kant van die bevolking, kan die styging van die per capita inkomste met 'n laer (of stadiger toename in) ekonomiese welvaart vergesel word. Soos wat die Westerse ekonomie ontwikkel het, het die werkweek verkort en die hoeveelheid vrye tyd toegeneem. Dit beteken dat die ekonomiese welvaart vinniger toegeneem het as wat die indeks van die per capita inkomste aantoon, omdat vrye tyd 'n komponent van ekonomiese welvaart maar nie van per capita inkomste is nie. Algemeen, hoe hoër die waarde wat 'n gemeenskap aan vrye tyd heg, hoe minder direk is die verband tussen inkomste per capita en ekonomiese welvaart (Okun en Richardson, 1961, p. 232).

As gevolg van die probleem om vrye tyd in aanmerking te neem, kan 'n indeks van produksie per man-uur, eerder as produksie (of inkomste) per capita, 'n meer geskikte maatstaf vir ekonomiese welvaart wees. So 'n indeks meet nie net die produksie van ekonomiese aktiwiteit (in die teller) nie, maar ook die inset van menslike bronne (in die noemer). Die swakheid van hierdie tipe indeks is dat die gemiddelde peil van materiële welvaart nie met sekerheid afgelei kan word nie. Maar omdat produksie per man-uur die gemiddelde peil van materiële welvaart betekenisvol beïnvloed, bestaan daar 'n hoë positiewe korrelasie tussen die materiële welvaart en produksie per man-uur (Okun en Richardson, 1961, p. 232).

Dieselfde as die vraag na arbeidsinset is die vraag na natuur-

like en uitputbare bronne. Daar kan geargumenteer word dat die uitputting van hierdie bronne nie toepaslik vir ekonomiese welvaart is nie, mits die huidige bevolking van 'n land verkies om die toekoms te verontagsaam. As die bevolking egter 'n waarde heg aan die bewaring van bronne vir toekomstige geslagte sal die uitputting van natuurlike hulpbronne as 'n negatiewe faktor in enige skatting van ekonomiese welvaart beskou word.

2.5.2 VERBRUIK PER CAPITA

Die geheel karakter van die per capita produk is die meting van totale produksie eerder as verbruik of lewenstandaard. Omdat dit die uiteindelijke doel van ekonomiese aktiwiteit (bruto nasionale produk) is om die vloei van produkte en dienste na die verbruikers te laat toeneem, meen sommige ekonome dat die begrip ekonomiese ontwikkeling 'n kriteria oor 'n algemene verbeterde lewenstandaard moet inkorporeer (Okun en Richardson, 1961, p. 233). Dit bring 'n vraag oor die toepaslikheid van die per capita inkomste indeks as 'n meting vir materiële welvaart. Per capita inkomste sluit nie net verbruiksprodukte in nie, maar ook investeringsprodukte wat bestem is om 'n toekomstige stroom van verbruik en addisionele investering te ontwikkel. As die toekoms in die ekstreme geval veronagsaam word, sal ekonomiese welvaart slegs van huidige verbruik afgelei word. Dus 'n indeks van verbruik per capita sal 'n meer betekenisvolle maatstaf van ekonomiese welvaart as inkomste per capita wees.

Maar omdat die toekoms nie heeltemal buite rekening geëlaat kan word nie, is die probleem baie meer ingewikkeld. 'n Toename in investering wat met 'n vermindering van huidige verbruik verkry is, sal die stroom van toekomstige verbruik laat toeneem. Een land kan sy huidige verbruik opoffer om sodoende toekomstige verbruik te verhoog, terwyl 'n ander 'n relatiewe groter deel van produksie vir huidige verbruiksuitgawes aanwend. Die indeks wat verbruik per capita aantoon en wat bedoel is om die verskil in ekonomiese welvaart tussen twee lande te vergelyk, sal onvoldoende wees. Dit neem nie die verskil ten opsigte van verskillende evaluering van die toekoms, in aanmerking nie.

2.5.3 DISTRIBUSIE VAN INKOMSTE

Die per capita produk van 'n land neem nie die distribusie van inkomste in aanmerking nie. (Dit wil sê, 20 persent van die bevolking kan byvoorbeeld 80 persent van die totale inkomste ontvang, hoewel per capita produk toon dat almal ewe veel ontvang.) Daarom kan per capita inkomste 'n misleidende indeks gee van die stand van ekonomiese ontwikkeling of die ekonomiese welvaart van 'n land. So het Koeweit byvoorbeeld 'n geweldige hoë peil van per capita inkomste, maar kan geensins as 'n ontwikkelde land beskou word nie. As gevolg van sy uitgestrekte olievelde wat aan die magnate behoort, is per capita inkomste hoog ten opsigte van sy klein bevolking. (In die volgende hoofstuk word hierdie probleem volledig ontleed aangesien die ongelykheid 'n probleem by ekonomiese ontwikkeling is.)

2.6 SAMEVATTING

Die per capita produk weerspieël die verhouding tussen die bruto nasionale produk en die bevolking van 'n bepaalde land. Dit toon dus in watter mate elke individu in die produksie van 'n land deel het. Hierdie bruto nasionale produk is 'n bekende begrip in die ekonomie en gee 'n juiste weergawe van die ekonomiese aktiwiteite van 'n land. Dit is dus 'n objektiewe maatstaf wat 'n noukeurige en betroubare geldwaarde aan die produksie van 'n land heg. Die per capita produk kan dus betroubare inligting verskaf en is veral nuttig vir die gebruik by internasionale vergelykings.

Ekonomiese ontwikkeling word egter breër geïnterpreteer as net 'n vooruitgang in ekonomiese aktiwiteit. Dit het byvoorbeeld ook 'n spesiale dimensie wat inhou dat die welvaart van 'n volk geraak word. Weens die afwesigheid van 'n goeie objektiewe, vergelykbare sosiale maatstaf, is per capita produk gebruik om selfs die welvaart van 'n volk te weerspieël. Dit is veral hierdie gedagte wat aanleiding tot die opsporing van sekere begripsprobleme en tekortkominge gegee het. Ten spyte van al die tekortkominge van per capita inkomste as maatstaf van materiële welvaart is dit steeds die mees algemene maatstaf van die ekonomiese prestasiepeil of verandering in prestasiepeil. Per capita inkomste gee 'n aanduiding van ver-

skille oor 'n termyn in die ekonomiese aktiwiteite van 'n land, sowel as die verskille tussen lande op 'n sekere tydstip. Begripsprobleme en onvolkome beskikbaarheid van data waarsku mens om nie altyd te veel vertrou e aan per capita gegewens te heg nie. Dit vergroot waarskynlik die reële verskille tussen lande.

HOOFSTUK 3

DIE DISTRIBUSIE VAN INKOMSTE

3.1 INLEIDING

In die wêreld lewe elkeen onder verskillende omstandighede. Sommige het gerieflike huise met baie kamers, genoeg kos, kleure, luukse produkte en goeie gesondheid. Ander is minder gelukkig - hulle het min of geen beskutting nie, onvoldoende voedsel, swak gesondheid, kan nie lees of skryf nie en is werkloos.

In minder-ontwikkelde lande is die algemene lewenstandaard laer vergeleke met ryk lande, maar in dieselfde gemeenskap handhaaf sommige 'n laer lewenstandaard as ander. Hierdie lae lewenstandaard word kwantitatief en kwalitatief gesien in die vorm van lae inkomstes (armoede), onvoldoende behuising, swak gesondheid, beperkte of geen onderwys nie, hoë kindersterftes, lae lewens- en werkvooruitsigte.

Daar is reeds aangetoon dat die bruto nasionale produk gebruik word om die welvaart van 'n bevolking te weerspieël (Vergelyk § 2.2.2, p.33) Een van die tekortkominge van die bruto nasionale produk was juis die ongelyke inkomstedistribusie wat aantoon dat die bruto nasionale produk nie die algemene welvaart van die bevolking weerspieël nie.

Om die verdeling van inkomste in 'n land te ontleed, kan van die volgende metodes gebruik gemaak word. Die gedeelte van nasionale inkomste wat na die armste 20 persent van die bevolking gaan, kan met die inkomste van die rykste 20 persent of ander groepe van die bevolking vergelyk word. Daar kan ook na die werklike geldontvangstes van elke groep van die bevolking gekyk word. Tabel 3.1 weerspieël inligting in verband met die distribusie van inkomstes in 'n ontwikkelde land, naamlik die V. S.A.

Hieruit is dit duidelik dat inkomste ongelyk verdeel word. Die boonste 20 persent van die bevolking het inkomstes van meer as R14 720 of bykans 42 persent van alle inkomstes, teenoor die onderste 20 persent van die bevolking met 'n inkomste benede R3 190 of slegs 5,5 persent van die totale inkomste.

TABEL 3.1. DIE GEDEELTE VAN GELDINKOMSTE VAN FAMILIE-EENHEDE VAN DIE V.S.A.

Familie-een- hede volgens inkomste	Persenta- sie van to- totale in- komste	Die gemiddel- de van elke vyfde se in- komste	Laagste Inkom- ste van elke vyfde
Laagste vyfde	5,5	R. 2 771	-
Tweede vyfde	11,9	R 5 996	R 3 190
Derde vyfde	17,4	R 8 767	R 7 513
Vierde vyfde	23,7	R11 942	R10 278
Hoogste vyfde	41,6	R20 961	R14 720

Bron: Heilbroner, 1975, p. 245.

Aangesien die welvaart van 'n individu van sy inkomste af-

- 1) 'n Familie-eenheid is waar twee of meer persone in dieselfde woonhuis bly, en dus bloedverwante is of getroudes. 'n Enkele persoon wat alleen bly en geen verbande het nie, is dus ook 'n familie-eenheid.
- 2) Wisselkoers 1\$ = R0,87 vergelyk voetnota p. 22.

hanklik is, en ekonomiese ontwikkeling die verhoging van daardie welvaart beoog, word hierdie hoofstuk gebruik om die distribusie van inkomste in lande te ondersoek. Daar word gelet op hoe die ongelyke inkomstedistribusie gemeet word. Verder word faktore wat die ongelyke inkomstedistribusie kan verander, bespreek. Vooraf word armoede en enkele begripsprobleme wat vir die verdere bespreking noodsaaklik is, ontleed.

3.2 ARMOEDE

Armoede kan beskryf word as die toestand waarin daardie persone benede 'n gespesifiseerde minimum bestaansinkomstepeil verkeer. Laasgenoemde is die basiese benodigdhede van voedsel, klere en beskutting wat vir voortbestaan nodig is (Todaro, 1977, p. 67). Dit is egter moeilik om 'n enkele bestaanspeil te bepaal wat as basis vir die 'armoedegrens' kan dien (Atkinson, 1975, p. 187).

Verskeie uitgangspunte is moontlik soos wat hieronder blyk. Word net voedsel as basis geneem, ontstaan die probleem dat elke individu se voedselbehoefte byvoorbeeld van die peil van arbeidsaktiwiteit afhanklik is. So het die kantoorwerker minder energie as 'n mynwerker of plaaswerker nodig. Waar die grens sal wees, sal van die bepordeling van die navorser afhang. Selfs al kan die hoeveelheid voedsel, dit wil sê, vitamines, proteïene, ensovoorts, bepaal word, sal daar nog steeds probleme weens die verskil tussen deskundige beoordeling en werklike verbruikersgedrag ontstaan. Huisvrouens het byvoorbeeld nie altyd die dieetkennis om die laagste voedselkoste te bereken nie. Dikwels word arm families ook gedwing om voedsel op 'n onekonomiese wyse aan te koop (hulle het byvoorbeeld nie genoeg geld om groot hoeveelhede van produkte aan te koop nie). Hiermee saam word eetgewoontes deur sosiale gebruike en gewoontes beïnvloed, byvoorbeeld 'n produk soos tee, wat min of geen voedingswaarde het nie, maar wat tog wel deur mense gebruik word (Atkinson, 1975, p. 188).

In die geval van nie-voedsel items is daar nog groter willekeurigheid. Hier moet besluit word hoeveel produkte soos 'n

radio, 'n daaglikse koerant, bier, tabak, vakansie, boeke, ensovoorts, as algemene standaard aanvaar moet word. Dit is reeds moeilik om hierdie items in 'n absolute 'bestaans'-difinisie te regverdig, en dan moet daar ook nog 'n waarde aan gekoppel word.

Enige betekenisvolle armoedegrens word onvermydelik deur die lewenstandaard van 'n volk beïnvloed. Armoede moet dus geïnterpreteer word in verhouding met die lewenstandaard van 'n spesifieke gemeenskap oor 'n spesifieke tydperk. Die behoefte aan inkomste wat vir voortbestaan nodig is, is veral nuttig om die armes in 'n land te identifiseer. As dit as grens aanvaar word, kan vir enige huishouding dus 'n inkomstepeil bepaal word waaronder sommige mense as arm beskou kan word. Dan kan sekere hulpprogramme in werking gestel word om die betrokke persone se lewenstandaard te verhoog. Die behoefte aan inkomste varieer volgens Tabbarah (Baster, 1972, p. 58) nie alleen met bestaande pryse van produkte nie, maar ook met die grootte van 'n huishouding. Daarom sal verskillende inkomstepeile vir armoede in verskillende huishoudings bepaal moet word. As vir die k^e huishouding, i die grootte, j die soort, Y die inkomste en N die behoefte van 'n huishouding is kan 'n indeks van armoede gegee word deur, $W = \frac{Y_k(i,j)}{N_{ij}}$ en 'n arm huishouding kan gedefinieer word as diegene waar $W < 1$ (Baster, 1972, p. 58).

'n Armoedegrens kan dus vir elke land bepaal word. So kan persone in 'n ontwikkelde land arm wees, hoewel sy per capita inkomste nog groter is as die in minder-ontwikkelde lande. Armoede is nog steeds 'n funksie van inkomste en daarom is dit nodig om vervolgens die begripsprobleme rondom inkomstes te ontleed, want groter kennis daarvan sal dit makliker maak om die armoedegrens te bepaal.

3.3 BEGRIPSPROBLEME

Daar is verskeie probleme ten opsigte van die begrip inkomste wat kortliks bespreek gaan word.

3.3.1 BEHOEFTE

Die verskille in inkomste van individue beteken nie noodwendig die bestaan van onregverdigheid nie. Dit is moontlik dat verskille in inkomste verskille in behoeftes weerspieël. Dit is ook moontlik dat verskille in ouderdom of 'n lang opleidingsperiode (vergelyk byvoorbeeld 'n mediese student met 'n praktiserende dokter) 'n verskil in inkomste meebring. Dit mag ook wees dat geeneen van hierdie faktore die volle mate van inkomsteverspreiding kan verduidelik nie. Maar inkomste van individue is belangrik omdat dit hul lewenstandaard kan weerspieël.

Inkomstedistribusie-gegewens toon nie iets oor die samestelling van die eenheid van inkomsteontvangers nie. Hierdie eenhede wat uit 'n enkel persoon, getroudes, getroudes met een of meer kinders bestaan, het nie dieselfde behoeftes nie. Die eenvoudigste is om te aanvaar dat alle lede dieselfde behoeftes het en dan die inkomste per kop te bereken. Maar hier word die verandering in die behoeftes van verskillende ouderdomme nie in aanmerking geneem nie. 'n Enkele persoon het byvoorbeeld minder inkomste nodig as 'n getroude persoon wat afhanklikes het. Jong getroudes stel meer belang in 'n huis met meubels en 'n nuwe motor teenoor 'n kind wat in speelgoed belangstel. Ouer en afgetrede persone stel weer meer belang in primêre produkte soos kos en klere en miskien mediese sorg. Netso verskil die behoeftes van 'n blinde of 'n dowe persoon, en word elkeen se inkomste volgens sy omstandighede gebruik. Weens die verskil in behoeftes is die aanduiding van inkomste dus nie 'n getroue weerspieëling nie.

3.3.2 DIE BEPALING VAN INKOMSTE

Verskeie aanwysers kan gebruik word om die ekonomiese posisie van 'n persoon aan te toon, soos inkomste voor belasting, inkomste na belasting, uitgawes of rykdom. Inkomste voor belasting word meer algemeen gebruik hoewel uitgawes 'n beter oorsig oor die bestedingspatroon aandui. Aan die anderkant is alle inkomste egter 'n potensiële besteding. Inkomste

moet dus goed beskryf word om aan te toon waaruit dit saamgestel is, byvoorbeeld verdienstes (lone en salarisse), investeringsinkomstes, oordragbetalings en kapitaalontvangstes.

3.3.3 TYDSPERIODE

Die tydspanne waarvoor inkomste ontvang word is ook van belang aangesien inkomste weekliks, maandeliks, jaarliks, of oor 'n dekade of leeftyd, bepaal kan word.

3.3.4 INKOMSTE-ONTVANGERS

Onderskeid moet gemaak word tussen die ontvangers van die inkomste. 'n Familie bestaan byvoorbeeld uit 'n man, vrou en afhanklike kinders. (Tabel 3.1 maak byvoorbeeld van 'n familie gebruik.) 'n Huishouding sluit ander afhanklikes in, soos 'n oupa, ouma of groot kinders. Individue is natuurlik die kleinste eenheid. Indien individue gebruik word, is daar 'n groot aantal mense soos vrouens en kinders wat nie 'n inkomste verdien nie. Tog is dit so dat getroude vrouens die inkomste van hul mans deel en die meeste kinders deur hul ouers onderhou word. Watter vorm die inkomste-ontvangers aanneem sal dus die mate van ongelyke inkomstedistribusie beïnvloed. Word individue geneem, waar persone soos kinders en vrouens nie inkomste ontvang nie, is daar 'n groter ongelyke inkomstedistribusie. As 'n familie as uitgangspunt geneem word, is die ongelyke inkomstedistribusie kleiner. Vir 'n huishouding, sal dit nog kleiner wees.

3.3.5 AKKURAAATHEID

'n Verdere probleem van inkomste is dat dit nie akkuraat bereken word nie. Veral met 'n vrywillige deelname aan 'n bevolkingsondersoek sal mense geneig wees om nie die waarheid te verstrek nie. Daar is byvoorbeeld dikwels 'n onderwaardering van veral investeringsinkomste. Aangesien die belastingbetaaler slegs belasting op gerealiseerde winste betaal, sal hul

teruggehoue winste nie op hulle belastingvorm verskyn nie. Tog is dit 'n deel van rykdom wat gewoonlik by die hoër inkomstegroepe gevoeg kan word (Atkinson, 1975, p. 59, 60).

3.3.6 VERGELYKINGS

Internasionale vergelykings van die distribusie van inkomste lewer probleme wat in aanmerking geneem moet word. (In §2.4.2 is daar ook probleme van internasionale vergelykings aange-
toon.) Die data van een land word byvoorbeeld uit die belasting opbrengs verkry (en dit sluit natuurlik nie die hele bevolking in nie). In ander lande word dit gebaseer op 'n steekproefondersoek of 'n sensus wat weer nie 'n goeie antwoord met betrekking tot verdienste oplewer nie. (Vergelyk § 3.3.5.) Belangrik is ook om die inkomste-eenhede in die verskillende lande dieselfde te hou, want hoe groter die inkomste-eenheid, hoe kleiner die graad van ongelyke inkomstedistribusie. (Vergelyk § 3.3.4.)

As daar met die betekenis van hierdie probleme rekening gehou word, kan die distribusie van nasionale inkomste nou meer volledig ontleed word.

3.4 DIE DISTRIBUSIE VAN NASIONALE INKOMSTE

3.4.1 OMSKRYWING

Daar is 'n verskil ten opsigte van die lone van professionele, nie-professionele, opgeleide en nie-opgeleide persone, dit wil sê verskillende groepe en beroepe van 'n land ontvang verskillende inkomstes. Die ongelykheid in die distribusie van inkomste hang af van die verdiende inkomste (lone), die konsentrasie van rykdom, en die relatiewe belangrikheid van inkomste, van verdienstes en van kapitaal. 'n Vergelyking van die distribusie van inkomstes van alle lande sal 'n mate van ongelykheid toon. Ongelykheid tussen inkomstes van ryk en arm word in beide ontwikkelde sowel as minder-ontwikkelde lande gevind. Die onge-

lykheid is ook gewoonlik groter in minder-ontwikkelde lande as in ontwikkelde lande. In tabel 3.2 word die distribusie van inkomste ontleed om die ongelykheid in enkele lande te bepaal. Die aandeel van nasionale inkomste wat aan die armste of laagste 40 persent behoort, word met die middelste 40 persent asook met die rykste of hoogste 20 persent vergelyk. 'n Hoë ongelykheid word beskou waar die laagste 40 persent minder as 12 persent van die nasionale inkomste kry, 'n matige ongelykheid is waar die laagste 40 persent tussen 12 persent en 17 persent besit, en 'n lae ongelykheid is waar die laagste 40 persent meer as 17 persent besit (Todaro, 1977, p. 69).

TABEL 3.2 KLASSIFIKASIE VAN ENKELE LANDE VOLGENS PER CAPITA INKOMSTE EN ONGELYKHEID

HOË ONGELYKHEID

BNP ¹⁾ tot R 261	BNP per Capita (rand)	A ³⁾	B ⁴⁾	C ⁵⁾	BNP (R261-R626)	BNP per Capita (rand)	A	B	C	BNP > R 626	BNP per Capita (rand)	A	B	C
Kenia (1969)	118	10	22	68	Colombië (1970)	311	9	30	61	Venezuela (1970)	873	7,9	27,1	65
Fillippyne (1971)	208	11,6	34,6	53,8	Brasilië (1970)	339	10	28,4	61,5	Finland (1962)	1391	11,1	39,6	49,3
Ivoorkus (1970)	215	10,8	32,1	57,1	Peru (1971)	417	6,5	33,5	60,0	Frankryk (1962)	1680	9,5	36,8	53,7
Rhodesië (1968)	219	8,2	22,8	69	Costa Rica (1971)	453	11,5	30	58,5					
Ekwador (1970)	241	6,5	20	73,5	Suid-Afrika (1965)	608	6,2	35,8	58					

MATIGE ONGELYKHEID

Tanzanië (1967)	77	13	26	61	Iran (1968)	289	12,5	33	54,5	Argentinië (1970)	939	16,5	36,1	47,4
Indië (1964)	86	16	32	52	Libanon (1960)	442	13	26	61	Nederland (1967)	1731	13,6	37,9	48,5
Zambië (1959)	200	14,5	28,5	57	Uruguay (1968)	538	16,5	35,5	48	Nieu-Seeland (1969)	2487	15,5	42,5	42
Turkye (1968)	245	9,3	29,9	60,8	Chili (1968)	647	13,0	30,2	56,8	Swede (1963)	2566	14	42	44

LAE ONGELYKHEID

Pakistan (1964)	87	17,5	37,5	30	Griekeland (1957)	435	21	29,5	49,5	Pole (1964)	653	23,4	40,6	36
Thailand (1970)	157	17	37,5	45,5	Joego-Slawië (1968)	460	18,5	40	41,5	Hongarye (1969)	992	24	42,5	33,5
Korea (1970)	204	18	37	45	Bulgarye (1962)	461	26,8	40	33,2	Australië (1968)	2183	20	41,2	38,8
Taiwan (1964)	210	20,4	39,5	40,1	Spanje (1965)	653	17,6	36,7	45,7	V.S.A. (1970)	4220	19,7	41,5	38,8

Bron: Vir verrekening van hierdie gegewens is Todaro, 1977, p. 68 - 69 gebruik.

- 1) BNP = bruto nasionale produk.
- 2) Om dollars in rand om te skakel is die wisselkoers R0,87 = \$1 gebruik. (voetnota hoofstuk 2, p. 22).
- 3) A toon die laagste 40 persent van die bevolking se persentasie inkomste.
- 4) B toon die middelste 40 persent van die bevolking se persentasie inkomste.
- 5) C toon die hoogste 20 persent van die bevolking se persentasie inkomste.


Uit tabel 3.2 is dit duidelik dat daar geen verband of korrelasie tussen die peil van per capita inkomste en die graad van inkomsteongelykheid bestaan nie. Die Filippyne het byvoorbeeld dieselfde per capita inkomste as Taiwan maar 'n groter inkomsteongelykheid tussen die boonste 20 persent en die onderste 40 persent van die bevolking. Hierdie verskynsel beklemtoon die feit dat ekonomiese ontwikkeling nie net gemeet kan word in terme van die peil en groei van totale inkomste of die per capita inkomste nie, maar ook hoe die inkomste tussen die bevolking verdeel word. Anders gestel, wie die voordeel uit ekonomiese ontwikkeling kry (Todaro, 1973, p. 67). Dit volg dus dat ongelyke inkomstedistribusie 'n belangrike aspek van ekonomiese ontwikkeling kan wees, en daarom moet die belangrikheid verder ondersoek word.

3.4.2 DIE BELANGRIKHEID VAN ONGELYKE INKOMSTEDISTRIBUSIE

As daar ongelyke inkomstedistribusie is, kan die boonste 20 persent van die bevolking van 'n land met behulp van hul koopkrag die produksie in daardie land beïnvloed. Hierdie feit word nou met behulp van verskillende voorbeelde ontleed.

Figuur 3.1 stel 'n produksiemoontlikheidskromme met twee groepe produkte, naamlik noodsaaklikhede (kos, klere, beskutting) en luukse produkte (motor, groot huis, ensovoorts) voor.

FIGUUR 3.1 PRODUKSIEMOONTLIKHEIDSKROMME TUSSEN TWEE GROEPE PRODUKTE



Die relatiewe produksiekombinasie in arm lande sal normaalweg in die omgewing van punt B wees en dié van ryk lande in die omgewing van punt A, omdat arm persone relatief meer van hul inkomste aan noodsaaklike produkte bestee. Die basiese bepa-

ler van 'n produkkombinasie in die markeconomie, is die peil van effektiewe totale vraag deur alle verbruikers, en hierdie vraag word primêr deur die peil en veral die distribusie van nasionale inkomste bepaal (Todaro, 1977, p. 137).

Die volgende voorbeelde (van Todaro, 1977, p. 137 - 140) illustreer die omvang van die distribusie van inkomste volledig:

Veronderstel 'n ekonomie het twee verbruikers en produseer twee produkte naamlik luukse produkte en noodsaaklike produkte. Veronderstel 'n persoon is arm indien hy vyf of minder eenhede inkomste per jaar ontvang. So 'n persoon kan byvoorbeeld 90 persent van sy inkomste op noodsaaklikhede en 10 persent op luukse produkte bestee. 'n Ryk persoon het 'n inkomste groter as 5 eenhede en sal byvoorbeeld weer 20 persent op noodsaaklikhede en 80 persent op luukse produkte bestee. Veronderstel die bruto nasionale produk in hierdie twee-persone, twee-produkte ekonomie is 8 eenhede. In tabel 3.3 word die uitgawe- en produksiepatrone van die twee individue gegee, waar in die een geval 'n gelyke inkomstedistribusie is en in die ander geval 'n ongelyke inkomstedistribusie.

TABEL 3.3: UITGAWE- EN PRODUKSIEPATRONE VAN 'N HIPOTETIESE EKONOMIE

Persoonlike inkomste (Y) (Verbruiksgeneigtheid)	Gelyke inkomstedistribusie		Ongelyke inkomstedistribusie	
	Individu No 1 Y = 4	Individu No 2 Y = 4	Individu No 1 Y = 7	Individu No 2 Y = 1
1. Noodsaaklikhede				
(a) $(0,9 \times Y \text{ as } Y \leq 5)$	3,6 $(0,9 \times 4)$	3,6		0,9
(b) $(0,2 \times Y \text{ as } Y > 5)$			1,4 $(0,2 \times 7)$	
2. Luukse produkte				
(a) $(0,1 \times Y \text{ as } Y \leq 5)$	0,4	0,4		0,1
(b) $(0,8 \times Y \text{ as } Y > 5)$			5,6	

Totale Vraag na Noodsaaklikhede = 7,2 en 2,3

Totale Vraag na luukse produkte = 0,8 en 5,7

Bruto nasionale produk 8 8

Per capita inkomste 4 4

By ongelyke inkomstedistribusie sal produksie in die omgewing van A in figuur 3.1 lê. In die relatiewe arm land, beteken die ongelyke inkomstedistribusie dat die ryk individue die patroon van produksie kan bepaal, omdat sy vraag meer gewig in die verbruiksproduktemark dra. Die per capita inkomste is in albei lande dieselfde.

In die volgende voorbeeld in tabel 3.4 word die uitgawes en produksiepatrone ontleed vir 'n ongelyke inkomstedistribusie met 5 persone en 'n bruto nasionale produk van 20 eenhede. (As die bruto nasionale produk gelyk verdeel sou word tussen die 5 individue met dieselfde voorkeure vir noodsaaklike en luukse produkte, sal die totale vraag na noodsaaklike produkte 18 eenhede wees en na luukse produkte 2 eenhede met 'n bestedingsgeneigdheid van 90 persent ten opsigte van noodsaaklike produkte.)

TABEL 3.4: UITGAWE- EN PRODUKSIEPATRONE VAN 'N VYF-PERSONE EN TWEE-PRODUKTE EKONOMIE

Persoonlike inkomste (Y) Verbruiksgeneigdheid	Individu No 1 Y = 16	Individu No 2 - 5 Y = 1 (x 4 = 4)
1. Noodsaaklike produkte		
(a) (0,9 as $Y \leq 5$)		0,9 (x 4 = 3,6)
(b) (0,2 as $Y > 5$)	3,2 (=0,2 x 16)	
2. Luukse produkte		
(a) (0,1 as $Y \leq 5$)		0,1 (x4 = 0,4)
(b) (0,8 as $Y > 5$)	12,8 (=0,8 x 16)	

Totale vraag na noodsaaklikhede = 6,8

Totale vraag na luukse produkte = 13,2

Bruto nasionale produk = 20

Per capita inkomste = 4

Hier het 80 persent van die inkomste (dit is 16 eenhede) na 20 persent van die bevolking gegaan (dit is 1 individu), wat beteken dat die produksie van die land in die rigting van punt A in figuur 3.1 sal beweeg.

Indien die bruto nasionale produk nou verdubbel van 20 na 40 en die bevolking neem toe van 5 na 8 persone, is die per capi-

ta inkomste groei van 4 na 5 eenhede. As hierdie bruto nasionale produk gelyk verdeel word, kan elkeen 4,5 op noodsaaklikhede ($0,9 \times 5$) en 0,5 van die inkomste op luukse produkte bestee. Die reële lewenstandaard kan met 25 persent verhoog en ekonomiese ontwikkeling sal dus plaasvind (die produksie-moontlikheidskromme sal uitwaarts beweeg).

In die laaste voorbeeld volgens tabel 3.5 word veronderstel dat die bruto nasionale produk weer verdubbel na 80 en die bevolking toeneem vanaf 8 na 13 persone. 'n Gelyke distribusie van inkomste word in tabel 3.5 vergelyk met 'n ongelyke distribusie van inkomste. By 'n gelyke distribusie is almal se inkomste groter as 5 eenhede en hul bestedingspatroon volgens ryk persone.

TABEL 3.5 DIE EFFEK VAN 'N TOENEMENDE BRUTO NASIONALE PRODUK EN HOËR PER CAPITA INKOMSTES OP VRAAG EN PRODUKSIE.

	Gelyke inkomstedistribusie	Ongelyke inkomstedistribusie
Persoonlike Inkomste (Y) (Verbruiksgeneigdheid)	Elk van 13 individue ±6,30 ($x13 = 81,9$)	2 Individue Y=32 ($x2=64$) 11 Individue Y=1,5 ($x11=16$)
1. Noodsaaklike produkte		
(a) ($0,9xY$ as $Y < 5$)		1,35 ($x11=14,8$)
(b) ($0,2xY$ as $Y > 5$)	1,26 ($x 13 = 16,4$)	6,4 ($12=12,8$)
2. Luukse produkte		
(a) ($0,1xY$ as $Y < 5$)		0,15 ($x11=1,6$)
(b) ($0,8xY$ as $Y > 5$)	5,04 ($x 13 = 65,5$)	25,6 ($x2=51,2$)
Totale Vraag na Noodsaaklikhede =	16,4	= 27,6
Totale Vraag na Luukse produkte =	65,5	= 52,8
Bruto nasionale produk =	81,9	= 80,4
Per capita inkomste =	6,3	= 6,3

By die ongelyke inkomstedistribusie oorheers die boonste 20 persent van die bevolking die vraag na produkte, en die produkombinasie lê in die omgewing van A in figuur 3.1

3.4.3 GEVOLGTREKKING

Uit bogenoemde voorbeelde kan die volgende afgelei word: Vir 'n gegewe lae peil van die bruto nasionale produk en die per capita inkomste, sal 'n ongelyke inkomstedistribusie die totale vraag meer deur die verbruiksgewoontes van die rykes laat beïnvloed. Hierdie ryk groep vorm gewoonlik 'n klein gedeelte van die bevolking en kan produksie in die rigting van die vervaardiging van luukse produkte laat beweeg.

Wanneer 'n verbeterde lewenstandaard as uitgangspunt gebruik word, is 'n verdere belangrike kenmerk wat deur die numeriese voorbeelde geïllustreer word dat 'n hoë koers van ekonomiese groei en 'n stygende peil van die per capita inkomste nie noodwendig ekonomiese ontwikkeling hoef te beteken nie. 'n Vergelyking van tabel 3.4 en tabel 3.5 toon dat die bruto nasionale produk 400 persent gegroei het, die per capita inkomste met meer as 55 persent, die onderste 80 persent van die bevolking se inkomste het met 50 persent gestyg teenoor die boonste 20 persent wat met 100 persent gestyg het. In reële terme beteken dit 'n toename van 0,5 en van 16 eenhede dit wil sê rykese reële inkomste het meer as 30 keer vinniger toegeneem (Todaro, 1977, p. 14). Uit hierdie voorbeelde behoort dit duidelik te wees hoe belangrik dit is om die inkomstedistribusie te bepaal. Daarom word die meting daarvan vervolgens bespreek.

3.5 DIE METING VAN INKOMSTEDISTRIBUSIE

Vir analitiese en kwantitatiewe doeleindes onderskei ekonome veral tussen twee maatstawwe van inkomstedistribusie alhoewel ander maatstawwe ook genoem word.

3.5.1 PERSOONLIKE OF DIE GROOTTE VAN DIE INKOMSTEDISTRIBUSIE

Hierdie maatstaf word algemeen deur ekonome gebruik. Dit toon eenvoudig die inkomste wat individuele persone ontvang. Die manier hoe dit ontvang word, word nie in aanmerking geneem nie,

want dit gaan slegs oor hoeveel ontvang word. Die plek (stedelik of platteland) en bron van inkomste (landbou, fabriekswese, handel, dienste) word nie vermeld nie. As beide persoon X en persoon Y dieselfde jaarlikse persoonlike inkomste ontvang, word hulle saam geklassifiseer nieteenstaande die feit dat persoon X 15 uur per dag op sy plaas werk teenoor persoon Y wat glad nie werk nie, maar slegs rente op sy erfdeel ontvang (Todaró, 1977, p. 142).

Hierdie maatstaf verdeel die bevolking in groepe volgens hul inkomste. Die algemene metode is om die bevolking in agtereenvolgende kwantiele (dit is 5 groepe) of desiele (tien groepe) volgens stygende inkomstes in te deel en dan te bepaal watter verhouding van totale nasionale inkomste elke inkomstegroep ontvang. In Tabel 3.6 word hierdie metode geïllustreer.

TABEL 3.6 DIE GROOTTE VAN INKOMSTEDISTRIBUSIE

Individue	Persoonlike Inkomste (geldeenheid)	Kwantiele (Persentasie van totale inkomste)	Desiele
1	0,8		
2	1,0		1,8
3	1,4		
4	1,8	5	3,2
5	1,9		
6	2,0		3,9
7	2,4		
8	2,7	9	5,1
9	2,8		
10	3,0		5,8
11	3,4		
12	3,8	13	7,2
13	4,2		
14	4,8		9,0
15	5,9		
16	7,1	22	13,0
17	10,5		
18	12,0		22,5
19	13,5		
20	15,0	51	28,5
Totaal:20	Totale Inkomste = 100	Totale persentasie = 100	Totale persentasie = 100


Bron: Todaro, 1977, p. 142

Tabel 3.6 begin met die laagste inkomste naamlik 0,8 en gaan tot by die hoogste individuele inkomste naamlik 15. Die kwantiel toon aan dat die onderste 20 persent van die bevolking 5 persent van die nasionale inkomste ontvang en die boonste 20 persent ontvang 51 persent van die nasionale inkomste.

'n Algemene maatstaf van inkomsteongelykheid wat van kolom 3 in tabel 3.6 afgelei kan word, is die verhouding van die inkomstes deur die onderste 40 persent ontvang vergeleke met die boonste 20 persent van die bevolking. In hierdie voorbeeld is dit dus 14 gedeel deur 51 of 0,28. (Vergelyk § 3.4.1.) Indien kolom 4 gebruik word, kan 'n nog vollediger beeld verkry word omdat daar nou meer groepe is. Hierdie gegewens kan ook nog op 'n grafiese manier voorgestel word, genaamd die Lorenz-kromme.

3.5.1.1 LORENZ-KROMME

Die kromme is vernoem na Conrad Lorenz, 'n Amerikaanse statistikus (Todaro, 1972, p. 143). Die kromme toon die verband tussen die bevolkingsgroepe en hulle onderskeie inkomstes. In figuur 3.2 word hierdie kromme voorgestel. Op die horisontale-as word die persentasie van die inkomsteontvangers aangedui. Die vertikale-as beeld die gedeelte van die totale inkomste wat elke persentasie van die bevolking ontvang af. Albei die asse toon die kumulatiewe toenames tot by 100 persent. In hierdie spesifieke geval word van die desiel-data in tabel 3.6 gebruik gemaak.


FIGUUR 3.2: DIE LORENZ-KROMME

Bron: Todaro; 1977, p. 143.

Die diagonaal word verkry deur die oorsprong met die boonste hoek te verbind. Elke punt op die diagonaal toon dat die persentasie inkomste ontvang presies gelyk is aan die persentasie van inkomste-ontvangers, byvoorbeeld 50 persent van die inkomste van 'n land word tussen 50 persent van die bevolking verdeel. Hierdie lyn verteenwoordig 'perfekte gelykheid' in die grootte van die inkomstedistribusie.

Die Lorenz-kromme toon die werklike kwantitatiewe verband tussen die persentasie van inkomste-ontvangers en die persentasie inkomste wat hulle in 'n gegewe tydperk ontvang, byvoorbeeld 50 persent van die bevolking ontvang 19,8 persent van die totale inkomste. Hoe verder die Lorenz-kromme van die diagonaal af wegbeweeg, hoe groter is die graad van ongelykheid. Geen land het perfekte gelykheid of ongelykheid nie. Figuur 3.3 (a) toon die geval waar 'n relatiewe gelyke distribusie van inkomste bestaan teenoor figuur 3.3. (b) waar 'n relatiewe ongelyke distribusie van inkomste bestaan. Met ander woorde die Lorenz-kromme is in eersgenoemde minder konveks as in laasgenoemde.


FIGUUR 3.3 DIE GRAAD VAN ONGELYKHEID VOLGENS DIE LORENZ-KROMME



3.5.1.2 DIE GINI-KOËFFISIËNT EN TOTALE METING VAN ONGELYKHEID

Die relatiewe graad van ongelykheid van inkomstedistribusie in 'n land kan verkry word deur die berekening van die verhouding van die area tussen die diagonaal en die Lorenz-kromme en die totale area van die driehoek waarin die kromme lê byvoorbeeld area A in verhouding met area DBC. Hierdie verhouding word die Gini-koëffisiënt genoem.

FIGUUR 3.4 DIE SKATTING VAN DIE GINI-KOËFFISIËNT



Uit figuur 3.4 is dit duidelik dat die Gini-koëffisiënt kan varieer tussen 0, dit is by perfekte gelykheid, en 1, dit is perfekte ongelykheid. 'n Ongelyke inkomstedistribusie lê gewoonlik tussen 0,5 en 0,7 en 'n relatiewe gelyke inkomstedistribusie lê tussen 0,2 en 0,35 (Todaro, 1977, p. 145).

3.5.2 FUNKSIONELE DISTRIBUSIE

Hierdie maatstaf gee die deel van die nasionale inkomste wat

elke produksiefaktor ontvang. Hier word dus gekyk na wat die produksiefaktor arbeid as 'n geheel ontvang, vergeleke met die persentasie van totale inkomste wat verdeel word in die vorm van huur, rente en winste (dit is die ander produksiefaktore); (Todaro, 1977, p. 145).

3.5.3 ANDER METODES

Daar is pok verdere statistiese metodes om ongelykheid van inkomstedistribusie te meet. Sen (1972) gee in hoofstuk twee van sy boek, "On Economic Inequality" 'n aantal maatstawwe om hierdie ongelykheid te meet. Hieronder verskyn die relatiewe gemiddelde afwyking, die variansie en die koëffisiënt van die variansie, die standaardafwyking van logaritmes, ensovoorts.

Hierdie metodes kan dus gebruik word om ongelykheid te meet. Aangesien 'n beleid gevolg kan word om ongelykheid te verminder, is meting dus noodsaaklik. Vir 'n algemene beleidsdoelstelling ten opsigte van ekonomiese groei, is dit nodig om vas te stel of ekonomiese groei die ongelyke inkomstedistribusie verminder of nie.

3.6 EKONOMIESE GROEI EN INKOMSTEDISTRIBUSIE

As gevolg van die ongelyke inkomstedistribusie is dit duidelik dat 'n hoë per capita inkomste nie die afwesigheid van absolute armoede waarborg nie. 'n Land met 'n hoë per capita inkomste kan 'n groot persentasie van sy bevolking onder die 'armoedegrens' hê. (Kyk byvoorbeeld na die voorbeelde in § 3.4.2.)

Die mees geldige veralgemening van die eienskappe van armes is dat hulle oneweredig in plattelandse gebiede woon en primêr met landbou en verwante aktiwiteite te doen het. Ongeveer 75 - 80 persent van alle armes in Afrika en Asië woon in plattelandse gebiede (Todaro, 1977, p. 151).

Die ontwikkeling van 'n 'moderne' sektor uit 'n gewone tradisionele ekonomie, word volgens Elliott (Baster, 1972, p. 38 - 41) gekenmerk deur hoër produktiwiteit en groter inkomste as

die bestaansinkomste van die tradisionele sektor. Hierdie ontwikkeling bring aanvanklik 'n skewe inkomstedistribusie mee. Maar daarna volg sekere prosesse. Die stedelike vraag na plattelandse produkte (voedsel, grondstowwe) kan styg en dit kan tot 'n toename in produktiwiteit van die plattelandse sektor lei en dus hoër plattelandse inkomste. Verder sal die produktiwiteit van die stedelike gebiede groei en ontwikkel en indiensnemingsgeleenthede vir heelwat persone voorsien. Gevolglik sal produktiwiteit in die platteland toeneem as gevolg van toenemende stedelike vraag. Sodoende werk die inkomste deur na die platteland en kan armoede teëgewerk word.

Hierdie proses kan ook deur 'n herdistribusiebeleid beklemtoon word, byvoorbeeld deur belasting van stedelike inkomstes vir plattelandse gebiede (gesondheid, opvoeding, vervoer, ensvoorts) aan te wend, waar inkomstes uit die belasting van die platteland nie genoeg is nie. Hierdie prosesse neem egter tyd sodat die inkomstedistribusie in die beginstadium regressief is. Soos indiensname toeneem, landbouproduktiwiteit styg en 'n herdistribusiebeleid aanvaar word, word hierdie agteruitgang vervang met 'n omgekeerde proses wat die armes bevoordeel en inkomste meer gelyk verdeel. Inkomstedistribusie kan dus met die groei van die bruto nasionale produk verbind word. In die beginstadium van die groeiproses sal die distribusie versleg, maar na 'n kritieke punt sal die proses van groei verseker dat arbeidsproduktiwiteit in alle sektore toeneem. Dus word daar 'n meer gelyke inkomsteverdeling verkry. Vanweë hierdie feite, is dit dus verstaanbaar dat ekonome dink dat die distribusieprobleme grootliks self opgelos word, en dit kan dus met veiligheid geïgnoreer word. Samevattend kan gestel word dat 'n verbetering in distribusie in drie stadiums verkry word: Eerstens 'n toenemende ongelykheid as industrialisasie begin. Tweedens 'n punt waar die grootste ongelykheid bereik word en derdens die gelykmakingsproses.

Ekonomiese groei hoef nie noodwendig die armoede in minderontwikkelde lande te verminder nie, dit wil sê dit bring nie noodwendig 'n verbetering in die lewenstandaard van die hele bevolking te weeg nie. In aansluiting met Elliott, meen Kuznets (Todaro, 1977, p. 152) dat in 'n vroeë stadium van ekonomiese

ontwikkeling, sal die inkomstedistribusie versleg, maar in 'n latere stadium sal dit verbeter. Hoewel die data van die ontwikkelde lande in die Weste hierdie gedagte ondersteun, is die beskikbare data van die Derde Wêreld nie so oortuigend nie (Todaro, 1977, p. 152). By 'n vergelyking van die ongelyke inkomstedistribusie van verskillende lande het ontwikkelde lande oor die algemeen 'n meer gelyke verdeling van inkomste as die meeste lande van die Derde Wêreld. Todaro (1977, p. 148) meen dit is hoofsaaklik omdat die ontwikkelde lande meganismes in werking stel wat inkomste na die armes oordra, byvoorbeeld 'n progressiewe belastingstelsel.

Ontwikkelingstrategie vereis nie net 'n versnellende ekonomiese groei nie, maar ook 'n verbetering van die lewenstandaard in sy geheel. Daarom is dit nodig dat sekere prinsipiële ontwikkelingsdoeleindes op veral die inkomstegroei van die laagste inkomstegroepe gerig moet wees. Die basiese argument om groot inkomste-ongelykheid te regverdig, is die veronderstelling dat hoë persoonlike inkomstes vir spaar noodsaaklik is, wat 'n nodige vereiste vir investering en ekonomiese groei is. Aanvanklik kry die boonste inkomstegroepe nog 'n groter deel van die bruto nasionale produk en kan dus relatief meer spaar. Uiteindeelik kan herdistribusie deur middel van belasting- en subsidieprogramme plaasvind en word die armes bevoordeel. Todaro (1977, p. 156 en 157) gee vier redes teen hierdie argument:

- (i) Volgens empiriese data, spaar of investeer die rykes in minder-ontwikkelde lande nie, maar gebruik hul inkomste om veral luukse produkte in te voer, duur huise te koop, buitelandse reise te onderneem, en investering in goud, juwele en buitelandse bankrekenings te doen.
- (ii) Die lae inkomstes en lae lewenstandaard van die armes lei tot swak gesondheid, ondervoeding en ongeskooldheid wat hul produktiwiteit nog verder verlaag. Dit lei direk en indirek tot 'n stadiger groeiende ekonomie. Die ontwikkelingstrategie wat hul (die onderste 40 persent) inkomste en lewenstandaard verhoog, dra nie net tot hul materiële welvaart by nie, maar ook tot die produktiwiteit en inkomste van die hele ekonomie.
- (iii) Stygende inkomstes van die armes sal 'n toename in vraag

na binnelandse produkte, soos voedsel en klere, bewerkstellig. Dit beteken 'n groter stimulus na binnelandse produkte, indiensname en investering. Dit skep die voorwaardes vir vinniger ekonomiese groei asook 'n breër deelname aan die groeiproses.

- (iv) 'n Meer gelyke verdeling van inkomstes kan 'n gesonde ekonomiese uitbreiding stimuleer en 'n sielkundige aansporing tot wye openbare deelname aan die ontwikkelingsproses gee. Aan die ander kant kan inkomste-ongelykheid en armoede nie 'n aanmoediging vir vooruitgang wees nie. Dit kan selfs voorwaardes vir die uiteindelijke verwering van inkomstegelykheid, deur die massa gefrustreerde en politiekbelaaide mense en in die besonder die mense met aansienlike geskooldeheid, skep.

Ekonomiese groei sal dus nie noodwendig inkomstedistribusie gelyk maak nie, en ongelyke inkomstedistribusie kom in die hele wêreld voor.

3.7 WÊRELDDISTRIBUSIE VAN INKOMSTE

Vir 'n ontleding van die wêrelddistribusie van inkomste word aandag gegee aan veral die probleme van internasionale vergelykings en die redes vir internasionale verskille in inkomstepeile.

3.7.1 INTERNASIONALE VERGELYKINGS (vergeelyk § 3.3.6)

Elke land, ontwikkelde sowel as minder-ontwikkelde, het sy eie armoedegrens (vergeelyk § 3.2). Dikwels is die gemiddelde per capita inkomste in minder-ontwikkelde lande meer as die helfte laer as in ontwikkelde lande. Die verskille tussen lande in terme van gemiddelde per capita inkomste dui die internasionale distribusie van inkomste aan. Die per capita inkomste word gewoonlik in V.S.A. dollar as die gemeenskaplike geldeenheid, uitgedruk (vergeelyk die probleme van 'n wisselkoers in § 2.4.2). By die vergelyking van die per capita inkomstes kan die groot gaping tussen ontwikkelde en minder-ontwikkelde lande geneem word. Die V.S.A. se inkomstes is byvoorbeeld bykans 50 maal

meer as die van Tanganië (dit volg uit tabel 2.1 p.22).

Internasionale vergelykings van die wêreld se distribusie van inkomstes is baie subjektief en lewer heelwat besware. Enkele van die besware word kortliks bespreek:

- (i) Die kwaliteit van data (vergelyk ook § 3.3.5). Nasionale rekeninge skattings is onderhewig aan groot foute veral in minder-ontwikkelde lande. Daar kan ook aansienlike onakkuraatheid in die bevolkingsgetalle wees, byvoorbeeld die amptelike skatting van die bevolking van Nigerië in 1963 was 56 miljoen vergeleke met 'n onafhanklike skatting van 37 miljoen (die oënskynlike rede hiervoor is dat die verteenwoordiging in die federale parlement afgehang het van die bevolking); (Atkinson, 1975, p. 240). Dit is waarskynlik 'n ekstreme geval, maar toon dat groot foute gemaak kan word.
- (ii) Die tweede beswaar is teen die gebruik van 'n wisselkoers om alle getalle in 'n algemene standaard om te sit. 'n Wisselkoers gee nie die werklike weerspieëling van koopkrag nie (vergelyk hoofstuk 2 § 2.4).
- (iii) Die verskillende behoeftes van individue. Die eenvoudige metode van die bruto nasionale produk per capita om nasionale inkomste deur die totale bevolking te deel, neem nie alle faktore soos ouderdomsamestelling, verskille in familie- en huishoudingstruktuur of klimaat, in aanmerking nie. Die moontlike invloed van die ouderdomstruktuur kan geïllustreer word deur te aanvaar dat die gemiddelde behoeftes van 'n kind onder 15 jaar 'n kwart van dié van 'n grootmens is. As 'n tipiese minder-ontwikkelde land 'n bevolking van 40 persent onder 15 het, vergeleke met 25 persent in 'n ontwikkelde land, dan sal die omrekening op 'n gelyke grootmensbasis die gaping met ongeveer 'n agste verminder (Atkinson, 1975, p. 242).

Ten spyte van die besware teen internasionale vergelykings bestaan daar groot verskille in inkomste, en die oorsake van hierdie verskille vereis verdere aandag.

3.7.2 INTERNASIONALE VERSKILLE IN INKOMSTEPEILE

Sekere lande het 'n laer inkomstepeil as ander. Die redes hier= voor kan die volgende wees:

- (i) die bevolking ervaar 'n hoë geboortekoers en 'n hoë sterftekoers;
- (ii) die bevolking is ongeletterd;
- (iii) die landbou neig om 'n lae inkomste-industrie in vergelyking met sekondêre en tersiêre industrieë te wees;
- (iv) nywerheidsinvestering per arbeider is laag;
- (v) die volgende natuurlike faktore kan volgens Kuznets (Okun en Richardson, 1961, p. 11 - 14) gestel word:

(1) Klimaat en biologiese eienskappe van die mens.

(Vroeër is klimaat byvoorbeeld beskou as 'n oorsaak dat lande minder-ontwikkeld sou wees (Heilbroner, 1975, p. 618), maar daar is bewyse dat onder slegte klimaatsomstandighede tog volgehoue ekonomiese groei teweeggebring kan word). Hierdie faktore hoef nie noodwendig aanleiding tot internasionale verskille te gee nie.

(2) Uitgeputte ekonomiese bronne soos bewerkbare grond en minerale wat nie aangevul kan word nie. Ekonomiese ontwikkeling vereis 'n groot hoeveelheid van hierdie bronne, en wanneer hierdie aanbod ten opsigte van 'n bestaande bevolking klein is, kan dit tot 'n lae per capita inkomste en omgekeerd lei. Daar moet egter meer krities na die volgende gekyk word:

- (a) Ekonomiese bronne hou verband met 'n gegewe stand van tegnologie, want byvoorbeeld voordat steenkool vir omsetting in motorolie gebruik is, was dit maar net 'n verbruiksprodukt en nie 'n nywerheidsbrandstof nie. Alternatiewe of substitute kan ontwikkel waar bronne skaars is, byvoorbeeld steenkool vir brandstof, sintetiese stowwe vir rubber, ensovoorts. Tegologiese ontwikkeling is noodsaaklik anders sal

'n land arm bly omdat hy nie die probleem van skaars bronne kan oorkom nie.

- (b) Kennis van onvervangbare ekonomiese bronne is onvoldoende.
- (c) Skaars ekonomiese bronne wat in lande met lae inkomstepeile bestaan, word nie so effektief gebruik as lande met hoër inkomstepeile nie. Die opbrengs per hektaar verskil byvoorbeeld in twee lande.
- (d) Baie nywerhede en ekonomiese aktiwiteite is nie van uitputbare natuurlike bronne afhanklik nie, want indien dit benodig word, kan dit deur middel van internasionale handel verkry word. Kuznets ontken egter nie die ekonomiese voordeel van 'n groot voorraad van natuurlike hulpbronne nie. Daarom is die totale afwesigheid van sulke bronne 'n nadeel. Die argumente toon slegs dat die tekort aan bronne oor die lang termyn nie 'n dominante faktor is nie.

(vi) Die faktor van kapasiteit. Baie belangrik is die grootte van die gebied, bevolking of ekonomie (Okun en Richardson, 1961, p. 14). Die volgende argumente word aangevoer:

- (1) Sommige nywerhede wat met moderne tegnologie geassosieer word, vereis 'n minimum grootte van 'n mark om die toepassing van effektiewe metodes van massaproduksie te waarborg, byvoorbeeld nywerhede soos yster en staal, motors, ensovoorts. Vir 'n land met 'n klein bevolking en dus 'n ooreenstemmende klein binelandse mark, is sulke nywerhede slegs oor die langtermyn uitvoerbaar, mits toegang tot 'n mark buite eie grense verkry kan word. Hieruit volg dus dat lande onder 'n sekere minimum grootte nie sulke nywerhede kan oprig om die voordeel van 'n gevorderde metode te benut nie.
- (2) Sommige nywerhede moet opgerig word omdat geen substitusie vir produkte van hierdie nywerhede deur invoer seker is nie (byvoorbeeld onderwys, konstruksie, ensovoorts). As 'n land verder probeer om ook onaf

hanklik van ~~onbetroubare~~ bronne uit die buiteland te wees, is dit duidelik dat 'n sekere minimum aantal nywerhede in die land opgerig sal word. Die behoefte na sulke nywerhede word dus gehandhaaf, ongeag 'n klein bevolking wat 'n onekonomiese skaal van produksie veroorsaak. Daar is natuurlik heelwat voordele ten opsigte van internasionale handel wat die mark kan vergroot.

Hoewel die wêrelddistribusie van inkomste aansienlike verskille toon probeer die meeste lande om die ongelykheid te verminder, omdat 'n gelyke distribusie van inkomste meer regverdig is.

3.8 DIE VERANDERING VAN INKOMSTEDISTRIBUSIE

Die behoeftes van mense word al hoe meer bevredig as hul meer inkomste kry en meer produkte kan aankoop. 'n Meer gelyke distribusie van inkomste beteken groter inkomstes vir die meerderheid van die bevolking en sodoende kan die lewenstandaard van die hele bevolking geraak word. Enkele metodes om 'n gelyke distribusie van inkomste te kry, word bespreek:

- (i) Veranderde produktiwiteit: Dit kan grootliks teweeggebring word deur die opleiding en onderwys van die mins bekwame en ongeletterde persone. Tabel 3.7 toon dat daar 'n sterk funksionele verband tussen opleiding en die verdienste in 'n leeftyd bestaan.

TABEL 3.7 OPLEIDING EN GEMIDDELDE VERDIENSTE VAN 'N LEEFTYD IN DIE V.S.A.

	<u>Gemiddelde verdienste (1968)</u>
<u>Elementêre skool</u>	
0-7 jaar	R170 520
8 jaar	R224 460
<u>Hoërskool</u>	
1-3 jaar	R255 780
4 jaar	R304 500
<u>Kollege</u>	
1-3 jaar	R357 570


Bron: Die gegewens is uit Heilbroner en Thurow, 1975, p. 259 verreken. Die wisselkoers $R1 = \$0,87$ - vergelyk voetnota p. 22.

Dit toon die belangrikheid van 'n belegging in menslike kapitaal. Opleiding is egter nie die enigste manier om produktiwiteit te laat toeneem nie. Investering in die gesondheid van lae inkomstepersone en behuising kan mense aanspoor om meer deur groter produktiwiteit te verdien.

- (ii) Inmenging in die mark. Hier is twee metodes wat redelik algemeen bekend is. Eerstens die vasstelling van minimum lone. Tweedens die gebruik van die mag van vakunies om 'n loon-'vloer' vas te stel. Beide metodes het dieselfde ekonomiese betekenis.

In figuur 3.5 is die mark ewewigsloon OA. Die hoër lone OB kan deur die wet of deur 'n ooreenkoms met die vakunies opgelê word.

FIGUUR 3.5 MINIMUM OF 'N VAKUNIE LOONVLOER



So 'n loonvloer hou verskillende implikasies in. As gevolg van die hoër lone kan die ondernemer arbeid met kapitaal vervang en indiensname sal dan afneem. Indien hy egter nie die arbeiders met masjinerie kan vervang nie, sal die indiensname dieselfde moet bly. Die ondernemer het dan hoër kostes wat die verkoopprys van die produkte verhoog. Die elasticiteit van die vraag na daardie produk is belangrik, want as die vraag elasties is, sal 'n toename in die verkoopprys die verkope laat afneem. Gevolglik sal produksie en indiensname verminder. As die vraag onelasties is, sal die vraers die hoër prys betaal en hoër lone sal min of geen invloed op indiensname hê nie (Heilbroner en Thurow, 1975, p. 262).

Om te bepaal of hoër lone meer inkomste aan die arbeiders sal besorg, sal dus afhang van elke nywerheid se tegniese eienskappe en die markvraag. As die arbeid maklik deur kapitaal vervang word en die vraag na die produk is elasties, sal 'n poging om die inkomste van arbeiders deur minimum lone te verhoog, 'n teenoorgestelde uitwerking hê. As arbeiders nie maklik vervang kan word nie en die vraag na 'n produk is onelasties, sal minimum lone die inkomste-ontvangers bevoordeel.

(iii) Belasting en oordragbetalings. Inkomstebelasting kan volgens 'n progressiewe, proporsionele of regressiewe stelsel gehef word, afhangende of dit 'n groeiende, gelyke of afnemende gedeelte van stygende inkomste neem. 'n Progressiewe belastingstelsel kan gebruik word om meer inkomstebelasting van hoër inkomstegroepe te neem as van laer inkomstegroepe. Hierdie fondse kan deur middel van oordragbetalings soos werkloosheidsversekering, pensioene, ensovoorts aan arm persone oorgedra word om sodoende hulle inkomste te verhoog.

Hierdie metodes kan aangewend word om inkomste meer gelyk te verdeel want 'n gelyke verdeling van inkomste is meer geregverdig (Heilbroner en Thurow, 1975, p. 258). Daar is ook argumente ten gunste van ongelykheid. Ongelykheid word geregverdig indien 'n regverdige geleentheid vir elke persoon gegee is. Hier is natuurlik ook ingewikkelde probleme, soos of dit geregverdig is om 'n groot erfenis te ontvang. Verder bestaan ongelykheid omdat dit die resultaat van individuele voorkeure is - sommige werk harder en ontvang groter inkomste. Ongelykheid ontstaan ook dikwels waar dit 'n meriete weerspieël, byvoorbeeld waar iemand 'n groter bydrae tot produksie lewer.

Dit is duidelik dat presiese gelykheid nie noodwendig verkry kan word nie, maar dat groter gelykheid meer algehele voordele inhou, en daarom sal maatreëls vir 'n meer gelyke verdeling van inkomstes aangewend word.

3.9 SAMEVATTING

'n Gemeenskap bestaan uit alle individue binne daardie gebied

of land se grense. Daarom het ekonomiese ontwikkeling of vooruitgang met die verbetering in die lewenstandaard van elke individu te doen. Indien daar egter 'n konsentrasie van rykdom by die boonste 20 persent van die bevolking bestaan, kan 'n styging in die per capita inkomste beteken dat slegs die boonste 20 persent se inkomste toegeneem het. Met ander woorde slegs die boonste 20 persent word, in die sin van 'n verhoogde lewenstandaard, bevoordeel. In hierdie hoofstuk is die belangrikheid van inkomstedistribusie met behulp van voorbeelde aangetoon, asook hoe die ongelykheid in lande gemeet word. Ekonomiese ontwikkeling moet dus ontleed word om te sien of die hele bevolking 'n verhoogde lewenstandaard geniet of nie.

Die vraag ontstaan egter of 'n land presiese gelykheid in inkomstedistribusie kan hê of meer gelykheid as ongelykheid. Daar moet dus eers aangetoon word dat gelykheid meer voordelig is vir die gemeenskap as die bestaande voorwaardes van ongelykheid. Ten opsigte van 'n lewenstandaard van 'n bevolking is gelykheid meer verkieslik. Daarom is dit 'n beleid, en instrumente word dikwels gebruik om die verskille tussen ryk en arm te verminder. Presiese gelykheid kan egter nie bestaan nie, want elkeen lewer 'n verskillende bydrae ten opsigte van produksie. Gevolglik sal inkomstedistribusie meer gelyk maar nie presies gelyk gemaak word nie.

HOOFSTUK 4

SOSIALE AANWYSERS

4.1 INLEIDING

Omdat ekonomiese ontwikkeling nie net 'n ekonomiese dimensie het nie, maar ook sosiaal en polities, is dit wenslik om nie net die ekonomiese (dit wil sê die bruto nasionale produk) maatstaf te gebruik nie, maar aanwysers wat die hele spektrum van veranderlikes van die ekonomiese ontwikkeling dek. In die vorige hoofstuk is die distribusie van nasionale inkomste ontleed wat die feit beklemtoon het dat die skewe verdeling van inkomste nie in per capita gegewens na vore kom nie. Hierdie verskynsel onderstreep ook die belangrike feit dat ekonomiese ontwikkeling nie net in terme van die peil van ekonomiese groei, totale inkomste of inkomste per capita gemeet kan word nie, maar dat veral die verdeling van die inkomste tussen die bevolking in berekening gebring moet word, dit wil sê wie die voordeel van ekonomiese ontwikkeling kry. Hiervoor word spesifieke aanwysers benodig.

'n Aanwyser is 'n veranderlike wat sekere eienskappe van 'n bepaalde verskynsel aanwys. Die sterftekoers in 'n land kan byvoorbeeld die openbare gesondheidspeil aandui en skoolinskrywings is weer 'n aanwyser van die onderwyspeil van 'n land.

'n Ekonomiese of ~~soosiale~~ veranderlike word 'n ekonomiese ontwikkelingsaanwyser genoem, indien dit 'n veranderlike is wat deel van die proses van ekonomiese ontwikkeling vorm.

McGranahan. (Baster, 1972, p. 92) beklemtoon die feit dat aanwysers 'n tweeledige verwantskap met ekonomiese ontwikkeling bevat. Eerstens kan 'n direkte en volle kwantifiseerbare aanwyser as weerspieëling van ekonomiese ontwikkeling gebruik word, byvoorbeeld indien daar nie beswaar is nie, kan 'n toename in bruto nasionale produk per capita in 'n kwantitatiewe vorm heeltemal voldoende as aanwyser van ekonomiese ontwikkeling gebruik word. Die probleem lê hier in die vraag of die

aanwyser die werklike doel van ekonomiese ontwikkeling gee of vorm dit maar net 'n element van ekonomiese ontwikkeling.

Tweedens (en dit is meer getrou) kan die werklike doel of element van ekonomiese ontwikkeling nie direk en ten volle kwantifiseerbaar wees nie, sodat hierdie aanwyser moet poog om hierdie nie-meetbare faktore so goed as moontlik uit te beeld. Die werklike doel is, byvoorbeeld die bevordering van gesondheid. Om dit aan te dui, word 'n kindersterfte-indeks as 'n substituut-aanwyser daarvoor gebruik. Die vermindering van kindersterftes is nie die omvattende gesondheidsdoel of plan nie, maar slegs 'n item van diagnose en evaluering. Die probleem lê dus by die aanwysers wat die werklike doel moet weerpieël, dit wil sê of hulle die doel behoorlik kan verteenwoordig.

Die wenslikheid van so 'n kwantitatiewe benadering ten opsigte van sosiale probleme word al 'n geruime tyd erken. Daar word egter beseft dat alvorens 'n kwantitatiewe benadering gebruik kan word 'n voldoende verduideliking van sosiale situasies en sosiale verandering nie moontlik is nie. Die begrip van sosiale probleme, en daarmee saam die optrede wat op sosiale verandering of verbetering gerig is, word benadeel indien dit nie gekwantifiseer kan word nie.

Omdat daar geen maatstaf vir sosiale omstandighede bestaan het nie, is die ekonomiese veranderlikes, soos bruto nasionale produk en andere, toenemend gebruik om sosiale omstandighede en sosiale vooruitgang te meet. Soos wat ekonomiese ontwikkeling en beplanning meer omvattend word, word hierdie ekonomiese veranderlikes 'n kriterium om ekonomiese ontwikkeling te bepaal. Maar tradisionele ekonomiese veranderlikes kan tog nie gebruik word om 'n verbetering in sosiale omstandighede te meet nie of om dit alleen as doelstelling vir ontwikkelingsbeplanning te beskou nie.

Gevolgtik word heelwat werk ten opsigte van sosiale aanwysers gedoen om die betekenis en invloed van sosiale prosesse te begryp. Hoewel daar al voorstelle en prosedure daarvoor bestaan, is betekenisvolle en goeie resultate maar skaars. Sosiale aanwysers sal dus nog nie die ekonomiese aanwysers kan

vervang nie (Baster, 1972, p. 78). Die waarde van sosiale aanwysers bly egter groot, mits besef word dat daar tekortkominge bestaan. Vervolgens word die probleme van sosiale aanwysers kortliks bespreek voordat die welvaartsaanwysers van Drewnowski bestudeer word (Baster, 1972, p. 78-88). In die laaste plek word die betekenis van enkele empiriese studies ondersoek.

4.2 PROBLEME VAN SOSIALE AANWYSERS

Die probleme van sosiale aanwysers is heeltemal verskillend van statistiese probleme van akkuraatheid of die betroubaarheid van die data. Hierdie probleme word soos volg toegelig:

4.2.1 VERWANTSKAP

Die teoretiese of aanvaarde verband tussen die aanwyser en die geheel waarna dit verwys, is dikwels op 'n oorsaak-gevolg of 'n gedeelte-geheel verhouding gebaseer, byvoorbeeld gesondheidsaanwysers verteenwoordig veronderstelde oorsake of instrumente van goeie gesondheid (byvoorbeeld die relatiewe aantal dokters of hospitaalbeddens). Die aannames van hierdie aanwysers kan verkeerd wees; die relatiewe aantal dokters en hospitaalbeddens hoef nie die belangrikste faktor te wees wat die peil van gesondheid bepaal nie. Sterftes kan ongelukke en nie siekte weerspieël nie (Baster, 1972, p. 93).

4.2.2. OPSIGTELIKE GEBREKE

'n Aanwyser met opsigtelike gebreke kan sy funksie goed in die praktyk vervul. Skoolinskrywings is byvoorbeeld in alle waarskynlikheid 'n swak aanwyser van die onderwyspeil, omdat dit nie die werklike bywoning van die skool of die kwaliteit van die onderwys meet nie. Tog kan dit sy funksie as aanwyser goed vervul indien 'n lae skoolbywoning en swak kwaliteit met

'n lae skoolinskrywing saamgaan; en omgekeerd.

4.2.3 KEUSE

Die vraag ontstaan of redelike betroubare aanwysers gekies kan word, gesien in die lig van die veelvuldige probleme. Veronderstel dat die komponente, sektore of faktore van ekonomiese ontwikkeling bekend is, en dat data vir elke veranderlike wat nie direk meetbaar is nie, beskikbaar is. Die probleem lê dan daarin om te besluit watter van die verskillende reekse data die beste en betroubaarste aanwyser sal toon. McGranahan gee twee maniere om aanwysers vir sekere omstandighede te kies (Baster, 1972, p. 93, 94).

- (i) Die eerste is om deskundige eenstemmigheid ten opsigte van die data te gebruik.
- (ii) Tweedens deur die gebruik van korrelasie-ontledingstegnieke. Hierdie metode sal kortliks ontleed word.

Gestel byvoorbeeld die gesondheid van 'n land moet bepaal word en daar bestaan kwantitatiewe data oor die verskillende aspekte van gesondheid. Die aspek van gesondheid wat die beste met die res van die versameling van hierdie data korreleer, of die hoogste gemiddelde korrelasie met al die ander aspekte het kan as die beste aanwyser beskou word om as gesondheidsaanwyser gebruik te word.

Tabel 4.1 toon byvoorbeeld dat die lewensverwagting die hoogste gemiddelde korrelasie met ander aanwysers het. Dit is ook die aanwyser wat algemeen gekies word en is ook die maklikste beskikbaar.

TABEL 4.1 DIE KIES VAN 'N GESONDHEIDSAANWYSER

Aanwyser	Gemiddelde korre= lasie met ses ander gesondheidsaanwysers	Gemiddelde korre= lasie met 41 ander ekonomiese ontwikkelingsaanwysers
Kindersterfteverhouding	0,72	0,66
Lewensverwagting by geboorte	0,77	0,70
Benaderde sterftekoers	0,56	0,45
Sterftekoers van ansteeklike en parasitiesiektes	0,63	0,58
Inwoners per dokter	0,71	0,46
Inwoners per hospitaalbed	0,43	0,43
Proporsionele sterfteverhouding	0,65	0,65

Bron: Baster, 1972, p. 94.

Die resultaat van hierdie tabel stem met deskundige opinies ooreen, naamlik dat lewensverwagting die beste gesondheidsaanwysers is, kindersterftes die tweede beste en hospitaalbeddens die slegste. (Baster, 1972, p. 94). Dit is egter nie met alle aanwysers die geval nie en verskille tussen 'n hoë korrelasie en deskundige opinies moet grondig ondersoek word. (Baster, 1972, p. 101).

Onderwysdeskundiges is byvoorbeeld geneig om die onderwyser-leerling verhouding as 'n aanwyser van die kwaliteit van onderwys te neem op die aanname dat hoe meer aandag aan die individuele leerling gegee word hoe beter is die onderwys. Maar die onderwyser-leerling verhouding het 'n relatiewe lae korrelasie met ander onderwys- of ekonomiese ontwikkelingsaanwysers. Dit kan wees omdat:

- (a) die ekonomiese ontwikkelingspeil nie die elementêre onderwys verbeter nie;
- (b) statistiek oor die onderwyser-leerling verhouding is skaars of nie vergelykbaar nie; en
- (c) swak onderwyskwaliteit verminder skoolinskrywings en bywoning sodat die onderwyser-leerling verhouding gunstig vertoon, terwyl hoë onderwyskwaliteit die teenoorgestelde uitwerking het. Hierdie onderwysaanwysers het dus inherente teenstrydighede.

Aanwysers vereis dus ondersoek en kennis. Hoe beter die kennis is wat verkry word, hoe 'n beter keuse van aanwysers word gemaak.

4.2.4 VERANDERING

Die rol van 'n aanwyser kan ook ophou sodra nuwe verbande ontwikkel. Gevolglik moet aanwysers gedurig herwaardeer en in verskillende situasies getoets word om toe te sien of dit steeds geldig is.

4.2.5 MEETBAARHEID

In die ekonomiese veld is baie faktore van ekonomiese ontwikkeling direk meetbaar, soos byvoorbeeld die bruto nasionale produk. In sosiale ontwikkeling egter is hoofdoelstellings soos beter gesondheid, onderwys, veiligheid en gelykheid, nie altyd duidelik gedefinieer en afgebaken nie, en dus baie moeilik meetbaar. Sosiale aanwysers kan dan soms net as gedeeltelike maatstawwe van die geheel dien. As aanwysers gekies word om sosiale veranderlikes te meet, moet dit duidelik wees watter aspekte van hierdie veranderlikes gemeet moet word. Die posisie is in hierdie geval heelwat anders as in die ekonomiese geval.

Prakties word al die belangrike totale veranderlikes wat in die ekonomie gebruik word, in terme van monetêre eenhede uitgedruk. Die numeriese waarde word van pryse afgelei. Dit weerspieël die markvoorwaardes. Hoewel daar ook beperkinge in hierdie metode

van kwantifisering bestaan, het dit die voordeel dat dit geen onduidelikheid laat oor wat gemeet word nie en die metode van kwantifisering wat gebruik word. Dit is moontlik omdat dit sonder meer aanvaar word dat die belangrikste vraag oor die elemente van die ekonomiese veranderlikes met 'n monetêre waarde verbind word (Baster, 1972, p. 78).

Hierdie prosedure is egter onaanvaarbaar (indien nie selfs onmoontlik nie) vir 'n breër benadering van sosiale probleme. Omdat die sosiale veranderlikes verskillende eienskappe besit, sal elke eienskap ontleed moet word voordat enige betekenisvolle kwantifisering van die sosiale veranderlikes verkry kan word. Hierdie sosiale veranderlikes is nie "conceptually measurable" nie en kan nie as sodanig gemeet word nie (Baster, 1972, p. 79). Die begrip gesondheid kan byvoorbeeld nie gemeet word nie, maar sekere eienskappe van gesondheid soos voeding en mediese uitgawes wel. Daar moet dus eerstens uitgevind word watter eienskappe van die sosiale veranderlikes bestaan, voordat enige prosedure vir meting uitgewerk kan word. Die bepaling van die eienskappe is nie regstreeks, onbetwisbaar en afgebaken nie, maar moet uitgestippel word aangesien dit 'n nodige voorwaarde vir die oplossing van die moeilike probleme van die meting van sosiale veranderlikes is.

Drewnowski (Baster, 1972, p.79) onderskei tussen die volgende eienskappe:

- (i) Die demografiese eienskappe: Hierdie eienskap vorm 'n belangrike element van die sosiale omstandighede van 'n bevolking. Die kwantitatiewe sy van demografie is bekend en hoef nie verder beskryf te word nie.
- (ii) Die eienskap van sosiale verbande: Dit sluit onder andere die volgende in: sosiale stratifikasie, sosiale groepe en die verhouding tussen die groepe, probleme van owerhede en afhanklikheid van alle vlakke (soos byvoorbeeld familie, klas, staat, ryk), probleme van sosiale samehang, van stabiliteit en onstabiliteit, en van oorlog en vrede.
- (iii) Die welvaartsaspek: Dit gaan hier oor die optimale bevrediging van menslike behoeftes. Die moontlikheid om hierdie eienskap te meet, het veral praktiese waarde om

die vooruitgang van ekonomiese ontwikkeling te bepaal en om doelwitte vir ekonomiese ontwikkelingsplanne te stel. Dit volg uit die oortuiging dat die belangrikste taak van ekonomiese ontwikkeling die bevrediging van menslike behoeftes is; dit wil sê om die welvaart van die mense te verhoog.

Ten spyte van al die probleme waarmee sosiale aanwysers te doen het, is daar sekere eienskappe van sosiale veranderlikes wat makliker herken en ontleed kan word. Die belangrikste hiervan is die welvaart van die bevolking en daarom sal hierdie welvaartsaanwysers meer volledig ondersoek word.

4.3 WELVAARTSAANWYSERS

4.3.1 INLEIDING

Welvaartsaanwysers is waarneembare en meetbare verskynsels wat inligting oor die graad van die bevrediging van menslike behoeftes bevat (vergelyk § 4.2.5 p. 89). 'n Oordeelkundige, geselekteerde stelsel van aanwysers kan die inligting vir 'n groot deel van die spektrum van menslike behoeftes voorsien. Dit kan dus beskou word as 'n manier om die peil van bevrediging van behoeftes of welvaart van enige individu of bevolking te meet.

Dit is nodig om hierdie metode van meting te gebruik omdat welvaart nie direk meetbaar is nie. Die onvolmaaktheid van hierdie indirekte metodes moet ook in ag geneem word. Die geselekteerde aanwysers kan nie al die komponente van welvaart insluit nie. Aan die anderkant is hierdie aanwysers beter as geen aanwyser nie of, as 'n misleidende nasionale inkomste veranderlike.

Die tradisionele nasionale rekeninge en ander ekonomiese veranderlikes word dikwels met welvaartsaanwysers verwar. Dit vind oor die algemeen plaas as gevolg van die afwesigheid van sosiale aanwysers vir die meting van die voorspoed van 'n bevolking. Sulke veranderlikes soos bruto nasionale produk of verbruik per capita meet nie die bevrediging van behoeftes nie, maar die

markwaarde van die middele wat gebruik kan word om hierdie behoeftes te bevredig. Hierdie middele sal nie noodwendig altyd bestaande behoeftes bevredig nie. Soortgelyk kan veranderlikes soos indiensname of inkomste nie as sosiale aanwysers beskou word nie, want dit lê buite die werklike behoeftebevrediging. Indiensname is maar net die geleentheid om inkomste te verdien, en inkomste die geleentheid om produkte te verkry.

Daar moet ook mee rekening gehou word dat welvaartsaanwysers van die ander sosiale aanwysers (dit is demografiese en sosiale ~~verbande~~-aanwysers) verskil. Hoewel die onderskeid tussen demografiese en welvaartsaanwysers duidelik is, kan demografiese veranderlikes soos kindersterftes gesubstitueer word vir 'n aanwyser van gesondheid wat 'n welvaartsaanwyser is. Welvaartsaanwysers, wat die bevrediging van menslike behoeftes in ag neem en dus nie altyd direk meetbaar is nie, word vervolgens meer volledig ontleed. Die omvang, kenmerke en waardebeoordeling van welvaartsaanwysers word beskryf.

4.3.2 DIE OMVANG VAN WELVAARTSAANWYSERS

Sosiale aanwysers verwys nie alleen na verskillende eienskappe van sosiale veranderlikes nie, maar word ook in verskillende eenhede uitgedruk, byvoorbeeld monetêre en fisiese eenhede, absolute en persentasiewaardes, enkele veranderlikes teenoor die verhouding van twee veranderlikes, ensovoorts. Hierdie heterogeniteit bemoeilik die interpretasie van hierdie aanwysers.

Sekere aanwysers het dikwels iets in gemeen sodat hulle onder een 'dimensie' saamgevat kan word. Elke dimensie kan dan in een of ander eenheid uitgedruk word. Om aanwysers vir welvaart te kies, is dit vooraf nodig om vas te stel of welvaart in een of ander dimensie meetbaar is, sowel as om die verskillende dimensies te onderskei. Drewnowski (Baster, 1972, p. 80 - 83) onderskei tussen vier soorte welvaartsaanwysers, naamlik die welvaartsvloei (lewenstandaard-aanwysers), die welvaartstandaanwysers, die welvaartseffek-aanwysers en die produktiwiteits-effek-aanwysers. Elk van hierdie welvaartsaanwysers sal nou bespreek word:

- (i) Die welvaartsvloei ("flow of welfare")-aanwysers. Hierdie aanwysers het te doen met die vraag oor hoe die behoeftes van die individu of bevolking van dag tot dag of maand tot maand, bevredig word. Dit sluit dus kos, behuising, mediese diens, onderwys, ensovoorts, in. Die mate waarin hierdie behoeftes bevredig word as gevolg van die verandering oor 'n tydperk (maand tot maand), vorm die welvaart wat die bevolking ontvang. 'n Numeriese uitdrukking vir hierdie welvaart sal aanwysers in hulle spesifieke eenhede uitdruk, soos kilojoules per dag nodig; area wat in terme van woonhuise per jaar bewoon word, mediese diens per jaar ontvang en kinders op skool per jaar.
- (ii) Die welvaartstand ("state of welfare")-aanwysers. Hier is die vraag hoe goed die bevolking op daardie oomblik daaraan toe is. Die antwoord sal in eenhede oor die huidige stand van welvaart van die bevolking uitgedruk word. Dit verskil van bogenoemde omdat hierdie aanwyser 'n 'voorraad'-veranderlike weerspieël. Verskillende eenhede vir hierdie aanwysers geld, soos die aantal van die bevolking wat 'n inheemse siekte het, die aantal van die bevolking wat geletterd is, ensovoorts.

Verskeie geselekteerde stelsels van aanwysers is voldoende om die twee dimensies van welvaart te meet. Die eerste dimensie word algemeen as die lewenstandaard van die inwoners van 'n land beskou. In die ekonomiese veld verwys die nasionale produk na lewenstandaard en dus die vloei van welvaart, en nasionale rykdom na die welvaartstand. Hierdie simmetrie is van belang omdat baie sosiale probleme meer duidelik en presies gestel kan word. Die voorwaarde is dat dit in terme van verbande tussen die nuwe welvaartsveranderlikes en die tradisionele veranderlikes van die nasionale rekeninge gestel kan word.

Hierdie verbande kan ook deur twee verdere klasse van welvaartsaanwysers uitgedruk word, wat met addisionele dimensies van welvaart ooreenstem. Hierdie dimensies gaan nie soseer om die omvang van welvaart nie, maar hou met ekonomiese veranderlikes verband.

- (iii). Die deel van die bruto nasionale produk wat verbruik word, gee aanleiding tot die ontstaan van welvaart. Hierdie welvaart wat ontstaan, varieer egter volgens verskillende omstandighede. Die verhouding tussen die lewenstandaard of welvaartstandaanwysers en bruto nasionale produk veranderlikes vorm 'n nuwe groep aanwysers. Dit gee 'n numeriese waarde aan die ontstaan van welvaart, dit wil sê dit meet die welvaartseffek van ekonomiese groei. Verskeie welvaartseffekaanwysers kan aangedui word. Dit vorm altyd 'n verhouding met die welvaartsveranderlike in die teller en die ekonomiese veranderlike in die noemer.
- (iv) 'n Toename in welvaart verhoog die produktiwiteit van arbeid en verhoog dus produksie. Dit is die produktiwiteitseffekaanwysers en word deur die verhouding tussen ekonomiese en welvaartsveranderlikes gemeet. Hierdie aanwyser werk op dieselfde beginsel as 'n produksiefunksie, maar 'n welvaartsaanwyser maak deel uit van die onafhanklike veranderlike.

4.3.3 KENMERKE WAT VIR WELVAARTSAANWYSERS VEREIS WORD

'n Aanwyser moet sekere kenmerke besit om as maatstaf vir welvaart te dien. (Baster, 1972, p. 83, 84).

4.3.3.1 EIENSKAPPE

Welvaartsaanwysers moet dieselfde eienskappe as welvaart aandui. Dit wil sê 'n verbetering van die aanwysers se numeriese waardes moet met die verbetering van behoeftebevrediging ooreenstem; byvoorbeeld 'n toename in kilojoules van voedsel ingeneem, verhoog die behoeftebevrediging. Gevolglik sal daar 'n toename in die vloei van welvaart wees. Kilojoules ingeneem is dus 'n geskikte aanwyser om welvaart te meet. Die aantal kinders per familie is egter nie 'n goeie aanwyser van welvaart nie, hoewel veranderinge in die numeriese waarde van hierdie aanwyser welvaart in 'n sekere mate kan beïnvloed. Die invloed kan toenemende of afnemende welvaart wees. Gevolglik kan die aantal kinders

per familie nie as maatstaf van welvaart gebruik word nie (dit is meer belangrik by die demografiese aspek van sosiale veranderlikes).

4.3.3.2 NUMERIESE WAARDES

'n Betekenisvolle meting van welvaart moet nie slegs 'n numeriese waarde vir die aanwyser hê nie; maar ook punte van verwysing waarteen die aanwyser opgeweeg kan word. Die minimum kilojoules wat deur die bevolking vir oorlewing ingeneem word, en die inname wat deur die omstandighede vir daardie volk as minimaal vir lewe en werk beskou word, moet in aanmerking geneem word. Dit is dus nodig dat elke aanwyser 'n bepaalde skaal moet hê, sodat 'n minimum behoeftebevredigingspeil in terme van 'n numeriese waarde vir elke aanwyser vasgestel kan word. Hierdie waarde vorm 'n 'kritieke punt' op die aanwyser en dien as 'n verwysingspunt om die betekenis van waargenome waardes van die aanwyser te skat.

4.3.3.3 ONGELYKHEID

Die welvaartsposisie van individue in 'n bevolking is ongelyk. Die eenvoudigste manier om 'n aanwyserswaarde wat vir die hele bevolking geld, te vind, is om die gemiddelde waarde van die aanwyser per kop te vind. Hierdie prosedure ignoreer egter 'n belangrike kenmerk van die welvaartsprobleem: Die welvaart van die bevolking hang egter nie slegs van die gemiddelde peil van behoeftebevrediging af nie; maar ook van die distribusie van die bevrediging. Gevolglik is die gemiddelde waardes per kop as aanwysers onvoldoende om die welvaart van die bevolking te verteenwoordig. Tensy dit aanvaar word dat sommige mense op meer welvaart as ander reg het; sal meer gelykheid groter welvaart vir die bevolking (binne gegewe moontlikhede) as 'n posisie van ongelykheid meebring.

Om met die distribusieprobleem rekening te hou, kan die gemiddelde waarde per kop van elke aanwyser met 'n distribusiekoëffisiënt, wat die distribusie van behoeftebevrediging van

daardie aanwyser is, vermenigvuldig word. Hierdie koëffisiënt sal 'n waarde van een hê as die distribusie perfek gelyk is en dit neem af hoe meer ongelyk die distribusie word. Hierdie koëffisiënt kan van die Lorenz-kromme afgelei word (vergeelyk § 3.5.1.1 p. 70).

4.3.4 WAARDEBEOORDELING

Waardebeoordeling kom in die stelsel van aanwysers ter sprake. In 'n sekere mate is dit moontlik om deur deskundige inligting oor objektiewe feite gelei te word, soos die hoeveelheid kilojoules wat nodig is om 'n sekere werk doeltreffend te verrig. Maar die mate van waardebeoordeling is by die meeste aanwysers meer ingewikkeld, byvoorbeeld in die bepaling van die minimum onderwyspeil, gesondheidsdienste of behuisingsomstandighede. Daarom moet die 'kritieke punt' van die aanwysers ten minste een of ander eenstemmigheid weerspieël wat deur die minimale menslike vereistes gestel word.

'n Betwisbare waardebeoordeling word verkry wanneer gesamentlike veranderlikes, ~~begeel~~ om welvaart te meet, soos byvoorbeeld 'n saamgestelde lewenstandaardindeks (voeding, gesondheid, behuising, onderwys) bepaal moet word. Hier moet die verskillende komponente van lewenstandaard teen mekaar afgeweg word.

Die doel van die aanwysers is, onder andere om 'n verbetering van die sosiale omstandighede aan te toon. Individuele sosiale aanwysers (byvoorbeeld onderwys) gee presiese inligting oor daardie eienskap van sosiale omstandighede. Dit gee nie 'n volledige en presiese prentjie van die totale welvaart nie. Om die totale welvaart te bepaal sal dus saamgestelde aanwysers verkry moet word. Dit is eers wanneer hierdie totale aanwysers bepaal is, dat dit die ekonomiese ontwikkelingspeil kan aandui en die bruto nasionale produk wat tot nog toe gebruik word, vervang.

Daar is egter heelwat bedenkinge om so 'n totale welvaartsaanwyser te ontwikkel. Die grootste probleem lê in die metode vir die bepaling van so 'n indeks opgesluit. Met 'n aantal en-

kele afsonderlike aanwysers sal probeer word om 'n geheelprentjies van die hele welvaartsituasie te verkry deur byvoorbeeld die gemiddelde van hierdie aanwysers te vind. Dit stem dus met die gedagte van 'n totale indeks ooreen.

'n Totale indeks word op die gewigte van die verskillende komponente gebasseer. 'n Algemene metode om die bydrae van verskeie aanwysers ten opsigte van welvaart of ekonomiese ontwikkeling aan te dui, is om van die verlede gebruik te maak. Die komponente van welvaart moet egter in terme van huidige voorkeure geweeg word. Daarom is dit miskien beter om gewigte van die huidige stelsel van voorkeure af te lei. Daar bly egter praktiese probleme om hierdie gewigte vir 'n lewenstandaard indeks of welvaartsindeks uit te werk. Dit sluit in dat voorkeure nie eksplisiet in 'n land gestel word nie en dat internasionale vergelykings van lewenstandaard (vergelyk § 3.3.6 p. 61) nie betroubaar is nie.

Die gee van waardes vir aanwysers is belangrik, maar lewer heelwat probleme op. Een probleem lê in die komponente van welvaart opgesluit. So is die begrip minimum behoeftes relatief van aard. Dit sluit in die eerste plek fisiese behoeftes in, naamlik wat nodig is om aan die lewe te bly en te kan werk. Tweedens word konvensionele of sosiale behoeftes bygevoeg, dit wil sê behoeftes wat met die vasgestelde gewoontes van die gemeenskap verband hou. Minimum sosiale behoeftes hou dus met menslike waardigheid verband. Die onderskeid tussen fisiese en sosiale behoeftes is nie altyd duidelik nie. Klere kan byvoorbeeld as beskutting teen koue dien, maar selfs primitiewe klere kan 'n sosiale eerder as 'n biologiese funksie vervul. Ten spyte van sekere subjektiewe elemente in die begrip van minimum behoeftes is daar tog verskeie pogings aangewend om minimum behoeftes te meet.

Verskeie maatstawwe is aangewend om die minimum behoeftes te ontleed. Die doel van hierdie maatstawwe was dus om 'n minimum lewenstandaard vir 'n volk, of 'n sekere groep inwoners van 'n sekere gebied, te bepaal. Enkele ontledings word kortliks bespreek:

- (i) Booth en Rowntree het die meting van die minimum behoeftes in Brittanje ontleed (Franklin, 1967, p. 272). Hulle het die koste van produkte, wat as noodsaaklik vir huishoudings van verskillende groottes, ouderdomme en geslag se fisiese effektiwiteit beskou is, bereken. Kan 'n huishouding dit nie bekom nie, lewe hulle in armoede. In 1936 het hulle die minimum-grens, soos in tabel 4.2., gestel.

TABEL 4.2 DIE KOSTE VAN PRODUKTE (1936) WAT VIR MINIMUM BEHOEFTE NODIG IS

Produk	Koste	Persentasie van totale koste
Voedsel	20s 6d	39
Klere	8s 0d	15
Brandstof en ligte	4s 4d	8
Huishoudelike uitgawes	1s 8d	3
Persoonlike uitgawes	9s 0d	17
Behuising	9s 6d	18
	<u>53s</u>	<u>100</u>

Bron: Franklin, 1967, p. 273

Die eerste kolom toon die produkte wat vir minimum behoeftes nodig is en kolom twee die bedrag aan daardie produk bestee. Dit gee 'n bedrag van 53s per week vir 'n stedelike gesin en drie afhanklikes. Voedsel, as fisiese behoefte, maak 39 persent van die totale koste uit en toon dat dit 'n belangrike bron van behoeftebevrediging is.

- (ii) Die tweede ontleding het professor Batson in Kaapstad en Salisbury uitgevoer (Franklin, 1967, p. 275). Hy definieer die armoedegrens as, "an estimate of the income needed by any individual household if it is to attain a defined minimum level of health and decency". Dit word dan deur die laagste kleinhandelkoste van die volgende benodigdhede bereken:

- (a) Die hoeveelheid en verskeidenheid van voedsel wat vir 'n gesonde ontwikkeling van die mens nodig is, soos dieetkundiges dit uitgewerk het. Die ouderdom, geslag en gewoontes van die gemeenskap moet in aanmerking geneem word.
- (b) Die minimum klere wat vir beskerming van gesondheid en ooreenkomstig met standarde van fatsoenlikheid nodig is.
- (c) Die minimum brandstof en elektrisiteit wat vir die gesondheid nodig is.
- (d) Die minimum skoonmaakgeriewe vir persoonlike en huishoudelike gebruik.
- (e) Die koste van vervoer om by die werk te kom.
- (f) Die koste van behuising.

Franklin (1967, p. 284) kom tot die volgende gevolgtrekkings: Verskeie pogings word in verskeie lande aangewend om die minimum behoeftes van 'n volk te bepaal. Groot verskille word in die resultate van pogings om behoeftes te bepaal, ondervind. Die verskil kan deels deur die historiese evolusie van die beskouing oor minimum behoeftes verduidelik word. Dit wil sê waar die klem aanvanklik op die biologiese of fisiese behoeftes gelê het, het dit begin verskuif na sosiale behoeftes soos wat die lewenstandaard toeneem.

(iii) In Suid-Afrika word ook heelwat navorsing gedoen oor die minimum bestaanspeil, die inkomste en uitgawepatrone en die vasstelling van 'n minimum lewenstandaard vir sekere groepe inwoners in sekere gebiede. Nel, Loubser en Steenekamp (1973, p. 1) stel byvoorbeeld die doel van hul navorsing soos volg:

- "(a) to calculate the Minimum Subsistence level
- and a minimum Humane Standard of living for Bantu, Coloured and Indian households in the main metropolitan areas of the Republic of South Africa;

- (b) to determine the percentage of urban Non-White households whose income falls below and above these minimum standards; and
- (c) to supply further information which might be of importance in determining wage levels for Non-Whites in South Africa."

Hulle empiriese studies ¹⁾ toon duidelik aan dat aansienlike verskille in die minimum standarde van verskillende groepe van huishoudings binne 'n sekere gebied bestaan (Nel, et al., 1973, p. 26).

Soortgelyke navorsing word ook by die Universiteit van Port Elizabeth onder leiding van professor J.F. Potgieter gedoen.²⁾

Om saam te vat, is dit duidelik dat die toekenning van waardes belangrik is. Uit die voorbeelde volg dat waardes wel gegee kan word. Die probleem lê daarin dat die welvaart van persoon tot persoon kan verskil benewens dat dit moeilik is om waardes aan die kwalitatiewe aspekte van veranderlikes toe te ken. Dit is dus moeilik om 'n saamgestelde indeks voor te stel wat op alle inwoners van toepassing is. Daar is egter wel probeer om veranderlikes te bepaal wat die ekonomiese ontwikkeling van 'n land kan beïnvloed. Van hierdie empiriese studies sal vervolgens bespreek word.

4.4 ENKELE EMPIRIESE STUDIES

Daar is heelwat navorsing oor sosiale aanwysers gedoen. Dit sluit empiriese studie in. In hierdie gedeelte word daar na drie sulke studies gekyk.

-
- 1) Empiriese gegewens van hierdie navorsing verskyn in die Buro vir Marknavorsing, nommer 33, 1973 van die Universiteit van Suid-Afrika.
 - 2) Kyk byvoorbeeld: The household subsistence level in the major urban centres in the Republic of South Africa. October, 1974. Institute for Planning Research, University of Port Elizabeth.

4.4.1 BECKERMAN EN BACON

Beckerman en Bacon (Baster, 1972, p. 10, 11) het 'n metode van nie-monetêre aanwysers gebruik om sekere nasionale-inkomstesiflers te skat sodat internasionale vergelykings van inkomstepelle ge= maak kan word. Die kern van die metode is om die beste statis= tiese verband tussen relatiewe reële inkomste of verbruik en uitgesoekte nie-monetêre aanwysers, waarvan die data in die mees= te lande beskikbaar is, te vind. As basis word internasionale vergelykings, vir sulke lande waarvoor onafhanklike skattings van relatiewe reële inkomste of verbruik bestaan, gebruik. Hier= die statistiese verband tussen reële inkomste of verbruik en nie-monetêre aanwysers, word dan gebruik om die relatiewe inkomste= peile van alle lande te voorspel (waar data van nie-monetêre aanwysers bestaan).

Hierdie metode word dus gebruik om die reële private verbruik per kop volgens nie-monetêre aanwysers te voorspel. Vooraf is die aanwysers volgens hulle korrelasie met onafhanklike waarnemings van reële verbruik per kop gekies. Die finale vergelyking sluit sewe veranderlikes wat die hoogste korrelasie toon, in. Hierdie veranderlikes bestaan uit die volgende:

- (1) jaarlikse onafgewerkte (primitiewe) staalverbruik per kop;
- (2) jaarlikse sementproduksie per kop;
- (3) jaarlikse aantal binnelandse briewe wat per kop gestuur word;
- (4) voorraad radio's per kop;
- (5) voorraad telefone per kop;
- (6) voorraad vervoermiddels per kop; en
- (7) jaarlikse vleisverbruik per kop.

Dit gaan nie hier oor die geldigheid van nasionale rekeninge nie. Dit is slegs 'n metode om verbruiksinkomstes te bepaal, waar betroubare data nie beskikbaar is nie. In Tabel 4.3, waar verbruik op bogenoemde basis uitgevoer is, word enkele van die gevolgtrekkings weergegee.

TABEL 4.3 VERBRUIK PER CAPITA IN ENKELE LANDE

Lande	Verbruik per capita 1960 (Indeks: Brittanje = 100)
V.S.A.	140
Kanada	108
Brittanje	100
Wes-Duitsland	86
Oostenryk	66
Japan	46
Suid-Afrika	42
Portugal	28
Mexiko	22
Zambië	18
Pakistan	4
Ethiopië	1

Bron: Beckerman en Bacon, 1966, p. 533

4.4.2 UNRISD

UNRISD (United Nations Research Institute for Social Development) (Baster, 1972, p. 11 - 12).

Hier verskil die doelwit heelwat van Beckerman en Bacon. Ekonomiese ontwikkeling word in terme van ekonomiese sowel as sosiale aspekte gemeet. Dit is dus gemoeid met die kies van die mees geskikte aanwysers vir sosiaal-ekonomiese ontwikkeling. Die verhouding tussen hierdie aanwysers by verskillende ekonomiese ontwikkelingspele moet ontleed word, en 'n sintetiese indeks van ekonomiese ontwikkeling wat meer verteenwoordigend en sensitief as die bruto nasionale produk per capita ten opsigte van algemene ekonomiese ontwikkelingspele is, moet gekonstrueer word.

Aanwysers is gekies op die basis van die volgende aanname. Veranderlikes met 'n hoë interkorrelasie op die gemiddelde met ander ekonomiese ontwikkelingsveranderlikes, is beter aanwysers as veranderlikes met 'n lae korrelasie. Daar is ook oorweging

aan die handhawing van 'n balans tussen aanwysers wat verskillende dimensies van ekonomiese ontwikkeling verteenwoordig, gee. Die volgende veranderlikes is onder andere ingesluit:

- (1) Lewensverwagting by geboorte;
- (2) verbruik van dierproteïne per kop per dag;
- (3) gekombineerde primêre en sekondêre skoolinskrywings;
- (4) beroepsinskrywing;
- (5) gemiddelde aantal persone per kamer;
- (6) nuusblad-sirkulasie per 1 000 inwoners;
- (7) landbouproduksie per man;
- (8) persentasie volwasse manne in landbou;
- (9) elektrisiteitsverbruik kWh per kop;
- (10) staalverbruik in kilogram per kop; en
- (11) persentasie ~~loon~~- en salarisontvangers ten opsigte van die totale ekonomiese aktiewe bevolking.

'n Algemene indeks van ontwikkeling is deur die gebruikmaking van 'n stelsel van verskuifde gewigte gekonstrueer. Dit word van die graad van korrelasie van elke aanwyser met ander aanwysers, by elke ekonomiese ontwikkelingspeil, afgelei. Volgens hierdie navorsing korreleer hierdie sosiaal-ekonomiese ontwikkelingsindeks baie hoër met individuele sosiale en ekonomiese aanwysers as die konvensionele indeks van die bruto-nasionale produk per capita.

4.4.3 ADELMAN EN MORRIS (1973, p. 16 - 106)

Die doel van hul studie was om meer presiese empiriese kennis oor die interafhanklikheid van ekonomiese en nie-ekonomiese aspekte van die ekonomiese ontwikkelingsproses te versamel. Die gedagte was dus om 'n "semi-quantitative" (Baster, 1972, p. 12) insig in die gedrag van 'n reeks veranderlikes te gee. Dit sluit veranderlikes, wat sosioloë en politieke wetenskaplikes, in aanmerking neem, en wat 'n belangrike rol in die vroeë stadiums van ekonomiese ontwikkeling speel, in. Dit word egter nie algemeen gebruik nie omdat dit moeilik kwantifiseerbaar is.

Drie soorte veranderlikes word gebruik:

- (a) Dié gebaseer op gepubliseerde statistiek;
- (b) dié wat statistiek en kwalitatiewe elemente kombineer;
en
- (c) dié wat geheel kwalitatief van aard is.

Kwalitatiewe nasionale veranderlikes het die volgende eien=
skappe:

- (a) Dit is ordinaal;¹⁾
- (b) het sekere begrips- en definisie-probleme; en
- (c) daar is 'n skaarsheid aan primêre data.

Die verskillende veranderlikes kan nou ontleed word. Dit word in drie groepe verdeel, naamlik sosiaal-kulturele, politieke en ekonomiese veranderlikes.

4.4.3.1 SOSIAAL-KULTURELE AANWYSERS (Adelman en Morris, 1973, p. 16 - 41)

Ekonomiese historici het dikwels die belangrikheid van 'n sosiale struktuur wat die patroon van ekonomiese verandering beïnvloed, onderstreep. Feitlik alle ekonome het die belangrikheid van sosiale transformasie wat ekonomiese groei inisieer, beklemtoon, hoewel hulle nie probeer het om nie-ekonomiese invloede in hul formele teorieë te inkorporeer nie. Vanweë die belangrikheid van die sosiale en kulturele aspekte van ekonomiese ontwikkeling word die volgende sosiaal-kulturele aanwysers ingesluit:

- (1) Die grootte van die tradisionele landbousektor;
- (2) die mate van dualisme;
- (3) die mate van verstedeliking;
- (4) die belangrikheid van die inheemse middelklas;
- (5) die mate van sosiale beweeglikheid;
- (6) die mate van geletterdheid;

1) Vir 'n onderskeid tussen ordinale en kardinale meetbaarheid kyk na Henderson en Quant, 1971, p. 7 en 8.

- (7) die mate van massa-kommunikasie;
- (8) die graad van kulturele en etniese homogeniteit;
- (9) die graad van sosiale spanning;
- (10) die benaderde vrugbaarheidskoers;
- (11) die geneigdheid tot 'n nuwe uitkyk;
- (12) die oorheersende tipe geloof; en
- (13) die peil van sosiaal-ekonomiese ontwikkeling.

4.4.3.2 POLITIEKE AANWYSERS (Adelman en Morris, 1973, p. 41 - 71)

(Politieke ontwikkeling word in § 4.5 meer volledig ontleed.) Die verhouding tussen die politieke eienskappe en die ekonomiese groei van 'n land, het die afgelope jare heelwat aandag geniet. In Wes-Europa, byvoorbeeld word suksesvolle ekonomiese ontwikkeling met politieke demokrasie en 'n matig belangrike ekonomiese rol van die owerheid, geassosieer. Daarenteen vind mens die vinnige ekonomiese ontwikkeling van Rusland met 'n outoritêre vorm van owerheid, en 'n belangrike ekonomiese rol van die owerheid. Hoewel soortgelyke verskille tussen minder-ontwikkelde lande bestaan, het onlangse navorsing van die politieke stelsels van minder-ontwikkelde lande voorgestel dat 'n sistematiese patroon van politieke verandering met ekonomiese ontwikkeling geassosieer word.

Terwyl daar algemene ooreenstemming oor die belangrikheid van die interaksie van politieke invloede en ekonomiese groei is, lê die probleem by die aard van die politieke ontwikkeling. Adelman en Morris het probeer om politieke veranderlikes te kies wat belangrike sferes van politieke ontwikkeling van 'n gemeenskap verteenwoordig. So is daar verskillende sferes wat deur verskeie veranderlikes beskryf word:

- (a) Die eerste sfeer weerspieël die evolusie van, "stable but sensitive political mechanisms for relating the interest and the demands of the society to political power." (Adelman en Morris, 1973, p. 41, 42).
- (b) 'n Tweede belangrike groep politieke veranderlikes beskryf die kenmerke en oriëntering van politieke administrasie en leierskap.

- (c) Laastens word 'n maatstaf wat die mate van politieke stabiliteit aantoon, ook ingesluit.

Die volgende politieke veranderlikes, wat met hierdie sfere verband hou, word ingesluit:

- (1) Die graad van nasionale integrasie en die begrip van nasionale eenheid;
- (2) die graad van sentralisasie van politieke mag;
- (3) die mate van politieke deelname;
- (4) die graad van vryheid van politieke opposisie en die pers;
- (5) die graad van mededinging van politieke partye;
- (6) die oorheersende basis van die politieke partye;
- (7) die sterkte van die arbeidsbeweging;
- (8) die politieke sterkte van die tradisionele elite;
- (9) die politieke sterkte van die weermag;
- (10) die politieke en sosiale invloed van geloofsorganisasies;
- (11) die graad van administratiewe doeltreffendheid;
- (12) die mate van leierskap verbintenis met ekonomiese ontwikkeling;
- (13) direkte ekonomiese aktiwiteit van die owerheid;
- (14) die lengte van die koloniale tydperk;
- (15) die tipe koloniale ondervinding;
- (16) die resentheid van onafhanklikheid; en
- (17) die mate van politieke stabiliteit.

4.4.3.3 EKONOMIESE AANWYSERS

Ekonomiese eienskappe van lande is tradisioneel die primêre gebied wat ekonome in die navorsing van die verskynsel van ekonomiese ontwikkeling ondersoek. Daarom is min regverdiging vir die insluiting van ekonomiese aanwysers nodig. Die volgende veranderlikes word onder andere ingesluit:

- (1) Die per capita bruto nasionale produk in 'n sekere jaar;
- (2) die groeikoers van reële per capita bruto nasionale produk oor 'n sekere tydperk;
- (3) die voorraad natuurlike bronne;
- (4) die bruto investeringskoers;

- (5) die modernisering van nywerhede;
- (6) die aard van die landbouorganisasies;
- (7) die modernisering van tegnieke in landbou;
- (8) die verbetering van landbouproduktiwiteit vanaf 'n sekere tydperk;
- (9) die doeltreffendheid van die belastingstelsel;
- (10) die verbetering van die belastingstelsel oor 'n sekere tydperk;
- (11) die doeltreffendheid van finansiële instellings;
- (12) die verbetering van finansiële instellings oor 'n sekere tydperk;
- (13) die buitelandse handelstruktuur; en
- (14) die bevolkingsgroeikoers.

Die doel van hierdie empiriese studies is nie om die metode uiteen te sit nie, maar om te toon dat heelwat veranderlikes by die meting van ekonomiese ontwikkeling in ag geneem kan word. Die insluiting van 'n breë spektrum van kwalitatiewe verskynsels in hierdie ontledings dui aan dat ekonomiese ontwikkeling meer volledig as die konvensionele metodes ondersoek word. In die volgende gedeelte sal politieke ontwikkeling (wat nog min aandag geniet het) meer beskryf word.

4.5 POLITIEKE ONTWIKKELING

Omdat ekonomiese ontwikkeling ook van sosiale en politieke faktore afhanklik is, is dit goed om kortliks na die politieke ontwikkelingsgang te kyk. Politieke ontwikkeling bly baie belangrik omdat die sentrale owerheid vir oorkoepelende beplanning en kontrole verantwoordelik is. Dit is veral hierin wat die politieke ontwikkeling met ekonomiese ontwikkeling saamhang. Die dinamika van politieke veranderinge en die invloed daarvan op ekonomiese ontwikkeling kan soos volg saamgevat word (Weber, 1974):

- (i) Die politieke stelsel is die wettige stelsel in die gemeenskap wat orde handhaaf of orde verander.
- (ii) Politieke ontwikkeling is die verkryging van nuwe bekwaamhede en kapasiteite om die voortdurende nuwe

probleme van ekonomiese ontwikkeling effektief die hoof te bied.

- (iii) Politieke ontwikkeling is 'n proses waardeur die politieke stelsel toenemende kapasiteit verkry om suksesvol en kontinu in nuwe soorte doelwitte en eise te voorsien en om nuwe organisasies daar te stel.
- (iv) Politieke ontwikkeling is die institutionalisering van politieke organisasies en prosedures.

'n Politieke stelsel kan dus 'n belangrike rol in die proses van ekonomiese ontwikkeling speel. Om dit te kan doen, moet die stelsel self ook verander. Sodoende kan dit meer effektief wees in die uitvoering van die baie onvermydelike en noodsaaklike nuwe funksies wat as gevolg van die ekonomiese ontwikkelingsproses ontstaan. As voorbeeld kan genoem word dat indien 'n regering die las van modernisering wil dra, moet dit self moderniseer.

So 'n verandering of modernisering impliseer die volgende ontwikkelinge (Weber, 1974):

- (i) Toenemende sentralisasie van mag en die integrasie van potensieel steurende elemente, soos groepe of stamme en die daarstelling van instellings om eenheid te verkry.
- (ii) Differensiasie en spesialisasie van politieke instellings.
- (iii) Toenemende deelname deur persone en groepe in regeeringsprosesse.
- (iv) Spontane politieke partyvorming om eise en ondersteuning sinvol te maak.

Hierdie politieke ontwikkeling is 'n evolusionêre proses. Revolusie kan wel 'n ander regering en daarom ook 'n ander politieke stelsel daarstel. Die effektiewe funksionering van die nuwe stelsel vereis egter weereens 'n evolusionêre

ontwikkelingsgang om die noodsaaklike strukture daar te stel.

Om saam te vat, word onder politieke ontwikkeling die volgende verstaan: Die groei van onpartydige amptelike dienste en differensiasie in die struktuur van die owerheid; en die handhawing van stabiliteit en die bepaling van ordelike verandering in leierskap.

4.6 SAMEVATTING

Morgenstern (Backman, 1975, p. 58) stel dat die twee begrippe 'waarde' en 'nut' probleme in die ekonomie veroorsaak. Die ontleding van hierdie begrippe toon dat sekere veranderlikes kwalitatief en nie kwantitatief is nie. Dit is maklik om alle herkenbare kwantitatiewe veranderlikes soos individue, motors, ensovoorts, te beskryf of om die waarde daarvan te bepaal. In die ekonomiese ontwikkeling kan die bruto nasionale produk dus as so 'n kwantitatiewe maatstaf gebruik word. Maar om die 'groei' of 'nut' van welvaart vir 'n bevolking in die kwalitatiewe sin in ag te neem, is 'n baie groter probleem.

Persoonlike welvaart andersyds word deur verskillende veranderlikes saamgestel, soos byvoorbeeld inkomste, besittings en gesondheid. Mense is weer verskillend in ouderdom, het verskillende inkomstes, behoeftes, ensovoorts. Daarom verskil die persoonlike welvaart van individue. Die probleem wat hierdeur ontstaan, kan grootliks deur die klassifikasie van die mense in sekere groepe opgelos word. Die groot probleem lê by die waardetoekenning omdat daar geen objektiewe waarde vir elkeen in alle omstandighede en op 'n bepaalde tydskop, toepaslik is nie.

Die welvaart van 'n bevolking andersyds het 'n groot intuitiewe aanslag, maar kan 'n beter maatstaf as die bruto nasionale produk wees. Die rede lê daarin opgesluit dat 'n welvaartsaanwyser 'n groter veld van die ekonomiese, sosiale en politieke veranderlikes kan insluit as die enkele veranderlike soos by die bruto nasionale produk. 'n Algemene formule, gebaseer op konkrete gegewens, is egter nog nie ontwikkel nie, hoewel heelwat empiriese navorsing gedoen is.

HOOFSTUK 5

DIE ROL VAN ONTWIKKELINGSBEPLANNING

5.1 INLEIDING

'n Maatstaf van totale produksie van produkte en dienste toon baie min oor die materiële welvaart van 'n volk. 'n Alternatiewe maatstaf wat gebruik word is die per capita produk (in hoofstuk 2, § 2.1.1 word hierdie maatstaf omskryf). Die effek van die fisiese grootte van die bevolking word in laasgenoemde maatstaf verwyder. Die ekonomiese besparing as gevolg van groter masjinerie en markte, van algemene taal en instellings en van eenderse gewoontes en smake bly egter nog dieselfde. Maar die per capita produk toon nie veel van die welvaart van die gemeenskap nie. Die volgende redes kan daarvoor aangevoer word. Eerstens ignoreer dit die verskille in vrye tyd tussen volke (en is dus 'n onbetroubare maatstaf van produktiwiteit of die produksie per man-uur). Tweedens neem dit nie die distribusie van inkomste in ag nie (vergelyk § 2.5 p. 51). Gevolglik moet in die beplanning van ekonomiese ontwikkeling meer aandag aan 'n wyer reeks veranderlikes van welvaart gegee word.

'n Ontwikkelingsplan is nie 'n towersleutel tot nasionale rykdom en voorspoed nie. Deur doeltreffende beplanning kan veral, arm lande hulle ekonomiese ontwikkeling versnel, hoewel die ontwikkelingspad lank en moeilik is.

Dit is dus goed om ook oor die rol van beplanning in ekonomiese ontwikkeling te besin. Ekonomiese ontwikkeling en vooruitgang kan nie sinvol geëvalueer word, indien 'n mens nie weet wat jy wil meet en hoekom jy dit wil meet nie. Meting kan alleen plaasvind wanneer 'n mens vooraf 'n seker doelwit gestel het en dus 'n verwysingspunt het. Die omstandighede moet dan geëvalueer word, om te bepaal hoe ver daar op die pad na daardie doelwit gevorder is en of daardie doelwit al bereik is. (Dit kan nominaal geëvalueer word soos die bruto nasionale produk, maar soms moet van

aanwysers of indekse gebruik gemaak word wat byvoorbeeld welvaart weerspieël.) Beplanning is juis 'n instrument wat gebruik word om sekere doelwitte te formuleer. Beplanning is egter eers realisties wanneer hierdie geformuleerde doelwitte geïmplimenteer, geëvalueer en gekontroleer word. Beplanning dui dus op ekonomiese vooruitgang. Dit is duidelik dat beplanning met evaluering saamhang. Gevolglik sal hierdie hoofstuk die verwantskap tussen beplanning en ekonomiese ontwikkeling ontleed, sodat hierdie veranderlike ook by die meting van ekonomiese ontwikkeling in aanmerking geneem word. Beplanning word egter net oorsigtelik behandel om slegs die belangrikheid in terme van maatstawwe aan te dui.

5.1.1 OMSKRYWING VAN BEPLANNING

Beplanning hou in dat 'n spektrum van faktore waardeur die nasionale welvaart beïnvloed word, in logiese orde volgens prioriteite en doelwitte uiteengesit moet word sodat dit prakties uitvoerbaar is. Die volgende is die belangrikste aspekte waarmee rekening gehou moet word:

- (i) Doelwitte gestel deur die owerheidsbeleid ten opsigte van die verhoging van die lewenstandaard. Hierdie doelwitte kan soms botsend van aard wees.
- (ii) Prioriteite om die betrokke doelwitte te bereik en die noodsaaklikheid daarvan, asook die verantwoordelikhede van die betrokke persone en/of instellings in die beslissings daaroor. 'n Aspek van groot belang is die alternatiewe wat deur die prioriteite gestel word. Prioriteite moet vir beide die openbare en die private sektor geld.
- (iii) Die beskikbaarheid van die produksiefaktore naamlik grond, arbeid, kapitaal en ondernemerstalent, asook die aspekte wat 'n invloed op die kwantiteit en kwa-

liteit van die produksiefaktore uitoefen.

- (iv) Die beskikbaarheid en verkryging van toepaslike gegewens.
- (v) Die vooruitsigte en verwagtings van die volkshuishouding wat sal help met die vasstelling van doelwitte en prioriteite.

Wanneer hierdie faktore op 'n logiese wetenskaplike wyse ontleed word om 'n patroon vir verdere ontwikkeling in 'n gunstige ekonomiese klimaat te skep kan van beplanning gepraat word" (Van Wyk, 1974, p. 26 en 27). Die uitvoerbaarheid en die toepassing van die beplanningsproses is afhanklik van 'n groot en doeltreffende organisasie.

5.2 DIE NOODSAAKLIKHEID VAN BEPLANNING

Die owerheid is gewoonlik die enigste instelling in minder ontwikkelde lande wat 'n ontwikkelingspoging kan organiseer. Die rol van beplanning is om die owerheid in staat te stel om spesifieke doelstellings deur die koördinasie van administratiewe besluite te bereik. Kortliks gestel, moet die owerheid die verantwoordelikheid vir groei en vooruitgang aanvaar. Hierdie verantwoordelikheid kan beter deur beplanning nagekom word.

Beplanning word ook gesien as die weerspieëling van die vraag na buitelandse finansiering, met ander woorde planne word opgestel, nie om groei te koördineer nie, maar om buitelandse hulp te verkry. Hierdie skenkerlande het egter stadig tot die besef gekom dat om korrupsie te verminder, vermorsing te vermy en 'n doeltreffende toedeling van bronne te verseker, van die ontvangerland 'n volledige ontwikkelingsprogram vereis moet word. In sekere uiterste gevalle het die konstruksie van hierdie planne deur buitelanders plaasgevind en kan dus nie altyd goed by 'n spesifieke land se behoeftes inpas nie.

Ongeag of beplanning interne inisiatief of eksterne druk weerspieël, berus beplanning in die finale ontleding by die onvermoë van die prysmeganisme om ekonomiese groei, effektiwiteit en gelykheid te verseker (Griffin en Enos, 1970, p. 21). Hoe groter die ekonomiese ontwikkelingsprobleme word, hoe groter is die moontlikheid van owerheidsinmenging en hoe groter die behoefte vir beplanning. Beplanning en owerheidsinmenging kan ekonomiese ontwikkeling bevorder. Met ander woorde die dringendheid van beplanning (en sy intensiteit) varieer positief met die mate van onderontwikkeling. Die kuns van beplanning in minder-ontwikkelde lande is om so in die ekonomie in te meng dat die belangrikste probleme oorkom kan word.

Omdat snelle ekonomiese ontwikkeling 'n vereiste vir minder-ontwikkelde lande is om te verseker dat hulle met ander lande tred hou, kan die ekonomiese ontwikkelingsproses nie aan homself oorgelaat word nie. Die werking van die vrye mark-ekonomie kan nie die maksimum welvaart van elke individu in minder-ontwikkelde lande verseker nie, en wel weens die talre beperkings op die aannames waarop die stelsel gebaseer is (Van Wyk, 1974, p. 21). Faktore soos ongelyke inkomsteverdeling, 'n neiging om hulpbronne meer vir die verbruiks- as produksiebehoeftes toe te deel, verwronge prysstrukture deur tekorte op verskillende terreine soos die kapitaal- en valuta-mark, eksterne besparinge en 'n traagheid tot die nodige strukturele aanpassings belemmer die werking van die mark-ekonomie sodat die prysstelsel nie doeltreffend funksioneer nie en pryse nie die sosiale waarde weerspieël nie (Van Wyk, 1974, p. 21 en 22). As ander faktore, soos die sosiale, politieke, onderwys, opleiding en ondernemingsgees, ook in ag geneem word, is dit duidelik waarom beplanning as 'n doelbewuste strategie noodsaaklik geword het om hierdie probleme op te los.

In die ontwikkelde vrye mark-ekonomië is die ekonomiese rol van die owerheid hoofsaaklik tot die herdistribusie van inkomste en die buitelandse sektor beperk. Die fiskale en monetêre maatreëls is gevolglik voldoende om ekonomiese ontwikkeling teweeg te bring. Daarenteen moet die owerheid van minder-ontwikkelde lande positief tot die verandering in die

struktuur van die ekonomie meewerk. Die fiskale en monetêre maatreëls moet, deur byvoorbeeld owerheidsinvestering, die skepping van spesifieke nywerhede en die kontrole van internasionale handel aangevul word. Dit alles vereis 'n meer volledige beplanning om die volle strukturele veranderinge te kan waarneem.

Deeglike beplanning is ook 'n vereiste vir die optimale benutting van hulpbronne, dit wil sê 'n land kan nie verwag dat sy ontwikkelingsproses optimaal sal wees sonder beplanning nie. Samevattend gestel, kan daar min twyfel wees dat beplanning 'n noodsaaklikheid vir enige ekonomiese ontwikkelingsprogram is.

5.3 DIE METODE VAN BEPLANNING

Die meeste ekonome is oortuig dat beplanning ekonomiese ontwikkeling kan versnel, hoewel daar ook persone is wat nie hiermee saamstem nie (Griffin en Enos, 1970, p. 28). Dit gaan hier egter nie daaroor of beplan moet word nie, maar hoe om te beplan.

In die algemeen is daar twee groepe beplanners. Die een groep is saamgestel uit modelbouers en algemene programmeerders wat die rekenaar as beplanningsinstrument gebruik. Die ander groep begin by die aanname dat die faktore wat groei beperk, nie baie is nie en ook nie ewe sterk is nie. Hulle glo daar is sekere spesifieke elemente, miskien verskillend in elke land, wat ontwikkeling strem. Gevolglik moet deeglike beplanning hierdie knelpunte oplos.

Hierdie twee benaderings ten opsigte van beplanning - 'n oefening in programmering en 'n oefening om knelpunte op te los - is nie onderling verskillend nie, maar verskil slegs in die beklemtoning. Die eerste benadering het met die versameling van data, ekonometriese skatting en 'n konstruering van 'n model vir die ekonomie te doen. Die tweede benadering het weer belang by die isolering, ontleding en oplossing van spesifieke probleme. Die eerste benadering aanvaar die insti-

tusionele omgewing as 'n konstante as gevolg van wiskundige instruments tenwyl laesgenoemde veronderstel dat die instellings veranderlikes is.

Watter een van hierdie twee benaderings die geskikste vir 'n sekere land is, sal grootliks van die land se omstandighede afhang. Politieke voorwaardes sal byvoorbeeld aantoon watter, indien enige, instelling kan verander. Netso kan die beskikbaarheid van data en hulle kwaliteit sekere beperkings op 'n beplanningsmodel lê. Die doeltreffendheid en tegniese bevoegdheid van die staatsdiens sal die mate van owerheidsinmenging in die ekonomie en die aard van owerheidskontrole beïnvloed. Hierdie beperking is egter nie staties nie en kan dus verander.

Ekonomiese ontwikkeling verg opoffering van die hele gemeenskap: opoffering van tyd, geld, status en energie. Beplanning kan tyd en geld deur die verbetering van die toedeling van skaars bronne van die gemeenskap besparend aanwend. Dit verg goeie organisasie, maar kan ekonomiese ontwikkeling nie alleen teweegbring nie en help ekonomiese ontwikkeling slegs aan.

Daar moet ook voorsiening vir die vordering en uitvoering van die plan gemaak word. Dit sluit voortdurende evaluasie van die plan in, sodat regstellings gemaak kan word indien dit nodig is. Hierdie evaluasie-studie is deel van die beplanningsproses, want beplanning is 'n kontinue proses tot dat die doel bereik is. Kontrole en evaluering is dus van die belangrikste fasette van beplanning.

Die hele beplanningsmetode kan soos volg saamgevat word (Van Wyk, 1974, p. 43 en 44):

- (i) Die doel wat bereik wil word;
- (ii) die belangrikste alternatiewe;
- (iii) vir elke alternatief moet die beste beskikbare skatting vir die totale programkoste vir elke jaar uitgewerk word;

- (iv) vir elke alternatief moet die beste beskikbare skatting vir die programinkomste vir elke jaar uitgewerk word;
- (v) die belangrikste aannames en onsekerhede wat met alternatiewe geassosieer word; en
- (vi) die invloed van die voorgestelde program op ander owerheidsvlakke of private organisasies.

5.4 DIE DOEL VAN BEPLANNING

Die sukses van nasionale beplanning hang nie net af van die vermoë om die uitgestippelde doel meer suksesvol as 'n onbeplande aktiwiteit uit te voer nie. Dit hang ook af van die vermoë om hierdie doelstellings op so 'n manier te formuleer dat dit die strewe van die mense terwille van wie die plan uitgevoer word, uitdruk. 'n Universeel aanvaarde doel is natuurlik onmoontlik omdat die begeerte en behoeftes van volkere verskil. Dit wil sê die doelstellings van 'n gemeenskap is 'n arbitrêre saak wat deur elke volk, op die basis van die voordele vir die inwoners, ontleed, bespreek, geweeg en dan aanvaar of verwerp word. Dit is dus goed om doelstellings te kies wat die hele gemeenskap tevrede sal stel, maar dit is onmoontlik om te sê watter doelstelling die beste is alvorens die uitvoerbaarheid nie volledig ontleed is nie. Die beplanner moet ook daarmee rekening hou dat dit moeilik is om die welvaart van twee of meer individue te vergelyk, en dat 'n plan wat die welvaart van die inwoners wel verhoog nie sommige persone moet benadeel nie.

Hiervoor is die stel van 'n doel absoluut noodsaaklik. Die keuse van doelstellings word deur die politieke stelsel gedoen. In 'n demokratiese vorm van owerheid vind dit in 'n parlement plaas en by 'n outoritêre of militêre diktatorskap gee 'n junta die beslissing, ensovoorts. Watter owerheidsvorm daar bestaan, is nie vir die beplanner van belang nie, maar die mate van duidelike doelstellings, die begeerte van die heersers van die land, en die wense van die bevolking en hulle ondersteuning is belangrik. As die doelstellings

nie eksplisiet gestel word nie, is daar geen kriteria om alternatiewe beleide te evalueer nie. As 'n beplanner nie weet wat die doel is nie, kan hy nie besluit watter middele geskik is om die doel te bereik nie. Met 'n doel kan beplan word, maar as die doelstellings nie die van die beleidmakers is nie, is die plan waardeloos omdat dit nie nagevolg word nie.

Daar is 'n hiërargie van doelstellings, van die algemene na die spesifieke, van die teoretiese na die besondere, van die onmeetbare na die meetbare. In 'n ontwikkelingsplan word al hierdie vlakke aangetref (Griffin en Enos, 1970, p. 32):

- (1) Strewe. Dit is die strewe van die gemeenskap na 'n algemene doel en is die mees teoretiese.
- (2) Doelstellings. Dit is die doelstellings wat nog steeds teoreties is, maar wat gedurende die termyn van die plan bereik kan word.
- (3) Doelwitte. Dit is die mins. teoretiese vlak, en vorm spesifieke kwantitatiewe resultate van die plan.

Die woorde strewe, doelstellings en doelwitte onderskei tussen die hiërargiese vlakke. Die verskuiwing van een vlak na 'n volgende is noodsaaklik, want slegs by die laaste, naamlik doelwitte, kan die optrede gemeet word.

Die strewe van die gemeenskap is byvoorbeeld om ekonomiese ongelykhede tussen lede te verminder (Griffin en Enos, 1970, p. 32 - 34). Dit sluit dus al die veranderlikes soos onderwys, inkomste, rykdom, vrye tyd, ensovoorts, in. Veronderstel die politieke leiers van 'n land besluit dat onderwys en inkomste die belangrikste dimensies van welvaart is. Die strewe in hierdie twee dimensies kan nou wees dat elke individu genoeg onderwys volgens sy vermoë moet kry of voldoende opleiding vir die nywerheid en dat geen individu 'n inkomste moet hê wat tien maal meer as 'n ander individu sin is nie. As die bronne hiervoor beskikbaar is, kan hierdie strewe in vyf agtereenvolgende ontwikkelingsplanne uitgevoer word.

Nou kan 'n doel vir die eerste gedeelte wees om $1/5$ van die ongelykheid uit te skakel. Die strewe word dus nou in 'n doelstelling omskep. In die praktyk sal hierdie transformasie nie altyd baie maklik of akkuraat wees nie. In hierdie voorbeeld kan die strewe ten opsigte van inkomsteongelykheid van die inwoners oor 'n tydperk byvoorbeeld verander. Ander belangriker ongelykhede kan ook na vore kom as die bestaandes geëlimineer is.

Die volgende stap is om die doel in spesifieke doelwitte te omskep. Die doelwitte kan byvoorbeeld wees om die skoolstelsel uit te brei om die behoeftes van x studente te bevredig en om y rand van een inkomstegroep na 'n ander groep oor te plaas. Hierdie omskakeling van 'n doel na 'n doelwit is moeilik en is slegs 'n benadering vir die doel. Net so is doelstellings weer 'n benadering vir die strewe van 'n bevolking.

Die alternatiewe wat vir die doelstellings beskikbaar is, kan op 'n basis plaasvind waar die doelstellings oor sekere aspekte van die gemeenskap verdeel word. Hierdie verdeling is drie-voudig:

- (i) Daardie doelstellings wat primêr op die verandering van die struktuur van produksie gerig is;
- (ii) dié wat primêr op die verandering van die verdeling van produksie gerig is; en
- (iii) dié wat primêr op die verandering in die verhouding tussen huidige en toekomstige strome van produksie en verbruik gerig is.

Hierdie kategorieë word verkort na ekonomiese doelstellings, sosiale doelstelling en tydsgebonde ("temporal") doelstellings (Griffin en Enos, 1970, p. 34). Die regverdiging van hierdie verdeling lê daarin dat die ekonomie ten volle in vier verbande beskryf kan word:

- (i) Die bepaling van die produksie van produkte en dienste gedurende 'n sekere tydperk (ekonomiese doelstellings).
- (ii) Die meting van die nut, wat van die verbruik van produkte en dienste in dieselfde tydperk, afgelei kan word (sosiale doelstellings).
- (iii) en (iv) Die verbinding van produksie en nut in een tydperk (dieselfde as hierbo) en die verbinding van produksie en nut in alle ander tydperke. Hier word dieselfde veranderlike, (tyd), beskou en kan as 'n enkele begrip gekombineer word (tydsgebonde doelstellings).

5.4.1 EKONOMIESE DOELSTELLINGS

Ekonomiese doelstellings het meer aandag van ekonome ontvang. Faktore soos om in produksie te spesialiseer of om te diversifiseer, te industrialiseer, om landbouontwikkeling te beklemtoon, om kapitaal of arbeidsintensiewe tegnologie te gebruik, private of openbare finansiering, om buitelandse hulp te soek of nie, om saam te werk of om te wedywer, is almal alternatiewe wat die struktuur van produksie kan beïnvloed. Hieruit kan spesifieke doelwitte nagestreef word.

'n Redelike algemene ekonomiese doel van die meeste lande sal die volle benutting van die bestaande kapasiteit wees. Dit kan tot 'n aansienlike toename in produksie aanleiding gee. Hoewel die mate van onderbenutting van land tot land varieer, is dit so dat armer lande 'n hoër koers van onderbenutting as ryker lande het (Griffin en Enos, 1970, p. 35).

'n Algemene ekonomiese doelstelling is ook 'n hoë koers van ekonomiese groei per capita. Die statistiese meting hiervan kan met die prestasie van die verlede vergelyk word. Daar kan vasgestel word of dit gunstig of ongunstig met ander lande vergelyk en dit kan vir die onmiddellike toekoms geëkstrapoleer word.

Die groeikoers as doelwit het aansienlike ekonomiese betekenis, maar weens die ongelyke aard van ekonomiese vooruitgang het dit min betekenis oor kort intervalle van tyd, maar oor 'n termyn van vyf of tien jaar is dit meer belangrik. Die per capita groei moet hierbenewens nie die enigste doel wees nie, want 'n konsentrasie op die groeikoers kan faktore soos die struktuur van die ekonomie, die samestelling van produksie en die distribusie van inkomste veronagsaam. Dit is byvoorbeeld moontlik om kapitaal-intensiewe prosesse te aanvaar, ten koste van die voorsiening van werksgelentheid in 'n groeiende arbeidsmag - die kies van 'n arbeidsintensiewe tegniek gee miskien stadiger ekonomiese groei, maar laat totale welvaart toeneem. Verder gee die groeikoers van die ekonomie nie 'n aanduiding van die samestelling van produksie nie. Die toedeling van bronne aan aktiwiteite wat die kwantiteit laat toeneem word aangemoedig, terwyl die aktiwiteite wat die kwaliteit laat toeneem, nie noodwendig aangemoedig word nie, omdat dit nie dieselfde hoef te wees nie. In die laaste plek sal die konsentrasie op 'n groeikoers nie iets aantoon oor hoe die voordeel tussen die bevolking verdeel word nie. Geen verklaring van doelstellings gee nie 'n aanduiding van hoe die voordele van ekonomiese groei tussen die inwoners verdeel word nie. Daarom is sosiale doelstellings wat die ekonomiese doelstellings kan aanvul, nodig.

5.4.2. SOSIALE DOELSTELLINGS

Sosiale doelstellings mag dus 'n verhoging van die lewenstandaard van die bevolking as geheel en gevolglik 'n meer gelyke inkomsteverdeling inhou. In die meeste planne is daar geen aanduiding van sosiale doelstellings nie. Daar is verskeie moontlike redes (Griffin en Enos, 1970, p. 38) vir hierdie weglating van sosiale doelstellings:

- (i) Die gemeenskap het miskien nog nooit sy doelstellings geformuleer nie;
- (ii) daar is geen ooreenstemming ten opsigte van sosiale doelstellings nie;

(iii) die gevolge van ekonomiese of politieke aktiwiteite van 'n plan mag nie populêr wees nie en kan sodoende die huidige posisie van die regeerders in gevaar stel; of

(iv) dit kan aanvaar word dat die ekonomiese doelstellings die sosiale doelstellings outomaties bevredig.

Hoewel die meting van die sosiale verskynsel moeilik is en die resultaat soms onvoldoende moet hierdie taak tog onderneem word.¹⁾ Die voordele wat van 'n sekere verandering verkry kan word, so byvoorbeeld die verandering in die patroon van verbruik, moet bereken word. Dit moet met die kostes om hierdie voordele te behaal, vergelyk word. Dit moet dan weer met die voordele en kostes van alternatiewe veranderinge vergelyk word om sodoende te bepaal watter keuse die beste vir die gemeenskap is. Hierdie koste-voordeel analise word veral vir sekere openbare investerings gedoen en is teoreties toepaslik ten opsigte van alle openbare en private besluite.

In die ekonomie wat uit verskillende groepe mense bestaan, is beide die kostes en voordele moeilik om te bepaal. As voorbeeld kan 'n skema om inkomstes te herverdeel geneem word. Dan is die koste van belasting, oordrag- en uitvoeringsmeganisme wel bekend, maar die afnemende nut van diegene wat belasting betaal en die toenemende nut van diegene wat oordragte ontvang kan nie gemeet word nie. Gevolglik kan absoluut korrekte keuse nie altyd gemaak word nie en word waardes volgens persoonlike diskresie beoordeel.

Sosiale doelstellings is nie net 'n moeilike begrip om mee

1) In hoofstuk 4, § 4.1 en § 4.2 p.84/86) is die belangrikheid van sosiale aanwysers beklemtoon asook die tekortkominge van sulke aanwysers.

te werk nie, maar is ook moeilik om uit te voer. Die ongelike verdeling van sekere produkte soos voedsel, primêre onderwys en mediese dienste is moeilik om op te los. 'n Verandering in die sosiale struktuur veroorsaak egter meer probleme want hier moet voorsiening vir 'produkte' soos 'n effektiewe owerheid, geleenthede tot hoër onderwys, gelyke toegang tot openbare fasiliteite en gelyke behandeling onder die wet gemaak word. Hierdie 'produkte' laat sekere individue deel in wat bevoorregte groepe alreeds gehad het. Omdat sulke 'produkte' deurslaggewend vir burgerlike eensgesindheid en ekonomiese vooruitgang is, word dit gewoonlik in beginsel gewaarborg, maar omdat alle klasse dan gelyk gestel word, word dit nie in die praktyk toegepas nie (Griffin en Enos, 1970, p. 39). Die bereiking van sosiale doelstellings vereis gevolglik die disorganisasie van 'n deel van die gemeenskap.

5.4.3 TYDSGEBONDE DOELSTELLINGS

In elke ekonomiese besluit is daar 'n tydsfaktor aanwesig. Eenvoudig gestel, beteken dit dat die keuse om iets vandag of in die toekoms te doen, moet uitgeoefen word. As voorbeeld is die investeringsbesluit waar 'n keuse tussen twee verskillende tegnieke, een wat onmiddellik 'n stroom van inkomste sal lewer en een wat in die nabye toekoms inkomste sal lewer, gemaak moet word.

Die gemeenskap het dieselfde alternatief om byvoorbeeld al die huidige produksie te verbruik of om 'n deel vir toekomstige verbruik te spaar. Die besluit om huidige produksie in huidige en toekomstige verbruik vir behoeftebevrediging te verdeel, is net so belangrik as die besluit wat die huidige produksie moet wees en die besluit oor die distribusie van die huidige verbruik. Dit skakel die ekonomiese en sosiale doelstellings van een oomblik in die termyn met verskeie ander oomblikke aaneen.

Die gemeenskap sal die samestelling van produksie en die verdeling van verbruik, in veral gemengde ekonomiese met openbare en private ondernemings, deur hul investeringsbesluit.

oor 'n termyn, beïnvloed (Griffin en Enos, 1970, p. 40). Dit is noodsaaklik dat die gemeenskap die aard van sy 'tydsgebonde' keuse moet verstaan en dit in die vorm van 'n doelstelling moet aantoon.

5.5 INSTRUMENTE VAN BEPLANNING

Dit is altyd nodig om die beskikbare middele in ag te neem wanneer tussen doelstellings gekies moet word, omdat daar nooit genoeg middele is om al die doelstellings te bereik nie. Dit is ook nodig om doelstellings in ag te neem wanneer tussen middele gekies word, want die instelling wat ontwikkel word om produksie en distribusie te vergemaklik, moet met die doelstellings van die gemeenskap ooreenstem. Die middele bestaan uit sekere fisiese hoeveelhede van bronne en die maniere waarop dit gebruik kan word. Die middele bestaan uit beide die insette en die tegniese en institusionele verwantskappe tussen insette en uitsette.

In die huidige situasie bestaan insette in die vorm van bronne, byvoorbeeld soveel arbeiders, voorraad en toerusting. Die hoeveelheid en samestelling van bronne wat in die toekoms beskikbaar sal wees, sal deur tegnologiese veranderinge en die toekomstige vasgestelde struktuur bepaal word.

Om die beste voordele van beskikbare bronne te kry, is dit nodig om te weet watter hoeveelhede bestaan. Maar ongelukkig is volledige inligting seide beskikbaar. Daar is gewoonlik akkurate gegewens oor die bevolking, ouderdomme, geslag, onderwys, industriële- en owerheidsaktiwiteite. Minder akkurate gegewens ten opsigte van nie-industriële aktiwiteite soos landbou, handel en finansiering bestaan, terwyl data oor die distribusie van inkomste en rykdom, die tyd gebruik om ekonomiese aktiwiteite uit te voer en die manier van besluite neem, gewoonlik onakkuraat of nie beskikbaar is nie.

Om nou 'n tegnologie te kies, sal van die keuse van 'n ontwikkelingstrategie afhang. Die strategie kom na vore wanneer die belangrikheid van die verskillende ekonomiese, sosiale

en tydsgebonde doelstellings aangetoon is. Hieruit word die tegnologie dan bepaal. Die keuse van die tegniek (dit is 'n metode wat insette kombineer om 'n vasgestelde uitset te produseer, Todaro, 1977, p. 430) wat gebruik word, sal van die produksiefunksie (dit is die tegnologiese verband tussen die hoeveelheid geproduseer en die hoeveelheid insette wat vir sodanige produksie nodig is, Todaro, 1977, p. 430) afhang. Die beplanner moet die keuse van die tegniek bepaal.

Om doelstellings te bereik, is nie net bronne nodig nie, maar ook middele om die bronne sinvol te kombineer om die voordele van hul potensiaal te verkry. Hierdie kombinasie geskied volgens die gewontes en moreel van die gemeenskap en word 'n instelling genoem (Griffin en Enos, 1970, p. 45). Om die mees geskikte instelling te aanvaar, gee heelwat probleme. So 'n instelling ontstaan gewoonlik deur die algemene formulering van die hele gemeenskap of deur sekere aangewese persone (byvoorbeeld priesters) aan wie die mag gegee is. 'n Verandering in hierdie instellings is moeilik en sal gewoonlik nie vreedsaam verander nie (byvoorbeeld burgeroorloë in verskeie lande, revolusies, ensovoorts). Daarom is die vraag of 'n institusionele verandering die moeite werd is, toepaslik. Hiervoor is 'n goeie ontleding noodsaaklik, want in sommige gevalle kan dit tot aansienlike toename in produksie en verbruik lei.

5.6 IMPLIMENTERING EN ORGANISASIE

5.6.1 ORGANISASIE

Beplanning moet met alle aspekte van 'n volk se welvaart rekening hou, naamlik sy ekonomiese omstandighede, sy sosiale struktuur en sy politieke instellings. In veral minder-ontwikkelde lande lê die belangrikheid van beplanning by institusionele verandering (vergelyk § 5.5, p. 123). Die belangrikste instelling is openbare administrasie, dit wil sê die owerheid wat die veranderings en aanpassings in die ekonomie kan bewerkstellig. Deur die owerheidstelsel van kontrole en

aanpassing kan bronne vir investering gemobiliseer word, en sodoende die samestelling van produksie beïnvloed word. Deur die monetêre, fiskale en bestedingsbeleid van die owerheid, kan die peil van totale vraag, die distribusie van inkomste en rykdom beïnvloed word. Die graad van kontrole wat 'n owerheid oor sy mense en sy aktiwiteite kan uitoefen, varieer met sy politieke stelsel - hoe meer outoritêr 'n staat is, hoe groter die graad van kontrole.

Die graad van owerheidskontrole oor ekonomiese verskynsels is relatief hoog en faktore soos begrotings, wisselkoerse, tariewe, subsidies en kwotas word maklik gekontroleer. (Griffin en Enos, 1970, p. 185). Ander faktore soos die beweeglikheid van arbeid, distribusie van inkomste en rykdom, die koers van bevolkingsgroei en psigologiese faktore soos houding en motiverings, is weer moeilik om te beïnvloed. Die owerheid kan dus 'n positiewe rol in die ekonomie speel en moet dus so georganiseer word om die behoeftes van die gemeenskap te bevredig.

Meestal word 'n afsonderlike beplanningsorganisasie in die lewe geroep wat die voorstelle vir 'n ontwikkelingsprogram aan die hoof van die regering (Eerste Minister of Staatspresident) gee, en sodoende word heelwat administratiewe stappe in besluitneming en die uitvoering daarvan uitgeskaakel. Die grootte van die personeel van die beplanningsdepartement sal van die omvang van hul werksaamhede afhanklik wees. Statistisi en ekonome vervul 'n kardinale rol, maar die interdisiplinêre karakter van ontwikkelingsbeplanning vereis deskundiges van alle terreine, byvoorbeeld ingenieurs, sosioloë, volkekundiges en landboukundiges (Van Wyk, 1974, p. 36). Waar minder-ontwikkelde lande sommige van hierdie deskundiges van die buiteland verkry, word beplanning aansienlik bemoeilik, want 'n grondige kennis asook ervaring van alle fasette van die volkshuishouding word benodig.

Die verantwoordelikheid van die beplanningsdepartement kan kortliks soos volg saamgevat word (Van Wyk, 1974, p. 37 en 38):

(i) Formulering en hersiening van die nasionale ontwikke-

lingsplan;

- (ii) die voorbereiding van jaarlikse operasionele planne, dit behels ook die versameling van alle toepaslike data;
- (iii) aanbevelings vir die beleid, maatreëls en middele om ontwikkelingsplanne uit te voer;
- (iv) verslag en evaluering van die uitvoering van die ontwikkelingsplanne;
- (v) koördinasie (of behulpsaam wees met die koördinasie) van buitelandse tegniese hulp.

Die beplanningsdepartement of -organisasie moet dus nie net 'n plan opstel nie. Hulle moet dit implimenteer, dit kontroleer en evalueer.

5.6.2: IMPLIMENTERING

'n Plan word grootliks gekonstrueer met behulp van die insameling van data en die organisasie van die inligting wat daaruit verkry word. Hoe meer inligting bekend is, en hoe hoër die kwaliteit daarvan, hoe meer akkuraat kan die probleem in 'n land ontleed word. Dan kan meer geskikte beleide gekies word om dit op te los. Die implimentering van 'n plan hang van die vermoë van die beplanners af om die inligting en instruksies aan uitvoerende beamptes oor te dra. Vir sukses moet 'n plan begryp en deur 'n groot aantal persone aanvaar word. Die beplanners moet beide die diagnose en die voorskrif aan diegene wat vir die implimentering verantwoordelik is, mededeel. Die werking van 'n plan gaan dus oor die oordra van feite, opinies, instruksies en idees.

Inligting moet vrylik tussen die beplanners en private groepe vloei, want inligting van probleme en sekere doelwitte van die verskeie aktiwiteite in die private sektor kan dié inligting baie meer akkuraat maak. Inligting en opgeleide personeel is dus nodig vir beplanning, maar dit is nie genoeg nie.

Om 'n plan te implimenteer het die owerheid algehele samewerking, entoesiasme en positiewe optrede van die bevolking nodig. Ontwikkeling hang nie net van die suksesvolle afhandeling van 'n groot kapitale projek af nie, maar van al die investering wat honderde ondernemers doen, van die gebruik van verbeterde metodes van landbou-bewerking deur honderde boere, en van die bereidwilligheid van stedelinge om hul bekwaamheid te verhoog en tegnologiese verandering te aanvaar. (Griffin en Enos, 1970, p. 193). Sonder hierdie samewerking is geen ontwikkeling moontlik nie en passiewe weerstand, of die afwesigheid van entoesiasme, kan die beste plan verongeluk.

Daarom is die skepping van entoesiasme en 'n stimulus tot optrede 'n belangrike element van beplanning. Hiervoor is vertroue in die owerheid nodig, die meedeling van die private sektor van hulle behoeftes en die versekering dat die voordele van 'n plan gelyk verdeel sal word. As hierdie samewerking verkry word, kan ekonomiese ontwikkeling teen 'n vinniger tempo plaasvind.

'n Baie belangrike aspek van die implimentering van die ontwikkelingsplan is die evaluasie van die program. Dit behels die kwantitatiewe en kwalitatiewe ontleding van die plan se vordering ten opsigte van doelwitte en metodes, want alleen daardeur sal die sukses van die ontwikkelingsplan gemeet kan word. So 'n ontleding maak dit ook moontlik om verdere planne se omskrywing en doeltreffendheid te verbeter. In hierdie evaluasieproses word die volgende kriteria en faktore gebruik: objektiwiteit, kontinuiteit, gebruik van gepaste kriteria vir die betrokke doelwitte, betroubaarheid, doeltreffendheid, volledigheid, meningsopnames en produktiwiteit (Van Wyk, 1974, p. 47).

5.7 GEVOLGTREKKING

Bepanning kan 'n belangrike rol in die verwesenliking van ekonomiese ontwikkeling vervul. Om die beplanning op nasionale vlak te doen, vereis die samewerking van deskundiges, die regering, alle verwante instellings en die hele bevolking.

Die owerheid vervul natuurlik 'n besondere rol in die beplanningsproses omdat dit deur hom geïnisieer en geïmplimenteer word. Vir 'n suksesvolle afhandeling van hierdie taak moet die samewerking en entoesiasme van die private sektor verkry word.

In veral minder-ontwikkelde lande waar hierdie beplanning baie nodig is, word egter heelwat probleme ondervind. Daar is gewoonlik 'n gebrek aan belangrike en voldoende inligting, 'n gebrek aan genoeg opgeleide personeel en 'n gebrek aan geskikte projekte wat vir implimentering gereed is, hoofsaaklik as gevolg van onvoldoende fondse.

Ten spyte van hierdie probleme is beplanning nogtans belangrik. Die doel van enige land is om ekonomies te ontwikkel. Een van die belangrikste faktore wat ekonomiese ontwikkeling beïnvloed, is beplanning. Die rol wat beplanning kan speel is geleë in die feit dat die doelstellings geformuleer, geïmplimenteer en gekontroleer word. Evaluering vorm 'n deel van hierdie kontrole. Met behulp van beplanning kan verskeie veranderlikes (en nie net bruto nasionale produk nie) in aanmerking geneem, geëvalueer en dus gekontroleer word. Sodoende kan ekonomiese vooruitgang duidelik waargeneem word. Dit is duidelik dat beplanning 'n belangrike rol in die meting van ekonomiese ontwikkeling kan speel.

HOOFSTUK 6

SLOT

In die inleidende hoofstuk is gestel dat ekonomiese ontwikkeling feitlik alle fasette van die ekonomie raak. Daarom was dit nodig om ekonomiese ontwikkeling volledig te beskryf. Dit het geblyk dat ekonomiese ontwikkeling 'n multidimensionele karakter besit aangesien dit ekonomiese, sosiale en politieke veranderlikes insluit. Dat hierdie veranderlikes 'n rol in ekonomiese ontwikkeling speel, is veral duidelik na dat die eienskappe van ontwikkelde en minder-ontwikkelde lande behandel is. Hieruit lei mens ook af dat ekonomiese vooruitgang wel voorkom want een land is meer ontwikkel as 'n ander..

Om hierdie vooruitgang te meet, moet soveel as moontlik van hierdie 'multi-dimensionele' veranderlikes in aanmerking geneem word. Hierdie veranderlikes of aanwysers sluit direkte (byvoorbeeld die bruto nasionale produk) en indirekte maatstawwe (byvoorbeeld lewenstandaardaanwysers) in. Die doel van hierdie studie is dus om te bepaal watter maatstawwe bestaan wat ekonomiese ontwikkeling kan meet en of hierdie maatstawwe voldoende is. Normaalweg word ekonomiese ontwikkeling met behulp van die bruto nasionale produk per capita gemeet, maar omdat hierdie maatstaf slegs een dimensie van die ekonomie raak, is dit ook nodig om sekere ekonomiese ontwikkelingsaanwysers te beskryf wat meer veranderlikes insluit.

In hoofstuk 2 word die konvensionele maatstaf wat ekonomiese ontwikkeling meet, naamlik die bruto nasionale produk per capita, beskryf. Die belangrikste komponente van hierdie maatstaf is die nasionale produksie in die teller en die bevolking in die noemer. Nasionale produksie word deur die algemene begrip in nasionale rekeninge, naamlik bruto nasionale produk, weerspieël. Ten spyte van die voordele van die bruto nasionale produk, wat hoofsaaklik op kardinale meetbaarheid berus, bevat dit veral probleme wat uit sekere kwalitatiewe aspekte van produksie ontstaan. Hierdie kwalitatiewe aspekte veroorsaak verder dat welvaartsveranderlikes

nie in aanmerking geneem word nie. Aan die ander kant is die bruto nasionale produk kwantitatief van aard wat uit die somtotaal van finale produkte en dienste bestaan. Daar word egter dikwels sekere intermediêre produkte, wat eintlik deel van finale produkte vorm, ook nog in berekening gebring. Dit lei daartoe dat reële inkomste van die inwoners oorskat kan word.

Die invloed van die bevolking op die per capita produk is in die volgende 3 probleme geleë. Eerstens die afhanklikheidslas, dit wil sê die persone wat nie ekonomies produktief is nie soos kinders en afgetrede persone, en wat van die ekonomiese aktiewe persone afhanklik is. Tweedens die arbeidsmag, dit wil sê daar moet genoeg investering plaasvind om werkseleenthede vir die arbeidsmag te skep. Derdens die bevolkingsdigtheid, dit wil sê die aantal werkers per beskikbare bronne.

Nadat die bruto nasionale produk per capita bereken is, word dit dikwels gebruik om internasionale vergelykings te maak. Om sulke vergelykings te maak, moet alle lande se per capita waarde in dieselfde geldeenheid wees. Hiervoor word wisselkoerse gebruik. Hierdie wisselkoers moet 'n ewewigskoers weerspieël om 'n korrekte vergelyking te gee. Faktore soos tariewe, vervoerkostes en nie-verhandelde produkte maak dit moeilik om so 'n ewewigswisselkoers te vind.

In die geheel het die bruto nasionale produk per capita sekere tekortkominge. Dit sluit byvoorbeeld nie die inspanning in wat nodig is om produksie voort te bring nie, of die lewenstandaard wat die gevolg van die verbruik van produksie is nie. Die belangrikste tekortkoming is die distribusie van inkomste.

Gevolgtrek word hoofstuk 3 gebruik om die distribusie van inkomste te ontleed. Inkomste hang nou saam met armoede. Daarvolgens kan 'n armoedegrens bepaal word. Hierdie armoedegrens word deur die lewenstandaard van 'n volk beïnvloed. Dit was egter vooraf nodig om enkele begripsprobleme rondom inkomste te ondersoek.

Die kern van die distribusie van nasionale inkomste-probleem lê in die ongelykheid tussen inkomste van die ryk en arm inwoners van 'n land. Dit beteken dat die rykdom van 'n land in die hande van die rykste groep gekonsentreer is en dat die meerderheid 'n minimum lewenstandaard moet handhaaf. Die belangrikheid van hierdie ongelykheid word met behulp van voorbeelde geïllustreer. Die gevolgtrekking is dat by ongelike inkomstedistribusie kan die rykes deur hulle vraag die produksie van 'n land beïnvloed. Omdat inkomstedistribusie belangrik is, is dit dus nodig om dit te kan meet. Een van die belangrikste maatstawwe wat ongelykheid kan meet, is die Gini-koëffisiënt wat van die Lorenz-kromme afgelei word. Hierdie koëffisiënt varieer tussen 0, dit is perfekte gelykheid en 1, dit is perfekte ongelykheid. Nadat die ongelykheid van inkomstedistribusie vasgestel is, is dit belangrik om te bepaal of ekonomiese groei hierdie ongelykheid beïnvloed. Verskeie skrywers (Elliott en Kuznets, vergelyk Ek 3.6 p. 73) stel dat in die vroeë stadium van ekonomiese ontwikkeling inkomstedistribusie sal versleg, maar in die latere stadium sal dit verbeter (dit wil sê meer gelyk word). Todaro (1977, p. 156) voer weer argumente aan dat veral in minder-ontwikkelde lande ekonomiese groei nie noodwendig inkomstedistribusie gelyk sal maak nie.

By 'n internasionale vergelyking van die distribusie van inkomste vind mens dat daar ook groot verskille in die wêreld-distribusie van inkomste bestaan. Ten spyte van die probleme van internasionale vergelykings is daar verskeie redes waarom sulke verskille in inkomstepeile bestaan. Verskillende pogings word egter aangewend om die distribusie van inkomste meer gelyk te maak. 'n Meer gelyke distribusie van inkomstes kan inhou dat die lewenstandaard van die hele bevolking, by die verhoging van inkomste, geraak word.

In hoofstuk 4 word egter nog breër gegaan as net inkomste-verdeling en armoede. Sosiale aanwysers word bespreek wat baie meer veranderlikes insluit. Vooraf word die probleme om hierdie aanwysers te bepaal, beklemtoon. Die probleme ontstaan as gevolg van ordinale meetbaarheid. Dit wil sê, 'n indeks moet uit die subjektiewe beoordeling van die na-

vorser saamgestel word. Die omvang, kenmerke en toekenning van waardes van welvaartsaanwysers word verder beskryf. Daarna word enkele empiriese studies ontleed. In hierdie studies word veral aandag aan 'n wye reeks veranderlikes wat ekonomiese ontwikkeling beïnvloed gegee. Van hierdie veranderlikes kom uit politieke omstandighede. Dit was dus nodig om politieke ontwikkeling kortliks te behandel, daar die owerheid en sy beleid 'n belangrike rol in ekonomiese ontwikkeling speel.

Sosiale aanwysers dek dus 'n wye spektrum van veranderlikes wat ekonomiese ontwikkeling beïnvloed. Daar bestaan egter nog geen algemene saamgestelde maatstaf (dit wil sê, 'n maatstaf wat verskeie veranderlikes insluit) nie. Dit toon nogtans dat baie meer faktore by die meting van die ekonomiese ontwikkelingspeil in aanmerking geneem moet word.

Hierdie verskillende veranderlikes wat ekonomiese ontwikkeling bepaal, word deur verskeie faktore beïnvloed. Een van die belangrikste faktore is beplanning. Beplanning word ook omskryf as 'n instrument wat die faktore wat nasionale welvaart beïnvloed, ontleed. Hieruit word die noodsaaklikheid van beplanning weerspieël, want 'n verhoging van die lewenstandaard kan verkry word as bepaalde doelstellings nagestreef en bereik word. (Die vooruitgang moet dus gedurig gekontroleer word wat evaluering inhou). Hierdie doelstellings word in ekonomiese, sosiale en tydsgebonde doelstellings verdeel. Vir die uitvoering van hierdie doelstellings is die samewerking van die owerheid, verwante instellings en die bevolking nodig. 'n Beplanningsorganisasie sal dikwels saamgestel word wat die doelstellings moet formuleer (hulle moet hul voorstelle aan die owerheid voorlê). Die beplanningsorganisasie moet ook toesien dat daar op die ekonomiese ontwikkelingspad gevorder word. Met ander woorde hulle moet vasstel of daar vooruitgang na sekere spesifieke doelwitte bestaan. Dit sluit dus voortdurende kontrole en gevolglik evaluering in. Hierdie evaluering vind in ooreenstemming met die doelstellings plaas.

Ten slotte kan die volgende aanbevelings gedoen word. Om

Ekonomiese ontwikkeling te meet, moet vooraf beplan word. Hierdie beplanning moet doeleindes stel soos die vermindering van armoede, werkloosheid of ongelykheid. Hierdie doelstellings moet op die welvaart van die bevolking gerig wees, en nie net op bevoorregte groepe nie. Daar moet dan bepaal word watter veranderlikes hierdie doelstellings raak. Dit moet nie net direkte aspekte soos die bruto nasionale produk insluit nie, maar ook sekere veranderlikes of aanwysers van die welvaart van die bevolking. Hierdie aanwysers sal aanvanklik slegs dié wees wat kwantitatief meetbaar is, om sodoende 'n objektiewe beeld te gee.

Om ekonomiese ontwikkeling te meet moet dus aanwysers, wat verskeie aspekte van welvaart van die bevolking raak, gekies word. Hierdie aanwysers moet geëvalueer word om te bepaal of die som daarvan 'n verbetering impliseer.

BRONNELYS

- ADELMAN, I. and MORRIS, C.T. 1972 Economic growth and social equity in developing countries. California, Stanford University Press.
- ATKINSON, A.B. 1975. The economics of inequality. London, Oxford.
- BALDWIN, R.E. 1972. Economic development and growth. New York, Wiley.
- BASTER, N. Development indicators: An introduction. (In Baster, N., ed. 1972. Measuring development: The role and adequacy of development indicators. London, Frank Cass. p. 1 - 19).
- BECKERMAN, W. and BACON, R. 1966 'International comparisons of income levels: A suggested new measure'. Economic Journal, vol. 76.
- BOWERS, D.A. and BAIRD, R.N. 1971. Elementary mathematical macroeconomics. Englewood Cliffs, Prentice-Hall.
- COALE, A.J. The problem of rapid population growth. (In Spiegelglas, S. and Welsh, C.J., eds. 1970. Economic development: Challenge and promise. Englewood Cliffs, Prentice-Hall, p. 153 - 167).

- COALE, A. J. and HOOVER, E.M. 1959. Population growth and economic development in low-income countries. Oxford, University Press.
- DREWNOWSKI, J. Social indicators and welfare measurement: Remarks on methodology. (In Baster, N., ed. 1972. Measuring development: The role and adequacy of development indicators. London, Frank Cass. p. 77 - 89).
- ELLIOTT, C. Income distribution and social stratification: Some notes on theory and practice. (In Baster, N., ed. 1972. Measuring development: The role and adequacy of development indicators. London, Frank Cass. p. 37 - 54).
- FRANKLIN, N.N. 1967. The concept and measurement of "minimum living standards". International Labour Review, vol. 95. no. 4.
- GILBERT, M. and KRAVIS, I.B. n.d. An international comparison of national product and the purchasing power of currencies. Parys. OEEC.
- GRIFFIN, K.B. and ENOS, J.L. 1970. Planning development. London, Addison - Wesley.
- HAGEN, E.E. 1968. The economics of development. Illinois, Irwin.
- HAINES, W.W. 1966. Money, prices and policy. New York. McGraw-Hill.

- HEILBRONER, R.L. and THUROW, . The economic problem.
L.C. . 1975 Englewood Cliffs, Prentice-Hall.
- HENDERSON, J.M. and . Microeconomic theory: A
QUANTZ, R.E. 1971 mathematical approach. New
York, McGraw-Hill.
- KUZNETS, S. International differences in
income levels. (In Okun, B. and
Richardson, R. W., eds. 1961.
Studies in economic development.
New York, Holt, Rinehart and
Winston. p. 3 - 26).
- KUZNETS, S. Some conceptual problems of
measurement. (In Okun, B. and
Richardson, R. W., eds. 1961.
Studies in economic development.
New York, Holt, Rinehart and
Winston. p. 237 - 241).
- McGRANAHAN, D. Development indicators and
development models. (In Bas-
ter, N., ed. 1972. Measuring
development: The role and ade-
quacy of development indicators.
London, Frank Cass. p. 91 - 101).
- MISHAN, E.J. Maart/April
1977. Comment: How real income and
its growth are overstated.
Challenge, vol. 20 no. 1.
- MORGENSTERN, O. Does GNP measure growth and wel-
fare. (In Backman, J., ed. 1975.
Social responsibility and accoun-
tability. New York, University
Press).

- NEL, P.A., LOUBSER, M. and STEENEKAMP, J.J.A. 1973.73 . The minimum subsistence level and the minimum humane standard of living of non-whites living in the main urban areas of the Republic of South-Africa. Pretoria, Buro vir marknavorsing, Universiteit van Suid-Afrika.
- OKUN, B. and RICHARDSON, R.W. Economic development: Concepts and meaning. (In Okun, B. and Richardson, R. W., eds. 1961. Studies in economic development. New York, Holt, Rinehart and Winston. p. 230 - 237).
- SEERS, D.. What are we trying to measure? (In Baster, N., ed. 1972. Measuring development: The role and adequacy of development indicators. London, Frank Cass. p. 21 - 36).
- SEN, A. 1972. On economic inequality. London, Clarendon press.
- STADLER, J.J. . 1973. Die nasionale rekeninge van Suid-Afrika. Kaapstad, H.A.U.M.
- SUID-AFRIKAANSE RESERWEBANK. SEPTEMBER 1977. Kwartaalblad.
- TABBARAH, R.B. . The adequacy of income: A social dimension in economic development. (In Baster, N., ed. 1972. Measuring development: The role and adequacy of development indicators. London, Frank Cass. p. 57 - 74).

- TERREBLANCHE, S.J. 1973: Die doelwit van 'n hoë ekonomiese
groeikoers. Pretoria, Academica.
- TODARO, M.P. 1977. Economics for a developing world.
London, Longman.
- UNITED NATIONS, n.d. Basic study no. 8. Aspects of
economic development.
- UNITED NATIONS POPULATION
DIVISION. Population growth and the stan-
dard of living in underdeveloped
countries. (In Okun, B. and
Richardson, R. W., eds. 1961.
Studies in economic development.
New York, Holt, Rinehart and
Winston. p. 247 - 264).
- VAN WYK, L.A. 1974. Die evaluasie van ontwikkelings=
projekte: 'n Omvattende koste=
voordeelanalise van die meeroewe=
pad in Malawi. (Ongepubliseer=
de proefskrif P.U. vir C.H.O.).
- WEBER, H.J. 1974. Ekonomiese ontwikkeling van
ontwikkende gebiede - evolu=
sionêr of ~~revolusionêr~~? (Refe=
raat gelewer voor die departe=
ment ekonomie - P.U. vir C.H.O.).
- WORLD BANK. 1970. World Bank Atlas, IBRD.